

**DIE VADER-SEUN-VERHOUDING BINNE 'N  
POSTKOLONIALE KONTEKS: *INDISCHE DUINEN* VAN  
ADRIAAN VAN DIS**

(THE RELATIONSHIP BETWEEN FATHER AND SON WITHIN A POST-  
COLONIAL CONTEXT: *INDISCHE DUINEN* BY ADRIAAN VAN DIS)

**Gijsbert Cornelis Dubbeld**

Ingedien ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad **Magister Artium**  
in die Program Afrikaans en Nederlands, Universiteit van KwaZulu-Natal, Durban.

Submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree **Master of Arts** in  
the Afrikaans and Nederlands Programme, University of KwaZulu-Natal, Durban.

Durban,

Desember / December 2004

**Studieleier/Supervisor: Dr. A.G. Visagie**

**ENGLISH ABSTRACT**

This study examines the relationship between father and son in the novel *Indische duinen* (1994, 2002) by Adriaan van Dis within the context of post-war and post-colonial Dutch society. It relates the process by which an adult son, 36 years after the death of his father, comes to terms with the memory of a man whom he has always seen as unreasonably strict, violent and even cruel.

During this process the son discovers the effects of colonialism, war, the Japanese occupation of the Dutch East Indies (subsequently Indonesia) and the process of rapid decolonisation and repatriation to the Netherlands upon his father. For the father the latter experiences amount to what Kaja Silverman (1992: 55) refers to as “historical trauma”. The experiences that shaped his father and influenced his behaviour towards his son are linked to what Paul Ricoeur (1992: 121) would refer to as the father’s “narrative identity” and his sense of masculinity (Connell, 1995: 77 – 81) which have both been marginalised within the “dominant fiction” (Silverman, 1992: 54) of the postcolonial society in which he has been forced to live.

As the son discovers the father through a process of retelling both his father’s story and the story of their relationship he is able to gain sense of understanding and closure.

Regarding issues of race and gender in Dutch colonialism and the trauma of post-colonial alienation this study draws upon the insights of E.M. Beekman (1988 and 1998), Frances Gouda (1998), Elsbeth Locher-Scholten (1995), Rob Nieuwenhuys (1982), Edy Serieese (1995), Ann Laura Stoler (1992, 1995 and 1997) and Peter van Zonneveld (1995, 2002 and 2003).

## OPSOMMING

Hierdie studie is 'n ondersoek na die verhouding tussen vader en seun in die roman *Indische duinen* (1994, 2002) deur Adriaan van Dis. Dit vertel die verhaal van 'n volwasse seun wat 36 jaar na die dood van sy vader probeer om hom te versoen met 'n vader wat voor sy elfde verjaarsdag dood is en hom as kind skynbaar onredelik streng, vernederend en selfs wreed behandel het.

Tydens hierdie proses ontdek die seun die uitwerking van kolonialisme, oorlog, die Japane besetting van Nederlands-Indië (later Indonesië) en die gevolge van die proses van dekolonisering en repatriasie op die vader. Vir die vader stem hierdie ervarings ooreen met wat Kaja Silverman (1992: 55) "historiese trauma" sou noem. Die ervarings van die vader, wat so 'n sterk neerslag in sy verhouding met sy seun vind, hou verband met dit wat Paul Ricoeur (1992: 121) sou beskryf as die vader se "narratiewe identiteit" en is nou verbonde met wat Connell (1995: 77 – 81) as sy besef van manlikheid sou beskryf. Sowel die vader se narratiewe identiteit as sy sin van manlikheid is gemarginaliseer binne die dominante fiksie (Silverman, 1992: 54) van die postkoloniale Nederland waarin hy moet leef.

Deur 'n proses van hervertelling ontdek die seun die verhaal van sy vader en kom hy tot 'n begrip van sy eie verhouding met sy vader. Dit stel hom in staat om hom uiteindelik met sy vader te versoen en finaal afskeid van hom te neem.


In hierdie studie het ek gebruik gemaak van die insigte van E.M. Beekman (1988 en 1998), Frances Gouda (1998), Elsbeth Locher-Scholten (1995), Rob Nieuwenhuys (1982), Edy Seriese (1995), Ann Laura Stoler (1992, 1995 en 1997) en Peter van Zonneveld (1995, 2002 en 2003) oor ras en gender binne die Nederlandse kolonialisme en die trauma van postkoloniale vervreemding.

**VERKLARING**

Hiermee verklaar ek dat hierdie studie, tensy spesifiek anders in die teks aangedui, my eie oorspronklike werk is en ook nie tevore aan enige ander universiteit voorgelê is ter verkryging van 'n graad nie.

**DECLARATION**

I hereby declare that this study, unless specifically stated otherwise within the text, is my own original work and has not previously been submitted in any form to any other university for the purpose of obtaining a degree.

Handtekening / Signature: 

Datum / Date: 24 / 05 / 2005

## ERKENNING

My opregte dank en waardering gaan aan die volgende persone en instansies:

- > My studieleier, Dr. Andries Visagie, vir al sy opbouende kritiek, raad, aanmoediging en ondersteuning.
- > My vrou, Catherine, vir haar opofferings, hulp en onmisbare steun en begrip.
- > My oudste seun, Bernard, vir die idee dat sy pa verder behoort te studeer.
- > Die inligtings- en interbiblioteekleningsafdelings by die E.G. Malherbe biblioteek, Universiteit van KwaZulu-Natal, vir al hulle hulp.
- > Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek vir 'n studiebeurs wat 'n ruimskootse bydrae gelewer het tot die onkoste verbonde aan my studie.
- > Die James Boswell Instituut aan die Universiteit van Utrecht wat aan my die geleentheid gebied het om vir drie weke 'n kursus by te woon ter verbetering van my kennis van die Nederlandse taal, kultuur en geskiedenis.
- > Die Van Ewijck-Stigting wat 'n groot deel van my reiskoste gedek het om bogenoemde kursus in Utrecht, Nederland, by te woon.
- > Prof. Johan Jacobs (Nagraadse Studies); Dr. Marijke du Toit (Geschiedenis) en Mnr. Vasu Reddy (Vergelykende Letterkunde, Afrikaans en Genderstudies) vir hulle raad met betrekking tot bronne oor postkolonialisme, ras en gender.
- > My drie ander kinders, Elizabeth, Jessica en Richard, vir hulle geduld en aanmoediging.

## INHOUDSOPGAWE

<b>Hoofstuk 1: Teoretiese Agtergrond</b>	1
1.1. Inleiding	1
1.2. Verklaring van sommige begrippe	2
1.3. Teoretiese perspektief	3
1.3.1. Manlikheid en vaderskap	3
1.3.2. Dominante fiksie en narratiewe identiteit	8
1.3.3. Hegemoniese manlikheid en narratiewe identiteit	12
1.3.4. Kolonialisme en postkolonialisme	15
<b>Hoofstuk 2: Die konteks van <i>Indische duinen</i></b>	16
2.1. Adriaan van Dis en Nederlands Indië	16
2.2. <i>Indische duinen</i> en die breër koloniale agtergrond	19
2.3. Die oorsprong van Westerse manlikheid en paternalisme	21
2.4. Protestantisme, kapitalisme, en die marginalisering van die vroulike	22
2.5. Koloniale rassisme en die demonisering van die vroulike	24
2.6. Manlikheid, vaderskap, en die verlies van die koloniale ryk	31
<b>Hoofstuk 3: 'n Seun se soektog na en ontdekking van sy vader</b>	35
3.1. Die verlore vader	35
3.2. Die pad na herontdekking van die vader	41
3.2.1. Die verteller se innerlike noodsaak om sy vader te herontdek	44
3.2.2. Die probleem van herontdekking	47
3.2.3. Die vader as medeslagoffer	48
<b>Hoofstuk 4: Just 2 as koloniale en post-koloniale man en vader</b>	50
4.1. Die vader se problematiese simboolvorming	50
4.2. Vaderskap, manlikheid en Nederlandse kolonialisme	52
4.3. Just 2 as patriargale manlikheidsfiguur	53

4.4. Die uitdrukking van Just 2 se manlikheid	54
4.4.1. Vreedsame bemagtiging	55
4.4.2. Geweld	60
4.5. Just 2 se manlike Westerse beskawingsideaal	62
4.6. Post-koloniale identiteit: aangepaste en nuwe simbole	63
4.7. Die magsfiguur in die gesin	65
4.8. Die gesin en die ontmagtigde vader	67
4.9. Die koue oorlog as wapen teen magteloosheid	68
<b>Hoofstuk 5: Die seun: die narratiewe proses, identifikasie en versoening</b>	<b>71</b>
5.1. Die seun se vertelling van die vader	71
5.2. Die herontdekking van 'n verlore identifikasie met die vader	73
5.3. Die finale vernedering van die seun deur die vader	77
5.4. Versoening en aanvaarding	83
<b>Hoofstuk 6: Samevatting en slot</b>	<b>85</b>
<b>Bronnelys</b>	<b>90</b>
<b>Notas</b>	<b>94</b>

## Hoofstuk 1

### Teoretiese Agtergrond

#### 1. 1. Inleiding

Hoe versoen 'n seun hom as volwassene met 'n vader wat voor sy elfde verjaarsdag dood is en hom as kind skynbaar onredelik streng en vernederend behandel het? Wat doen hy as ander sy vader se positiewe hoedanighede noem terwyl hy met weersin aan hom dink en hom liefs sou wou vergeet? Wat doen hy as, ten spyte van sy weersin, sy vader na meer as drie dekades 'n obsessie word? Die roman *Indische duinen* van Adriaan van Dis gaan oor 'n proses van herontdekking van 'n voorheen doelbewus vergete en gehate vaderfiguur.

Die verteller, kind van 'n vader gerepatrieer uit die voormalige Nederlands-Indië, verbind sy vader hoofsaaklik met heftige, soms uiters irrasionele en wrede, gedrag. Binne die gesin was hy, as enigste Nederlandsgebore kind, 'n buitestaander wat geen deel gehad het aan die ander se *Indische* ervaringe nie. In sy volwasse lewe het hy probeer om sy *Indische* vader en sy *Indische* familie te vergeet. Op enigiets wat hom aan sy vader en sy *Indische* gesin herinner reageer hy irrasioneel, heftig en selfs vyandig. Hierin is die verteller in *Indische duinen* in die 1990's in Nederland nie alleen nie: Elsbeth Locher-Scholten (1995:3) beweer dat enigiets rondom Nederlands-Indië/Indonesië “[...] zulke heftige emoties” uitlok dat daar duidelik ou wonde êrens binne hierdie gemeenskap en sy nakomelinge verborge lê, en dat die irrasionele reaksies van die betrokke individue waarskynlik in verband staan met hulle “pynlike ervaringe uit het verleden”.

Die dood van van die verteller se middelste halfsuster, Ada, bring die herinneringe aan sy vader terug. Hy ondergaan 'n proses van herontdekking waarin dit duidelik word dat die gedrag van die vader nie bloot 'n geval van doelbewuste onredelikheid, strengheid en vernedering was nie. Naas die dinamiek van die gesin waarin die seun grootword, is daar ook sprake van die houding van die omringende gemeenskap en die uiters pynlike ervaringe van die vader, sowel in die koloniale gesin waarin hy grootgeword het, as in die koloniale leër en die Japanse krygsgevangenekampe. Verder speel die werklikheid van die koue oorlog gedurende die vyftigerjare van die twintigste eeu ook 'n rol. Die verhouding tussen vader en seun kan nie los gesien word



van die politieke en sosiale omstandighede, agtergrond en norme van die gemeenskap nie. Dit is my bedoeling om na die verhouding tussen die vader en seun te kyk binne die sielkundige en sosiopolitieke raamwerk gevorm deur westerse manlikheidsopvattinge en die waardes verteenwoordig deur die Nederlandse koloniale en postkoloniale samelewing.

## 1.2. Verklaring van sommige begrippe

Terme soos *Indisch* of *Indische*; *Totok*; *Indo* (en daarmee *Indovrou* of *Indoman*) en *Inlander* is in algemene gebruik binne die raamwerk van die Nederlandse koloniale en postkoloniale konteks. Enige duidelikheid oor die algemeen aanvaarde betekenis en my eie gebruik van hierdie terme is dus noodsaaklik.

Volgens Ann Laura Stoler (1997: 227) verwys die term *Indisch* in die eerste plek na diegene van gemengde en later ook blanke afkoms wat hulle, afgesien van ras, by die voormalige Nederlands-Indië aangepas het en 'n ooreenstemmende lewenstyl aanvaar het. *Indische mense* word enersyds onderskei van diegene onder die sogenaamde *Europeane* wat hulle nie by die koloniale lewenstyl kon of wou aanpas nie (die sogenaamde *totoks*) en andersyds van die *inlanders*, dit wil sê, die inheemse bevolking wie se lojaliteit óf by hulle plaaslike gemeenskap en/óf by 'n ontluikende onafhanklike Indonesië gelê het. *Indisch* verwys deurgaans nie na die suiwer *inheemse* bevolking nie. *Indisch* word soms neerhalend deur rassistiese Nederlanders en repatriante gebruik om te verwys na diegene wie se “suiwer Nederlandsheid” betwyfel word op grond van afkoms en/of kulturele gebruike.

In teenstelling met die effens vae betekenis van *Indisch* wat dikwels ook blankes met 'n koloniale lewenstyl insluit, is die terme *Indo* (afkorting van *Indo-europeaan*) en *totok* meer spesifiek. *Indo* of *Indo-europeaan* verwys altyd na iemand van biologies-gemengde afkoms (Abeling, 1991: 350).

Die woord *totok* is oorspronklik die plaaslike woord vir “blanke”. Algemeen gesproke was *totoks* diegene wat woonagtig in die kolonie maar in Nederland gebore en getoë was. Hulle word onderskei van die *Indischen* deur die doelbewuste afstand wat hulle bewaar het van die kolonie en sy bevolking. Edy Seriese (1995: 53) verdeel hulle in *vertrekkers*, wie se verblyf in Nederlands-Indië inderdaad bloot tydelik was, en

*blijvers*, wat teen wil en dank min of meer permanent in die kolonie gebly het en wat dikwels met verloop van tyd *Indisch* geword het. *Totok* word soms neerhalend gebruik om 'n buitestaander aan te dui wat nie werklik tuishoort onder ware *Indische* mense nie.

Die term *Indisch* is dus nie 'n rasseklassifikasie nie: *Indischen* was tweede of later generasie *blijvers*, dikwels getroud met, of self van, gemengde afkoms (*Indo's* of *Indo-Europeane*) en deurgaans lojaal teenoor Nederland as koloniale moonheid. Die amptelike klassifikasie as *Europeaan* of *Nederlander* het nie konsekwent by hierdie groepsindeling ingeskakel nie. Onder bepaalde omstandighede is ook sekere *Indo's* as *Europeaan* geklassifiseer en die klassifikasie as *Nederlander* is dikwels selfs nog wyer toegepas. Na onafhanklikheid is die reg tot repatriasie na Nederland, naas diegene wat as Nederlanders of *Indischen* beskou is, ook aan sekere *inlanders* (soos die *Ambonese*) en hulle families toegeken wie se mans lojale amptenare of lede van die Koninklijk Nederlandsch-Indisch Leger (KNIL) was. In die postkoloniale tydperk in Nederland word die term *Indisch* in sy neutrale vorm dikwels gebruik om te verwys na diegene vir wie, afgesien van groepsverband, Nederlands-Indië 'n herinnerde, dikwels nostalgiese, werklikheid gebly het.

### 1.3. Teoretiese perspektief

#### 1.3.1. Manlikheid en vaderskap

Volgens Visagie (2001: 141) is dit moeilik om oor die verband tussen gesinsverhoudinge (veral vader-seunverhoudinge) en politieke en sosiale faktore te teoretiseer sonder om te verwys na aspekte van Freud se psigoanalise en die teorie van ideologie. Volgens Freud (1991: 221-225 en 315-322) is die bron van 'n persoon se sin van sy of haar afsonderlike identiteit te vinde in die konflik van die jong kind tussen die bevrediging ervaar uit totale afhanklikheid van, en verbondenheid en identifikasie met, die moeder (wat hom/haar voed, versorg en alle behoeftes bevredig), en die eise wat die vader aan die moeder (en indirek aan die kind) stel wat hierdie volgehoue bevrediging van die kind se behoeftes bedreig. Die ongelyke kompetisie tussen vader en kind om die aandag van die moeder lei by die kind tot 'n besef dat hy of sy nie 'n eenheid met die moeder vorm nie en magteloos staan teenoor die eise van buite (in hierdie geval die vader). By 'n seun word hierdie besef van magteloosheid, soms

gekarakteriseer as kastrasie-angs, opgelos deur sy identifikasie met die vader en deur te leer om sy verlange na onmiddellike bevrediging uit te stel weens die vooruitsig dat hy net so sterk, magtig en invloedryk as die vader kan word mits hy voldoen aan die eise gestel deur die vader. Op dié manier word die drang tot onmiddellike selfsugtige bevrediging van behoeftes en drange onderdruk en ontstaan daar 'n onderliggende morele sin van wat toelaatbaar en ontoelaatbaar is (die sogenaamde “superego”). Dit impliseer dat 'n afwesige of skynbaar magtelose vaderfiguur probleme vir die kind se ontwikkeling van 'n sin van die eie en van 'n onderliggende morele orde kan beteken. In hierdie studie sal ek aantoon hoe, in *Indische duinen*, die seun se probleme tot 'n groot mate verband hou met die versteuring van sy identifikasie met sy vader.

Volgens Philippe van Haute, soos bespreek deur Visagie (2001:141), brei Freud hierdie teorie in sy boek, *Totem and Taboo*, uit om die opkoms van gemeenskapsstrukture en -reëls te verklaar. Aansluitend by sy teorie oor die oorsprong van 'n manlike identiteit stel hy die mite van die patriargale oerhorde waarin die seuns van 'n oervader gewikkel is in 'n stryd om die bevrediging van hulle liggaamlike behoeftes en 'n verlange na bemagtiging binne die groep wat deur die dominante vaderfiguur oorheers word. Hierdie stryd lei tot drastiese optrede:

[...], the brothers within this horde collectively killed and devoured their father, [...] the one individual standing in the way of their sexual aspirations and claims to power. (Freud/Van Haute soos aangehaal deur Visagie, 2001: 141)

Die teorie lui verder dat die doodmaak en eet van die vader voldoen aan die eise van die broers se haat en tot hulle bemagtigende identifikasie met die vader lei. Na die daad onthou hulle die liefdevolle en versorgende sy van hulle vader en word deur skuldgevoel oorweldig. Van Haute (Visagie, 2001 :141, 142) wys daarop dat die reëls wat maatskaplike organisasie reguleer, ontstaan wanneer die skuldigvoelende seuns uit toegeneentheid hulle vader begin herdenk en tot die aanvaarding kom dat hulle ander in aanmerking moet neem in hulle strewe na absolute mag. Die superego, as etiese komponent van die persoonlikheid en die breër gemeenskap wat verhoudinge binne gemeenskappe reguleer, word geïnternaliseer deur identifikasie met magsfigure soos ouers, meer bepaald 'n simbolies gestorwe vaderfiguur, wat die wet verteenwoordig. Op hierdie manier word dit deel van die algemene geïnternaliseerde etiese sin van die gemeenskap (in dié geval die seuns). Kaufman (1987: 10) stel dit as volg:

The human's answer to [...] powerlessness and to the desire to find pleasure is to develop an ego and a superego, that is, a distinct self and an internal mechanism of authority. An important part of this process of ego development is the identification with the objects of love. Progressively both sexes discover and are taught who the appropriate figures of identification are. But the figures of identification are not equal.

Tradisioneel, alhoewel daar omstandighede kan wees waar dit nie so is nie, is die moeder die seun se eerste identifikasiefiguur. Soos hierbo genoem word hierdie identifkasië bedreig deur die vaderfiguur. Omdat hy egter, soos sy vader, potensieel 'n man is, is daar vir hom 'n uitweg:

Society presents the young boy with a great escape. He may feel powerless as a child, but there is hope, for as an adult male he will have privilege and (at least in the child's imagination) he will have power. A strong identification – that is, an incorporation into his developing self – of his image of his father in particular and male figures in general is his compensation for his own sense of powerlessness and insecurity. (Kaufman, 1987: 10,11)

Dit is duidelik dat hier probleme kan opduik wat voortspruit uit die aard, posisie, karakter en omstandighede van die vaderfiguur en die ander manlike figure met wie die seun hom identifiseer. In my ondersoek wil ek aantoon dat daar in *Indische duinen* by sowel die verteller (die seun) as die vader probleme opgeduik het by albei se vermoë om met hulle vaders en ander manlike figure te identifiseer.

In navolging van Rutherford (1992: 87, 88), McClintock (1995: 85-95) en Segal (1990: 84) wil ek beweer dat psigoanalitiese teorieë nie as rigiede onveranderlike patrone gesien moet word nie. Die jaloesie van die kind teenoor die vader en die “mite van die oerhorde” is nie outomaties en essensieel deel van die “wese” van die mens nie, hulle is deel van die sosiale en politieke omstandighede waarbinne die prosesse van ego- en superegovorming plaasvind. Die bestaan van 'n “kollektiewe bewussyn” en 'n “mite van die oerhorde” is nie gebaseer op objektiewe historiese feite of essensialistiese innerlike waarhede nie. Die ontwikkeling van die kind kan nie buite die maatskaplike konteks waarin hy of sy gebore word, gesien word nie. Anne McClintock (1995: 93) wys daarop dat “Oedipal theory [...] elides the fact that family households are, above all, historically variant social structures” en dat Freud self die feit geïgnoreer het dat in die soort laat negentiende-eeuse middelklasgesinne waarmee hy gewerk het “[...] the boy's earliest identification” dikwels met 'n vroulike kinderoppasser uit die werkersklas en nie met die biologiese moeder was nie. Hierdie



kinderoppasser se dikwels uiters intieme rol het totaal verskil van dié van sy biologiese moeder. So 'n seun sou hom moet “individuate [...] from two women, in very different ways” (McClintock, 1995: 94, 95). Hierdie twee vorme van individuasie sou sterk beïnvloed word deur die verskille tussen die huishoudelike rolle en posisies en die klas en/of ras van die vroue. In *Indische duinen* vind ons 'n moeder wat deur omstandighede nie ten volle versorgend kan optree nie met die gevolg dat die vader en die twee ouer susters gedeeltelik die intieme versorgings- en opvoedingsrol op hulle neem. Die patroon van individuasie in *Indische duinen* is dus kompleks as die konvensionele Freudiaanse patroon.

In navolging van Louis Althusser, wat die teorieë van Marx en Freud herinterpreteer in terme van die strukturalistiese antropologie en die strukturalistiese linguïstiek van Lévi-Strauss, het Jacques Lacan Freud se teorieë losgemaak van 'n sogenaamde innerlike waarheid. Volgens Jonathan Rutherford (1992:29) het sowel Althusser as Lacan geredeneer dat:

[...] the subject is constituted in language, reversing the common idea that language and hence meaning derive from some inner realm of being.

Volgens Lynne Segal (1990: 84) herinterpreteer Lacan Freud deur enige vorm van biologiese determinisme in die studie van die menslike bewussyn te verwerp. Lacan wou aantoon hoe subjektiwiteit (die mens se ervaring van homself as aparte individu) gevorm word deur sy integrasie in die simboliese orde van die taal. Lacan soek 'n verklaring van presies hoe die mens as subjek, met sy hele komplekse stelsel van betekenis en voorstellings, in en deur die taal gekonstrueer word. Menslike subjektiwiteit en menslike genderidentiteit ontwikkel, volgens Lacan, gelyktydig soos die kind deel word van die wêreld van die taal: die simboliese orde. Ook hier moet daar teen verabsoluttering gewaak word. Volgens McClintock (1995: 195, 196) is daar by Lacan die neiging om bepaalde simbole en konsepte veral met betrekking tot die sogenaamde essensie of aard van manlikheid of vroulikheid te verabsoluteer. Die taal en sy simbole bly die produk van die maatskaplike orde en kan nie onafhanklik gesien word van sosiale, ekonomiese en politieke faktore nie. In hoofstuk twee sal ek probeer aantoon dat bepaalde vorme van rassisme, gesinsverhoudinge, manlikheid, die rol van die vrou en die spanninge tussen vader en seuns, hulle oorsprong het in 'n bepaalde konsep van manlikheid en vaderskap wat sy oorsprong in die Renaissance, die Godsdiensreformasie en die ontstaan van handelskapitalisme en -kolonialisme het.

Historiese ontwikkelinge en kulturele konstruksies het implikasies vir gesinsverhoudinge en veral manlike mag en invloed. Hulle omskep biologiese en fisiese eienskappe soos velkleur en die aan- of afwesigheid van fisiese kenmerke tot magsinstrumente. In die geval van genderrolle word die aanwesigheid van die uiters sensitiewe en kwesbare uiterlike geslagsorgane van die man simbolies omvorm tot die fallus as simbool van manlike dominasie, invloed en mag. As gevolg van hierdie identifikasie is dit dan ook nie verbasend dat die gevaar van manlike magsverlies as “kastrasie-angs” beskou word nie. (Freud, 1991: 317-318)

Rutherford (1992:95) noem die bydrae van Melanie Klein tot die begrip van simboolvorming. Hiervolgens is simboolvorming nie net beperk tot die kind se gesinsverhoudinge nie. Volgens Klein begin die individu vanaf die vroegste stadium van sy ontwikkeling na simbole soek om verligting te vind van pynlike ervarings. Sulke pynlike ervarings is meer as net die proses van losmaking van die moederfiguur. Vir Klein is simboolvorming ’n besweringsmeganisme teen angs en magteloosheid waarmee die mens gekonfronteer word. Dit is dus nie vergesog om af te lei dat wanneer persone besonder traumatiese gebeurtenisse ervaar (soos die geval is met die gesin en veral die vaderfiguur in *Indische duinen*) daar, naas regressie en ontkenning, ook komplekse vorme van simboolvorming plaasvind nie. Omdat simboolvorming nooit alle situasies van angs en magteloosheid in ’n mens se lewe permanent en finaal kan besweer nie, bestaan die lewe volgens Klein uit ’n voortdurende proses van aanpassing van bestaande simbole en die vorming van nuwes. Waar taal of omstandighede ontoereikend vir nuwe simboolvorming is, kan daar ook regressie plaasvind. Regressie impliseer hier ’n terugbeweeg na ’n vroeëre psigologiese ontwikkelings stadium. (Ek sal in hoofstukke drie en vyf aantoon hoe die seun aan die einde van *Nathan Sid* en op ’n bepaalde stadium in *Indische duinen* terugkeer tot die beskerming van die moeder, weg van ’n onaanvaarbare identifikasie met die vader).

Samevattend kan daar dus gesê word dat die mens se sin van sy eie identiteit, sy selfbewussyn, en sy verhouding teenoor ander nie ’n voorafbepaalde essensiële eienskap is nie. Selfs al kom hierdie identiteit op ’n vroeë ouderdom tot stand, is dit voortdurend onderhewig aan aanpassing en verandering. Identiteit is die resultaat van ’n sameloop van prosesse en omstandighede wat hulle neerslag vind in die taal: die betekenis en emosionele en etiese waardes gedra deur die woorde waarmee ’n

persoon sy of haar verhouding met ander persone en objekte definieer. Die identiteit wat op dié manier gevorm word, en die gepaardgaande verhoudings, kom nie voort uit 'n bewuste stel besluite binne 'n bepaalde situasie nie: die mens word gekonfronteer met situasies en ervarings sowel as bepaalde taalgebruiksvorme en taalsituasies waaroor hy of sy geen beheer het nie. Die Freudiaanse onderbewussyn en die superego is nooit 'n verseëelde, finaal bepaalde heiligdom nie. Dit word gevorm deur die manier waarop die gemeenskap, en uiteindelik die persoon self, die taal gebruik om situasies en omstandighede te besweer. Die betekenis- en gevoelswaarde van simbole en taaluitinge waaraan die individu binne die gesin en die gemeenskap blootgestel word, staan sentraal. Wat egter vir die mens se sin van identiteit (van sy eie self) van belang is, is die verhaal wat hy (of sy) oor homself kan vertel en hoe hy hierdeur 'n identiteit vir homself binne die gemeenskap kan verkry.

### **1.3.2. Dominante fiksie en narratiewe identiteit**

Dit gaan dus om die verhaal wat 'n persoon oor homself vertel en waaruit sy sin van identiteit kom. So 'n verhaal bestaan nie in 'n vakuum nie: volgens Kaja Silverman (1992: 54) het elke gemeenskap 'n "dominant fiction", 'n verhaal waardeur die bestaande maatskaplike orde aan die individu die geleentheid bied om homself deel te maak van die totale simboliese orde. Hierdie dominante fiksie bied aan die individu 'n veilige, bemagtigende posisie binne die gemeenskap en help die gemeenskap om homself te handhaaf. Die veilige en bemagtigende rol wat hierdie dominante fiksie vir die individu skep, die sin wat dit aan sy lewe gee, beteken dat 'n persoon uit sy pad sal gaan om dit te bewaar en te beskerm. Die voorwaarde daaraan verbode is dat die persoon binne die verhaal wat hy of sy oor homself vertel, sy identiteit, 'n rol binne die dominante fiksie kan vind. Hierdeur kan 'n groot deel van die pyn en verlies waaroor Melanie Klein skryf, besweer word en simboliese betekenis daaraan gegee word. Hierdie proses van beswering omvat 'n proses van persoonlike identifikasie met en opgaan in die dominante fiksie waardeur dit verbind kan word met Paul Ricoeur se idee van 'n narratiewe identiteit.

In sy studie, "Personal Identity and Narrative Identity" in *Oneself as Another* (1992: 121) verklaar Paul Ricoeur dat 'n persoon se identiteit, naas aangeleerde handeling of

gewoontes (“*habit*”), uit ’n stel verworwe identifikasies (*acquired identifications*) bestaan waaruit die sin van “self”, van identiteit, verkry word:

the identity of a person or a community is made up of [...] identifications with values, norms, ideals, models, and heroes, *in* which the person or the community recognizes itself. (Ricoeur, 1992: 121)

Spesifieke vertelde waardes, norme, ideale en identifikasies met bepaalde heldefigure word in so ’n mate geabsorbeer dat dit deel word van die vertelde identiteit van ’n persoon. Die proses om deur vertelling (Ricoeur, 1990: 158) die wêreld te ontdek (“discover”) en te verdig (“invent”) lei dus tot die vertelde en verdigte beeld waaraan ’n persoon hom- of haarself herken. Deur hierdie identifikasie, verdigting en vertelling word dit wat oorspronklik by die kind die vreemde Ander was, deel van die essensiële eie. Die geïnternaliseerde verdigte vertelde selfbeeld gee aan die persoon ’n sin van wie of wat hy is. Op sy beurt lei dit dan ook tot identifikasie met persone en groepe met ’n soortgelyke of verwante verdigte selfbeeld en tot die neiging om diegene wat nie ’n soortgelyke selfbeeld deel nie as die vreemde, selfs dreigende en vyandige, Ander te sien. Vir die vader in *Indische duinen* is ’n groot deel van die na-oorlogse Nederland deel van hierdie dreigende Ander.

Dit is die gesin en die omgewing waarin die persoon grootword wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die internalisering van ’n bepaalde identiteit deur hierdie proses van identifikasie en individuasie. Die individuele geïnternaliseerde identiteit van ’n persoon maak sy identifikasie met persone of groepe met soortgelyke waardes, norme en ideale moontlik. Die waardes van ’n individu is essensieel en onlosmaaklik deel van die self en stel hom in staat om soortgenote te herken en te onderskei van die vreemde Ander. Verder is hierdie verhaal, hierdie verdigte identiteit, die bron van die individu se sin van die betekenis van die lewe. Hierdie sin van identifikasie en betekenis kan so sterk wees dat dit soms tot uifers onselfsugtige optrede kan lei en dit selfs moontlik maak dat die fisiese voorwaardes tot oorlewing ondergeskik gestel word aan die verdigte en vertelde identiteit. Ter wille van die waardes en norme waaraan ’n persoon homself as individu en as lid van ’n gemeenskap herken, kan ’n persoon geweldig baie opoffer, verduur, en in uiterste gevalle sy individuele voortbestaan prysgee ter wille van dit (in die vorm van ’n land, ’n organisasie, instelling, party, groep of ander persoon) wat die norme, waardes en ideale, en dus sy identiteit, beliggaam. Die oorspronklike Ander (die ekwiwalent van die bedreigende vader by



Freud) word dus oor die algemeen onlosmaaklik deel van die eie. Die proses vind uiteindelik in twee rigtings plaas: Verhale en hulle gepaardgaande waardes word geabsorbeer en vestig die persoonlike identiteit van 'n persoon; sodra die identiteit gevestig is, word dit nodig om hierdie identiteit, die sin van die eie, te handhaaf deur die ontwikkeling van 'n sin van lojaliteit teenoor die verhale, waardes en persone en/of groepe wat grondliggend is aan hierdie identiteit:

Recognizing oneself *in* contributes to recognizing oneself *by*. The identification with heroic figures clearly displays this otherness assumed as one's own, but this is already latent in the identification with values which make us place a "cause" above our own survival. An element of loyalty is thus incorporated into character and makes it turn towards fidelity, hence toward maintaining the self. (Ricoeur. 1992: 121)

Soos ek in hoofstuk twee en drie sal aantoon is daar by die vaderfiguur in *Indische duinen* sprake van 'n uitgesproke sin van identifikasie met en lojaliteit teenoor 'n bepaalde Nederlandse koloniaal-manlike identiteit.

Die identifikasie met die oorspronklike Ander kan die vorm aanneem van, na analogie van die oorspronklike identifikasie met die vaderfiguur, identifikasie met een of meer groter eenhede soos 'n plaaslike of wyer gemeenskap, 'n etniese, gods-dienstige, taal- of kultuurgroep, 'n volk, 'n sosiale en/of ekonomiese klas of 'n taalgemeenskap. Onvermydelik lei dit daartoe dat ander gemeenskappe; etniese, godsdienstige en kultuurgroepe; volke; klasse- en taalgroepe as die Ander gesien word en dikwels in hoogs negatiewe terme gedefinieer word. Tradisioneel word hierdie sin van identifikasie, hierdie dominante fiksie, onbewus binne die gesin, en binne die konteks van die gemeenskap wat hierdie dominante fiksie deel, aan kinders oorgedra.

Die krag van 'n dominante fiksie word dikwels ondermyn deur historiese gebeurtenisse soos oorloë, rewolusies, rampe, ensovoorts. Dit lei volgens Silverman (1992: 55) tot historiese trauma waardeur 'n groot aantal persone simbolies ontmagtig word. Daar ontstaan dus 'n breuk tussen die persoonlike narratiewe identiteit en die opkoms van 'n nuwe dominante fiksie. In die geval van *Indische duinen* kom die botsende manlikheids- en vaderskapkonsepte en gepaardgaande houdings teenoor diegene wat as die Ander gesien word uit 'n komplekse reeks gewese en bestaande dominante fiksies wat teruggevoer kan word tot die ontstaan van Nederland as handelsmoondheid in die laat sestiende en sewentiende eeue, die aanpassings tydens sy oorgang na 'n volwaardige koloniale moondheid gedurende die verloop van die

negentiende en vroeë twintigste eeu, en uiteindelik die trauma van die verlies van sy kolonies in die middel van die twintigste eeu. Wat ons in die vaderfiguur in *Indische duinen* vind, is 'n persoon wie se eie narratiewe identiteit opgebou is uit gewese dominante fiksies oor Nederlandsheid; status in koloniale, militêre en klassterme; en gedeeltelik uitgediende Westerse hegemonese beskawingsopvattinge wat as óf alreeds ondermyn óf as onder druk ervaar word. Die drang by die vader om te sorg dat daar nog iets hiervan by sy seun agterbly, is oorweldigend.

Ook in die geval van landverhuising of immigrasie (soos in *Indische duinen*) is daar dikwels<sup>1</sup> sprake van enorme verskille tussen die narratiewe identiteit van die migrant en die dominante fiksie van die omringende gemeenskap. In so 'n geval word die omringende gemeenskap dikwels tot mindere of meerdere mate deur die migrante-ouers as die dreigende Ander ervaar en wend ouers onder sulke omstandighede 'n sterk bewuste poging aan om hulle eie tradisionele bemagtigende narratiewe identiteit, wat verskil van die dominante fiksie van die omringende gemeenskap, bewustelik sterk aan die kinders oor te dra. By so 'n kind kan dit lei tot problematiese identiteitsvorming aangesien die kind aanvanklik sterk beïnvloed word om die ouers se narratiewe identiteit te internaliseer terwyl daar op skool en in die buitewêreld van hom verwag word om hom by die dominante fiksie van die omringende gemeenskap aan te pas. Soos ek later sal aantoon, is daar ook by die verteller in *Indische duinen* sprake van problematiese identiteitsvorming as gevolg van die botsende eise tussen die narratiewe identiteit van die vader en die dominante fiksie van die omgewing.

Weens die oorweldigende betekenis wat uit die sin van identiteit (in die geval van *Indische duinen* die identiteit van beskawende koloniale manlikheid) verkry word, is daar onder omstandighede van vervreemding (in hierdie geval die resultaat van 'n kombinasie van oorlog, landverhuising en dekolonisering) dikwels 'n gevoel dat dit noodsaaklik is om die betekenisvolle maar uiters bedreigde identifikasie ten alle koste te beskerm en aan die nageslag oor te dra. Die waardevolle persoonlike narratiewe identiteit, vol betekenis en onvervangbare waardes, dreig om verlore te gaan omdat die breë hegemonese aard daarvan verlore gegaan het. Die Ander word onder sulke omstandighede 'n besondere sterk bedreiging vir die narratiewe identiteit van 'n individu soos die vaderfiguur in *Indische duinen*. Om dít wat vir hom so uiters waardevol is, te probeer red, kan so 'n persoon homself as eensame verdediger van die

beskawing begin sien. Omdat hierdie beskaafde identiteit in *Indische duinen* in terme van 'n spesifieke soort koloniale, militaristiese manlikheid gesien word, moet dit ook deur manlike aktiwiteite soos paraatheid, weerbaarheid en stryd gehandhaaf en verdedig word. Die beeld van 'n stryder of soldaat self, met sy bereidwilligheid om die narratiewe identiteit met geweld te verdedig, word belangrik en moet dan ook, tesame met die bedreigde gewese dominante fiksie, aan die volgende geslag oorgedra word.

Die proses van identifikasie met 'n groep vind ook in 'n teenoorgestelde rigting plaas. Dit is nie net die individu wat die groep as sy eie leer identifiseer nie. Die groep self identifiseer 'n persoon wie se persoonlike narratiewe identiteit ooreenstem met die dominante fiksie as iemand wat by die groep tuishoort. Hoe groter die ooreenstemming tussen iemand se persoonlike narratiewe identiteit en die dominante fiksie hoe groter die kans op aanvaarding. Vlakke van aanvaarding wissel van algehele opname in die dominante groep; voorwaardelike aanvaarding waardeur 'n individu uit 'n minderheidsgroep opgeneem word op voorwaarde dat hy of sy saamwerk; aanvaarding as ondergeskikte waardeur die persoon deur die dominante groep verdra word ten spyte van verskille, mits hy of sy bereid is om 'n nuttige rol te vervul; tot marginalisering waardeur die individu se aanwesigheid al dan nie verdra word sonder om deur die dominante groep aanvaar te word maar waar daar van so 'n individu verwag word om oor sy of haar narratiewe identiteit te swyg. Hierdie vlakke van aanvaarding stem ongeveer ooreen met dit wat Connell (1995: 77-81) in terme van manlikheid as hegemonies (*hegemonic*); ondergeskik (*subordinate*); medepligtig (*complicit*) en gemarginaliseerd (*marginalized*) sou beskryf. Connell wys daarop dat hierdie kategorieë gesien moet word binne die konteks van die oorweldigende dominante posisie van Westerse manlikheidsbegrippe waaroor ek in hoofstuk twee meer sal sê binne die konteks van die invloed van die Nederlandse kolonialisme op die konsepte van vaderskap in *Indische duinen*.

### 1.3.3. Hegemoniese manlikheid en narratiewe identiteit

Die bestaan van 'n dominante fiksie en historiese trauma hou verband met die bestaan van 'n stel waardes wat as *hegemonies* beskou kan word. Soos ons later sal sien, word die gebeure in *Indische duinen* sterk bepaal deur botsende opvattinge oor manlikheid: die vader konfronteer die seun omdat die seun nie, in sy terme, manlik genoeg is nie.

Op sy beurt verlang die seun daarna om op sy eie voorwaardes deur sowel sy vader as die dorpelinge as “man” aanvaar te word. Die konflik tussen die vader en die seun kom gedeeltelik voort uit die botsing tussen ’n uitgediende koloniaal-hegemoniese manlikheid wat onlosmaaklik verbind is met die narratiewe identiteit van die vader en die naoorlogse hegemoniese manlikheid van die Nederland deur Righart (1995:79) beskryf as ’n atmosfeer van “zuinigheid, tucht en hard werken”, waarbinne die seun grootword en waarin sowel die vader as die seun moet leef.

Roger Scruton (1996: 232) wys op die betekenis wat Gramsci aan die term *hegemonie* gee. Vir Gramsci impliseer hegemonie die situasie waar ’n oorheersende klas of groep nie net ekonomies dominant is nie, maar ook sosiaal, kultureel, polities en ideologies ’n oorheersende rol vervul. Hierdie omvattende hegemoniese rol beïnvloed die wêreldbeeld van ondergeskikte klasse of groepe in so ’n mate dat hulle die waardes van die oorheersende groep tot hulle eie maak en die beeld, wat die oorheersende groep gebruik om sy dominansie te regverdig, as hul eie aanvaar en tot norm verhef. Op hierdie manier werk hulle dan vrywillig saam aan die instandhouding van die oorheersende rol van die dominante groep en aanvaar en bevorder hulle soms selfs die ondergeskikte aard van hulle eie posisie. Connell (1995: 77) verbind Gramsci se konsep met sy eie opvattinge oor manlikheid en definieer hegemoniese manlikheid as:

the configuration of gender practice which embodies the currently accepted answer to the legitimacy of patriarchy which guarantees (or is taken to guarantee) the dominant position of men and the subordination of women.

Hegemoniese manlikheid kom voor waar daar ’n bepaalde ooreenstemming bestaan tussen die kulturele ideale van die gemeenskap en gevestigde magstrukture:

hegemony is likely to be established only if there is some correspondence between cultural ideal and institutional power, collective if not individual. So the top levels of business, the military and government provide a fairly convincing *corporate* display of masculinity.

Die implikasie hiervan is dat ’n suksesvolle hegemoniese struktuur, en veral ook ’n suksesvolle hegemoniese manlikheid, homself selde tot geweld hoef te wend om sy outoriteit af te dwing. Die outoriteit word as vanselfsprekend aanvaar:

It is the successful claim to authority, more than direct violence, that is the mark of hegemony (though violence often underpins or supports authority).



Waar die krag van 'n dominante fiksie deur historiese gebeurtenisse ondermyn word in wat Kaja Silverman (1992: 55) historiese trauma noem, word die hegemonese aard van die sisteem egter aangetas. Bepaalde waardes, stelsels, strukture en opvattinge is nie meer vanselfsprekend nie. Ondergeskikte groepe wat voorheen hulle posisie as onveranderlik aanvaar het, word bewus van die moontlikhede wat alternatiewe waardes, vorme en denkwyses hulle bied. Vir diegene wat voorheen hulle sin van identiteit, geborgenheid en bemagtiging uit die ou hegemonese stelsel geput het, is hierdie simboliese ontmagtiging besonder problematies. By hulle, en ook in 'n mate by die voorheen ondergeskiktes, ontstaan daar 'n breuk tussen die persoonlike narratiewe identiteit en die opkoms van 'n nuwe dominante fiksie.

Connell (1995: 77-88) wys daarop dat hegemonese manlikheid 'n toepaslike aanvaarde tydsgebonde strategie behels. Sodra omstandighede wat die patriargale struktuur ondersteun, verander, word die basis waarop 'n bepaalde vorm van manlikheid steun, ondermyn. Nuwe vorme, strukture en groepe daag bestaande hegemonese strukture uit en lei tot die vestiging van 'n nuwe hegemonie. Hegemonie, en hegemonese manlikheid is dus histories veranderlik.

I stress that hegemonic masculinity embodies a 'currently accepted' strategy. When conditions for the defence of patriarchy change, the bases of dominance of a particular masculinity are eroded. New groups may challenge old solutions and construct a new hegemony [...]. Hegemony, then, is a historically mobile relation. Its ebb and flow is a key element of the picture of masculinity (Connell, 1995:77-78).

Hegemonie is van toepassing op die hele gemeenskap. Waar 'n betekenisvolle gedeelte van die gemeenskap bepaalde strukture nie meer aanvaar nie, word die outoriteit van sulke strukture ondermyn. Die verlies aan outoriteit wat voorkom uit die verlies aan hegemonie ondermyn verder die posisie van diegene wie se persoonlike narratiewe identiteit nou geskakel het met die magstrukture wat deur die uitgediende hegemonese waardes ondersteun is. Op hierdie stadium tree daar van alle kante vervreemding in, sowel by die diegene wat vroeër ondergeskik was as diegene wie se persoonlike narratiewe identiteit op die voortbestaan van die ou hegemonese waardestelsel gesteun het. Die gevolg is dat daar sowel konfrontasie as frustrasie intree wat die weg open tot moontlike geweld.

Binne Nederland van die 1950's is die vaderfiguur in *Indische duinen*, Just 2, (Just 1 was die moeder se eerste man) se koloniale waardes nie meer hegemonies nie. Manlike hegemonie in Nederland het homself aangepas by nuwe omstandighede en sy Nederlands-koloniale karakter verloor. As verteenwoordiger van die koloniale waardestelsel het Just 2 minstens gedeeltelik sy aanspraak op outoriteit verloor en sy manlikheid kan dus as gemarginaliseerd beskou word (Connell 1995: 80-81). Gemarginaliseerde manlikheid is afhanklik van die goedkeuring en/of verdraagsaamheid van diegene wie se waardes in ooreenstemming is met die dominante hegemoniese manlikheid. Sonder sulke goedkeuring of verdraagsaamheid is daar slegs die keuse tussen die onderdrukking van eie gevoelens en gewelddadige reaksie. Connell (1995: 80) noem dat die afkeurende houding teenoor die gemarginaliseerde manlikheid van swart werkloses in die VSA deur die verteenwoordigers van die hegemoniese blanke middelklas-manlikheid waarskynlik verantwoordelik is vir die hoë vlak van geweld onder swart werkloses in die VSA. Just 2 reageer gedeeltelik deur na buite sy eie koloniale manlikheid te onderdruk deur sy oorlogservaringe te projekteer op die Duitse besetting van Nederland en die bedreiging van die kommunisme. Binne die gesin probeer hy so hard moontlik om sy koloniale manlikheid te handhaaf, maar waar dit nie slaag nie vind dit uitdrukking in sy gewelddadige optrede teenoor sy gesinslede.

#### 1.3.4. Kolonialisme en postkolonialisme

Die seun/verteller in *Indische duinen* word groot in 'n postkoloniale Nederland met 'n nuwe stel hegemoniese opvattinge. Die identiteit van die vader is onlosmaaklik verbind met die ou koloniaal-hegemoniese manlikheidsopvattinge. Die onverwagse vinnige proses van dekolonisering het weinig tyd gelaat vir die geleidelike transformasie van die hegemoniese manlikheid van die *Indische* Nederlanders. Die verhouding tussen die vader en seun in *Indische duinen* hou dan ook direk verband met die botsing tussen die voorheen hegemonies-manlike Nederlandse kolonialisme en die opkoms van 'n nuwe dominante fiksie en 'n gepaardgaande nuwe hegemoniese manlikheid wat voortgevloei het uit die onverwagse ondergang van die Nederlandse koloniale ryk.

## Hoofstuk 2

### Die konteks van *Indische duinen*

#### 2.1. Adriaan van Dis en Nederlands-Indië

Volgens Peter van Zonneveld (1995: 71) behoort Adriaan van Dis, saam met Marion Bloem, Jill Stolk, Ernst Jansz en Frans Lopulalan tot die skrywers wat uitdrukking gee aan die “[...] problematiek van die tweede generatie, zij die in Nederland uit Indische ouders zijn geboren,” en wat, al ken hulle die ou Nederlands-Indië slegs uit verhale, in Nederland “volgens ‘Indische’ normen” opgevoed is. Hierdeur was daar by hulle ’n konflik met hulle Nederlandse omgewing. Volgens Van Zonneveld (1995:71) is dit opvallend dat die vaderfiguur in die werk van al hierdie skrywers ’n dominante posisie inneem en deurgaans gekarakteriseer word as “streng, zwijgzaam en gesloten, getekend door de oorlog en wat daar op volgde.”

’n Beduidende deel van Van Dis se werk speel af teen sy eie “tweede generatie”-agtergrond as enigste Nederlandsgebore kind uit ’n gesin wat na die Tweede Wêreldoorlog en die Japane besetting uit Nederlands-Oos-Indië (op die punt om die onafhanklike Indonesië te word) gerefugeer word.

Pamela Pattynama (2003: 276) verklaar dat hierdie generasie nie direk na hulle eie “Indische” ervarings kan verwys nie maar “ervarings-herinneringen van die eerste generatie” in hulle opgeneem het. Al het hierdie tweede generasie die koloniale Nederlands-Indië, die Japane besetting en die oorlog skaars of glad nie ervaar nie, getuig hulle tekste volgens Pattynama (2003: 276, 277) tog van “verbondenheid, hoe ambivalent ook”, met hierdie omstrede verlede. Van belang is dat hulle werk, vry van die mite van die “eigen ervaring”, ’n skepping van die verbeelding is onder die invloed van “half verzwegen familie verhalen en historiografie”.

Volgens Pattynama (2003: 277) werk hierdie persoonlike “Indische mythe” performatief vir selfrepresentasie by hierdie generasie. Dit was ’n deel van hulle identiteit wat opgemaak moes word uit halfvertelde werklikhede en ervarings van ouers aan die een kant en gelese en vertelde narratiewe en geskiedenis oor Nederlands-Indië aan die ander. Die kinders moes sin maak uit hulle eie verlede binne hierdie getrauma-

tiseerde gesinne in 'n postkoloniale Nederland wat verkies het om sy rug te keer op sy koloniale verlede.

Vir hierdie kinders van *Indische* repatriante was dit moeilik om in 'n gemeenskap wat geen erkenning aan hulle agtergrond wou gee nie 'n koherente narratiewe identiteit te skep en tot 'n begrip van die self te kom. Hulle moes, in die woorde van Ricoeur (1992: 114), ontleen aan “history as well as [...] fiction” om 'n lewensverhaal te skep as 'n fiktiewe geskiedenis (“fictional history”) of 'n historiese fiksie (“historical fiction”). Dit het beteken dat hulle in die narratiewe opbou van hulle lewens en identiteit die geskiedskrywingsmetodes van die biografie moes kombineer met die romanstyl van 'n verdigte lewensverhaal. Ook die verteller in *Indische duinen* moet deur so 'n proses gaan om by sy eie vertelde waarheid uit te kom: herinnerde ervaring is nie genoeg nie, losstaande ervarings van sy vader se skynbaar lukrake brutaliteit, onredelikheid en selfs wreedheid, moet vertel en begryp word deur die agtergrond en geskiedenis daarvan te ondersoek en die onvolledige en onbetroubare gedeeltes aan te vul deur fiktiewe en verbeelde rekonstruksies en motiverings.

*Indische duinen* is dus 'n boek oor die ervarings van die tweede generasie. Die seun, die verteller in die boek, is in Nederland gebore maar die res van die gesin kom almal uit die gewese Nederlands-Indië. Tot en met sy tiende jaar (hy is byna elf as sy vader sterf) speel sy koloniale vader die hoofrol in sy lewe. Dit is 'n vader wat inderdaad nie net deur die oorlog en sy nagevolge geteken was nie maar ook deur sy hele koloniale agtergrond. Soos by feitlik alle *Indische* vaders, is daar hier inderdaad sprake van Silverman (1992: 54, 55) se “historical trauma” waardeur die geloofwaardigheid en waarheidsaansprake van die dominante fiksie wat aan hierdie mans 'n bemagtigende rol, 'n identiteit, en sin en betekenis aan hulle lewens gegee het, ondermyn is.

Die omstandighede van die verteller in *Indische duinen* toon heelwat ooreenkoms met dié van die skrywer Adriaan van Dis. Tog kan hierdie boek nie sonder meer as outobiografies gesien word nie: Dit is 'n gefiksionaliseerde verhaal met as doel 'n ondersoek na 'n onderliggende waarheid, eerder as 'n soeke na 'n feitlik kontroleerbare verlede. Peter van Zonneveld (2003: 219-220) noem dat Adriaan van Dis self verklaar dat hy as “schatbewaarder en fantast” gekies het om 'n skrywer (eerder as 'n historikus) te wees en dat hy “het liever verzint dan [...] het beleef”. Sy boeke is dus eerder “een fantasievolle evocatie van de jaren vijftig”. In navolging van Ricoeur



(1990:158) bied die proses van vertelling, om deur die maak van 'n verhaal 'n narratiewe identiteit te skep, die moontlikheid om 'n beter oorsig oor die self en die gebeure in die lewe te kry. Om die traumas van die verlede te begryp, is dit nodig om hulle te objektiveer en daardeur die nodige afstand te verkry om skynbaar losstaande gebeurtenisse op sinvolle wyse tot 'n verhaal te maak. Die aanleiding tot die verhaal in *Indische duinen* is dan ook die krisis van 'n volwasse geworde seun wat tot op daardie stadium nie sy verhouding tot sy vader kon objektiveer of tot 'n verhaal kon maak nie.

In watter mate 'n boek soos *Indische duinen* werklik as “Indische literatuur” beskou kan word, is 'n ope vraag: Nederlands-Indië of Indonesië is slegs indirek as vertelde en ingebeeelde werklikheid in die boek aanwesig. Die verteller erken self dat hy uit “verskillende verhalens” (214) die Indiese werklikheid van sy vader gerekonstrueer het. Daar is geen sprake van eie belewenisse of 'n eie herinnerde en/of 'n nostalgiese herbeleving nie. Skrywers soos Maria Dermoût, H.J. Friederici, Bep Vuyk en selfs Hella Haasse skryf weliswaar oor 'n verbygegane wêreld, maar dit gaan om 'n wêreld wat hulle self beleef het en as hul eie identifiseer (Van Zonneveld, 2002: 156-157). Die verteller in *Indische duinen* sien die land nie as sy eie nie: hy was nog nooit daar nie. As hy hoor van die moontlike bestaan van 'n halfbroer en -suster oorweeg hy 'n besoek, maar dit is nie ter wille van die land self nie, eintlik is hy:

bang voor valse sentimenten, bang om in het gezwiep van palmladeren de klappen van mijn vader te horen, om te pedis te eten en mijn snottetranen echte te noemen (163).

Verder was dit vir die verteller “toch te veel het land van mijn vader.” (164)

Waar daar oor Nederlands-Indië in *Indische duinen* geskryf word, gaan dit om die seun se pogings om sy vader te ontdek en nie om die land en sy mense nie. Nederlands-Indië is 'n sterk indirekte aanwesigheid in die boek in die sin dat die vader se gedrag verklaar word deur sy ervaringe daar. Die verteller self bewaar egter 'n duidelike afstand: alles oor die land en sy mense is 'n verre, vertelde werklikheid en nie deel van die verteller se persoonlike belewenisse nie. Behalwe vir 'n kort besoek aan sy suster in Kanada, speel alles wat met die verteller self gebeur en gebeur het in Nederland af. Aan die ander kant word dit in die boek duidelik tot hoe 'n mate die Nederlands-Indiese ervaringe en die Nederlands-koloniale agtergrond 'n bepalende rol in die vader se verhouding met sy seun speel. Vir die verteller is die neerslag van hierdie Nederlands-Indiese invloede en ervaringe, en daarmee die hele koloniale

agtergrond, op sy vader se houding teenoor hom van uiterste belang. Presies hoe belangrik die Nederlands-Indiese koloniale agtergrond wel is, word duidelik sodra die verteller as volwassene die redes vir sy vader se gedrag teenoor hom probeer vind.

## **2.2. Indische duinen en die breër koloniale agtergrond**

In 'n onderhoud met Adriaan van Dis verklaar Peter van Zonneveld (2003: 212) dat *Indische duinen* “een heel caleidoscopisch boek, met allerlei facetten die met Indië te maken hebben” is, en dat dit “alle thema’s en motieven van de twintigste-eeuwse Indische literatuur,” in feite 'n hele wêreld, oproep. Die verteller voer sy probleme met sy vader terug vanaf die hede tot by die jeug van sy vader en indirek selfs terug na die historiese agtergrond van die gesin waarin die vader grootgeword het. Die gebeurtenisse tydens die jeug van sy vader vind plaas gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu. Volgens Nieuwenhuys (1982: 180, 181) was daar gedurende die twintigerjare van die vorige eeu 'n ekonomiese bloeitydperk in Nederlands-Indië wat gelei het tot 'n invloed van Europese immigrante en die idee van 'n federasie tussen Nederland en Nederlands-Indië. Vir iemand soos Just 2 wat in daardie tyd sou grootword was die verband tussen Nederland en Nederlands-Indië iets vanselfsprekends:

[...], economic life was flourishing. In the twenties the relationship between the Indies and the mother country seemed particularly rosy. The term ‘mother country’ was used emphatically to stress the nature of their symbiotic relationship (Nieuwenhuys, 1982: 180).

en:

The idea of political unity, [...] found greater response among the Dutch. It was a very popular idea in the twenties. (Nieuwenhuys, 1982: 181).

Die stel waardes grondliggend aan die vader se manlikheid hou verband met die soort hegemones manlikheid wat in Nederland gedurende die koloniale periode tot net na die Tweede Wêreldoorlog dominant was. In die geval van Just 2 in *Indische duinen* is spesifiek persoonlike gebeurtenisse egter ook van groot belang. Die gebeure wat die verteller in die boek naspeur, dek 'n periode van belewenisse, herinneringe en die oorgelewerde geskiedenis van sy vader (en in 'n mindere mate sy moeder en halfsusters). Dit is gebeure wat 'n verreikende invloed op die vaderfiguur en die res van die gesin gehad het. Hierdie periode begin ongeveer in 1925 met die selfmoord van die man wat destyds deur die nege- of tienjarige Justin as sy vader beskou is. Dit

is ook die tydperk wat deur Nieuwenhuys (1982: 180, 181) as die hoogtepunt van die Nederlandse koloniale tydperk beskou word. As 'n mens Edmee (150-151 en 226-258), Tante Nikki (122-124), Els Groeneweg (182-193) en sy vader se ou kampgenote (221-226) se herinneringe hierby insluit, beloop hierdie tyd byna 32 jaar vanaf ongeveer 1925 tot die vader se dood in die tweede helfte van 1957. Hierdie herinneringe en vertellings uit die verlede van sy gesin en sy vader is uiters belangrik vir die opbou van 'n koherente beeld van die vader, maar die verteller besef dat hulle sterk gekleur is deur die subjektiwiteit, die vergetelheid en die neigings tot oordrywing en/of verswyging en onderdrukking deur die sprekers.

Die oorsprong van sy vader se manlikheidsopvattinge lê in werklikheid nog veel verder in die verlede. Die problematiese simboolvorming by die vader, sy probleme as man en vader en daardeur ook die probleme van sy seun kan nie los van die Nederlandse koloniale omstandighede en die verhouding van die kolonies tot Nederland gesien word nie.

'n Verskeidenheid manlikheidsopvattinge het op verskillende stadiums as regverdiging gedien vir Nederland as kapitalistiese, koloniale en handelsmoondheid. Vir seuns wat in Nederland of in die Nederlandse kolonies grootgeword het, was hierdie manlikheidsopvattinge 'n hegemoniese voorbeeld van hoe 'n seun as man tot die bevrediging van sy behoefte aan mag en rykdom kon kom. Terselfdertyd was daar 'n groot mate van ontmagtiging van die vrou en/of die uitbeelding van die vroulike as bedreiging.

Manlike hegemoniese denke in Nederland moes, agtereenvolgens, sy ontwikkeling as vroeg-kapitalistiese handelsmoondheid (in die sewentiende en agtiende eeu); koloniale eksploitasie moondheid (met die verloop van die negentiende en die vroeë twintigste eeu) en uiteindelik as postkoloniale welvaartstaat (die tweede helfte van die twintigste eeu) akkommodeer. Stoler (1995: 99, 111) maak dit duidelik dat Nederlandse koloniale manlikheid nie los gesien kan word van die ontwikkeling van Nederland self as 'n burgerlike en koloniale moondheid nie.

Die aanwesigheid van Nederland in Oos-Indië (veral Java) het oor 'n tydperk van ongeveer driehonderd-en-vyftig jaar gestrek. Die gevolg was dat binne die koloniale gemeenskap self verskillende uitinge van manlikheid op verskillende stadiums hegemonies was. Waar een uiting deur 'n ander verdring is het dit tog dikwels in

hierdie koloniale situasie in 'n aangepaste vorm voortbestaan op 'n manier wat R.W. Connell (1995: 76) as ondergeskik, medepligtig of marginaal sou beskryf. Binne Nederland self was die koloniale manlikheid altyd ondergeskik aan en in diens van die Nederlandse hegemonese manlikheid. Dekolonisering en die repatriasie van die koloniale gemeenskap na Nederland vanaf 1947 het tot die marginalisering van hulle *Indische* manlikheidsopvattinge gelei. Die oorsprong van die probleem moet egter in die opkoms van die Westerse konsep van manlikheid en vaderskap gesoek word.

### **2.3. Die oorsprong van Westerse manlikheid en paternalisme**

Connell (1995: 186) plaas die oorsprong van moderne Westerse konsepte van manlikheid (en daarmee ook vaderskap) tussen 1450 en 1650 toe vroeë handelskapitalisme die feodale stelsel in Wes-Europa begin vervang het. Die gepaardgaande kerklike hervorming het beteken dat die individu, en meer bepaald die man binne 'n heteroseksuele verhouding (na sy breuk met die Rooms-Katolieke kerk het Maarten Luther feitlik onmiddellik getrou), die monnik in 'n klooster of die (selibate) priester in die kerk as outoriteit vervang het. Connell (1995: 186) verklaar dat getroude heteroseksualiteit monastiese onthouding as hegemones-patriargale ideaal vervang het. Die ideaal van 'n persoonlike verhouding van veral die heteroseksuele man teenoor God het beteken dat elke persoon nou individueel verantwoordelik vir sy eie heil was. Hierdie verskuiwing het die individuele man as verantwoordelike persoon sielkundig enorm bemagtig en daarmee sterk bygedra tot die opkoms van wat Max Weber die Protestantse etiek ('Protestant ethic') noem.

Volgens Jansma en Schroor (1991: 138, 177) het die Calvinisme, met sy besondere sterk weergawe van die Protestantse etiek, hom na 1555 sterk in die Nederlande verbrei. Al het Spanje die onafhanklikheid van die Noordelike Nederlande eers in 1648 erken het die "Twaalfjarig Bestand" van 1608 die geleentheid geskep om die Calvinisme die staatsgodsdienst van die gebied te maak. 'n Jaar later, in 1609 het Nederland (en die wêreld) se eerste multinasionale maatskappy, die Verenigde Oost Indische Compagnie (VOC), hom op die Suid-Oos-Asiatiese eiland Java gevestig: 'n goed berekende stap om die chaotiese handel in Oosterse speserye te rasionaliseer.

Die feit dat ek hier Nederland as Protestants-eties beskryf moet nie in 'n eng-godsdienstige sin gesien word nie. Daar was byvoorbeeld altyd Rooms-Katolieke in



Nederland en met verloop van tyd het hulle 'n beduidende gedeelte van die Nederlandse bevolking geword. Ook die sosialisme het mettertyd 'n stewige aanhang opgebou. Dit is egter merkwaardig hoe calvinisties die konsensus tussen katolieke, sosialiste en protestante in Nederland oor sedelikheid, hardwerkendheid en spaarsaamheid in die laat veertiger en vroeë vyftigerjare was (Righart. 1995: 80-84). Die Katolisisme van die vooroorlogse Nederlandse koloniale bevolking was egter minder onderhewig aan wat Connell (1995: 188) as berekenende rasionaliteit ("calculative rationality") beskryf en het tot 'n groter ontspanning met betrekking tot harde werk en spaarsaamheid geneig. Dit is nie verniet dat Just 2 uit 'n tradisioneel Katolieke, en Lea uit 'n Protestantse gesin gekom het nie.

#### **2.4. Protestantisme, kapitalisme, en die marginalisering van die vroulike**

Connell (1995: 188) verbind die etiek van "calculative rationality" met Max Weber se konsep van die "Protestant ethic" en praat van die "gendered character of the 'spirit of capitalism'". Connell verklaar dat, volgens Weber, die band tussen die Protestantse etiek en die kapitalisme duidelik spreek uit die woorde van Benjamin Franklin as hy verklaar:

"The most trifling sounds that affect a man's credit are to be regarded. The sound of your hammer at five in the morning, or eight at night, heard by the creditor, makes him easy six months longer; but if he sees you at the billiard-table, or hears your voice at a tavern when you should be at work, he sends for his money the next day" (Connell. 1995: 188).

Connell benadruk die feit dat dit hier letterlik om 'n man gaan en dat so 'n man se deugsaamheid aan die hand van sy hardwerkendheid, die nuttigheid van werk, sy kredietwaardigheid en sy vermoë om kapitaal te vermeerder, beoordeel word.

Omdat die vrou tradisioneel as versorger van die kinders gesien is, het sy, op enkele uitsonderinge na, veel minder deel gehad aan hierdie omwenteling. Dit is as vanselfsprekend aanvaar dat die vrou, as 'natuurlike' versorgster van kinders, meer op emosie en gevoel ingestel was. Daarteenoor is van die (destyds 'nuwe') man verwag dat hy rasioneel moes optree en hom nie deur gevoel moes laat lei nie. Volgens Connell (1995: 186 en 187) het filosowe soos Descartes (wat 'n tyd lank in Amsterdam gewoon het) en Kant 'rede' en 'wetenskaplike denke' as 'manlike' eienskappe teenoor 'natuur' en 'emosie' as 'vroulike' eienskappe gestel. Rasionaliteit

is gesien as 'n oorheersende kenmerk van manlikheid. Kolonialisme is gerasionaliseer deur die konsep van 'n Westerse beskawing wat die lig van rede en rasionaliteit moes uitdra na 'n irrasionele onbeskaafde wêreld oorheers deur barbaarse (en by implikasie vroulike) natuurkragte en ongebreidelde emosies. Omdat rasionaliteit aan manlikheid gekoppel is, kon daar “*a cultural link between the legitimation of patriarchy and the legitimation of empire*” (Connell, 1995: 187) gesmee word.

Die vestiging van oorsese handels- en koloniale ryke, aanvanklik deur Portugal en Spanje en daaropvolgend deur Nederland, Frankryk en Engeland, was aanvanklik 'n suiwer manlike onderneming. Isabella van Spanje en Elizabeth van Engeland was weliswaar ook opdraggewers, maar die proses self was 'n suiwer manlike onderneming wat voortgevloei het uit oorwegend manlike aktiwiteite soos krygsdiens en seevaart.

Bert Paasman (2002: 41, 42) en Peter van Zonneveld (1995:1) noem dat die eerste Nederlandse handelsekspedisie in 1596 Java bereik het. Die VOC het in 1609 hulle handelsvesting Batavia in Java gevestig na die bombardering van die Javaanse hawedorp, Jakarta ('n skeepskanon is miskien die sterkste falliese simbool van die vroeë handelskapitalisme). Die Nederlandse invloed het vinnig uitgebrei: handelsprodukte (veral speserye) is deur Nederlandse skepe vanuit verskillende dele van Oos-Indië na Batavia gebring en vandaar na Nederland verskeep. Die resultaat was dat 'n betreklike groot aantal VOC- amptenare en werknemers hulle permanent of semi-permanent in die gebied bevind het. Van belang vir die koloniale, rasse- en klasseprobleem wat uiteindelik sy neerslag in *Indische duinen* vind, is dat, na 'n aanvanklike poging om 'n 'fatsoenlike' Nederlandse volksplanting te stig deur die invoer van Nederlandse vroue (Paasman, 2002: 45, 46), die VOC besluit het om uit ekonomiese oorweginge eerder verhoudings tussen sy amptenare en Asiatiese vroue (dikwels vrygekoopte slavinne) aan te moedig. Die gedeeltelike motivering hiervoor was dat die aanwesigheid van Nederlandse vroue, weens hulle eise om 'n hoër lewenstandaard, korrupsie onder Nederlandse amptenare sou aanmoedig. Asiatiese vroue was beter aangepas by plaaslike omstandighede en sou minder eise stel. Kinders uit hierdie verhoudings is aanvanklik nie toegelaat om na Nederland te repatrieer nie, maar is wel plaaslik vir bestuursposte opgelei. Die resultaat was dat daar met verloop van byna twee eeue (tot die bankrotskap van die VOC in Desember

1799) 'n sterk gemengde kultuur en bevolking ontstaan het wat 'n toonaangewende rol in die gemeenskap in Java gespeel het en daar binne die koloniale gemeenskap 'n toepaslike dominante fiksie ontstaan het wat 'n definitiewe belangrike rol aan hierdie gemengde groep gegee het. Weens hulle tussenrol in die handelskolonie het van hierdie gesinne besonder welvarend en invloedryk geword en was dit vir 'n VOC-amptenaar of 'n sukkelende koopman voordelig om 'n huwelik aan te gaan met 'n dogter uit so 'n gemengde familie. Nederlands-koloniale hegemoniese manlikheid in hierdie periode was verdraagsaam en tegemoetkomend teenoor hibriditeit. Bevoegde persone van gemengde afkoms het hoë bestuursposte beklee: Simon van der Stel (tussen 1679 en 1699 Kommandeur en Goewerneur aan die Kaap) was onder andere van gemengde afkoms. Vanselfsprekend het vroue en dogters nie vir bestuursopleiding in aanmerking gekom nie, maar dit was ook die geval met blanke vroue in Nederland self. Die dominante fiksies in Nederland en in die kolonies het nie voorsiening gemaak om aan enige vrou 'n besluitnemingsrol buite die huishouding toe te ken nie.

By die oorgang na 'n nuwe vorm van Nederlandse kolonialisme was daar dus alreeds 'n groep aanwesig wat bepaalde voordele uit die vorige bestel getrek het maar deur die nuwe bestel gedeeltelik gemarginaliseer en ontmagtig is. Die groep vir wie hibriditeit deel was van die bemagtigende hegemoniese stelsel in Nederlands-Indië is gemarginaliseer deur 'n nuwe opvatting wat "suiwerheid" tot norm wou verhef.

## **2.5. Koloniale rassisme en die demonisering van die vroulike**

Volgens Edy Seriese (1995: 57-58) het die opheffing van die VOC en veral die tydelike besetting van Java deur Brittanje tussen 1811 en 1816 die periode van ontmagtiging van die gemengde bevolking ingelui. Die Britse goewerneur Raffles het maatreëls aangekondig om die mag en invloed van die gemengde gesinne te breek. Raffles was verder ten gunste van 'n liberale beleid ten opsigte van grondbesit en konsessies wat tot veel groter privaatontginning van die hulpbronne van die kolonie sou lei en veral onafhanklike Europese setlaars ekonomies sou bevoordeel. Na die heroorname van die kolonie deur Nederland in 1816 is hierdie liberale benadering aanvanklik voortgesit (Nieuwenhuys, 1982: 45-49). Daar was egter groot onkoste verbonde aan die handhawing van die Nederlandse gesag, onkoste wat die, na die

Napoleontiese oorloë sterk verarmde Nederland nie kon bekostig nie. Al gou is daar besluit (Termorshuizen, 2002: 203) dat die kolonie “een wingewest” moes word wat “het vaderland uit het economisch moeras” moes trek. Die nuwe beleid was duidelik tot nadeel van die inheemse en die plaaslike gemengde bevolking en die berugte “Cultuurstelsel” met sy gedwonge landbouproduksie is in 1830 ingestel. Op bestuursvlak is daar vanaf die 1820’s ’n beleid ontwikkel wat gelei het tot die openlike bevoordeling van Nederlanders: geboorte en opleiding in Nederland het ’n voorvereiste geword vir die meeste regerings- en bestuursposte. Nieuwenhuys (1982: 60) noem dat vanaf 1830: “certain positions could [...] only be occupied by someone educated in Europe.” Hierdie maatreëls het veral die tradisionele “gemengde” bevolking (Indo-Europeane) benadeel en was sterk rassisties en patriargaal van aard:

This measure hurt the Eurasian group more than any other. It was discriminatory, [...] evident from its phrasing which suggested that only imported European males could qualify for jobs “whose dealings unfailingly reveal the desire to instill among the natives a high regard for their rulers through noble, just and proper behaviour.” (Nieuwenhuys, 1982: 60)

Dit is opmerklik dat die aankoms in Oos-Indië van die familie waaruit Just 2, die vader in *Indische duinen*, kom feitlik presies saamval met die opkoms van die patriargaal-koloniale rassisme in Nederlands-Indië: volgens sy halfsuster, Edmee, was die familie “al sinds 1827 in Batavia [...]; zuiver Arisch tot in het verste gelid” en “[...] absoluut niet Indisch” (151). Ook die vader, Just 2, was uitgesproke rassisties:

Zijn familie was ‘pur sang’ gebleven, zes generaties lang in Indië en bovendien goed katholiek. Ik vrees dat dat belangrijk voor hem was, niet zijn geloof, [...], maar de kleur van zijn vel. (95)

Dwarsdeur die negentiende en vroeë twintigste eeu het die aanwesigheid van blanke Nederlanders (en hulle gesinne!) in Oos-Indië skerp toegeneem, veral na die opening van die Suezkanaal in 1869 en die instelling van gereelde reise per stoomskip wat die reis vanaf 3 maande tot ses weke verkort het (Termorshuizen, 2002: 114). Volgens Termorshuizen (2002: 114) het die aantal “Europeanen” woonagtig in die kolonie vermeerder van 49 000 in 1870 tot 90 000 in 1900. Die aanwesigheid van blanke gesinne het egter ook die bewussyn van die ‘gevaar’ van sogenaamde *verindisching* vergroot.

Die duidelikste manifestasie van die nuwe hegemoniese opvattinge was die opkoms van amptelike diskriminasie: gemengde gesinne waarvan die mans vroeër ’n sterk rol



gespeel het in die bestuur van die kolonie het hulle posisies verloor en hulle gesinne het verarm. Die situasie was egter ingewikkeld: gesinne van gemengde afkoms en in sommige gevalle selfs inheemse gesinne in die binneland wat in beheer van koffie, tee en suikerproduksie was, kon weens hulle ekonomiese mag hulle posisies handhaaf. Dit het meegebring dat uit ekonomiese gronde huwelike tussen sosiaal bevoorregte maar ekonomies minder bevoorregte blanke mans en die dogters van ryker *Indische* families tog voortgeduur het. Stoler (1995: 95-136) wys daarop dat ondanks diskriminerende maatreëls daar nooit in Nederlands-Indië sprake was van 'n rigiede sisteem van klassifikasie nie en dat die proses van vermenging en integrasie tog voortgeduur het. 'n Ryk en invloedryke vader kon deur kontakte of bepaalde formele stappe altyd sorg dat sy nakomelinge uit 'n verhouding met 'n *Indo* (gemengde) of selfs 'n *inlandse* (inheemse) vrou tog formeel as Europeërs beskou en geklassifiseer is. Die bewussyn dat die kategorieë in werklikheid redelik oop was, en dat baie sogenaamde blanke *Indische* Nederlanders êrens in hulle verre of nabye verlede van gemengde afkoms was, het die rasse- en statusbewussyn egter juis versterk. Die koms van die sogenaamde etiese politiek sedert 1899 waarvolgens aan Indo's en selfs inlanders (Just 1, die moeder se eerste man, was gemengd en sy familie aan moederskant selfs inheems Javaans) groter regte toegestaan is en die geleentheid gegee is om bestuursopleiding te ondergaan, het geen verskil aan die rassisme van die blankes gemaak nie. Ter wille van status en toegang tot sekere mags- en invloedsposisies was dit vir baie gesinne, veral by 'n lang-gevestigde gesin soos dié een waaruit die vader, Just 2, in *Indische duinen* kom, nog steeds belangrik om enige suggestie van 'n gemengde of inlandse afkoms weg te steek. Binne hierdie konteks is die feit dat 'n blanke Nederlandse boeredogter (die moeder, Lea, in *Indische duinen*) met 'n offisier van gemengde afkoms ('n *Indo*) in die KNIL trou, dogters by hom het, en na die oorlog 'n verhouding met 'n sogenaamde suiwer blanke *Indische* Nederlander aanknoop, deel van die probleem van die vader en die seun in die roman. In *Indische duinen* word hierdie rassisme geïllustreer deur die feit dat ten spyte van die verskil in rang en status die moeder se eerste man (die vader van die dogters) altyd as 'n 'jongen' beskryf word:

Just 1 was een Indische jongen, zo heette dat als je bruin was en in Indonesië geboren, je bleef altijd een jongen, hoe imposant je er op de foto ook uitzag in je groottenue met sterren en tressen en linten, bestikte kraag, helmhoed met witte pluimen en een degen bungelend aan je zij. Justin van Capellen, eerste

luitenant van het KNIL [...] zoon van een Hollandse planter en een inlandse vrouw. (95)

Die tweede man beskou homself egter as “een Hollandse vent” ten spyte van sy laer rang en status:

Mijn vader was ook een Kniller, niet zo'n hoge, zijn uniform was maar een gewone battle dress. Een degen zou bij hem over de grond hebben gesleept [...]

Hij zag zich het liefst als een Hollandse vent, geen jongen [...] hij ging al op zijn zestiende het leger in, toen ook al een vent, nooit jongen geweest. (95)

Just 2 se strewe om die gesin so “blank” as moontlik te hou, blyk verder uit sy houding met betrekking tot Jana. Ten spyte daarvan dat daar geen twyfel oor Jana se gemengde afkoms nie, is Just 2 gekant teen 'n moontlike verbintenis tussen haar en Joost Groeneweg, die broer van Els en seun van 'n prokureur, hoogs waarskynlik omdat die Groenewegs aan albei kante gedeeltelik van Javaanse afkoms was. As Jana uiteindelik met Errol trou wie se familie duidelik nog meer gemengd is (‘dekens voor de ramen’) reageer Just 2 woedend en verbitterd:

Mijn vader lag op de divan, bitter dat zijn oogappel hem ging verlaten. Zijn lippen trilden blauw. Errol was toch geen partij voor Jana, een jongen uit een huis met dekens voor de ramen! (173)

Ann Laura Stoler (1992: 323) merk op dat 'n toename in minder gegoede blankes en die toelating van blanke vroue tot kolonies byna oral ter wêreld tot 'n toename in rassisme en diskriminasie gelei het. Die bewussyn van die aanwesigheid van nedominante blankes (armes en vroue) het beteken dat blankwees minder vanselfsprekend as rasideel, hardwerkend, dominant en suksesvol aanvaar kon word. Dit was dus nodig om deur middel van rassisme en diskriminasie die dominasie van Europese manlikheid te bekragtig. Stoler (1992: 325) noem die geskrifte van Nederlands-Indiese skrywers en beriggewers soos Brandt en Széleky waarin suksesvolle blanke ondernemers en planters in onder andere Sumatra deur die bank as hardwerkend, volhardend en dapper, vroue dikwels as gemaksugtig en emosioneel en *inlanders* as lui en onbetroubaar voorgestel word. Verder noem Termorshuizen (2002: 126) byvoorbeeld dat alhoewel “de kleine Indo's” in P.A. Daum se boeke voorkom, hulle slegs as “bijfiguren, in ooreenstemming met hun ondergeschikt-dienende rol” in sy romans optree; dat hulle deur “de blanke elite” as dom beskou is; dat daar teen hulle gediskrimineer is en dat hulle voortdurend verkleineer is.

Dit blyk dat negentiende eeuse (blanke) *Indische* skrywers die Indo's dikwels as bedreiging gesien het. Ondanks die soms invloedryke en welvarende situasie van die gemengde bevolking het daar 'n nuwe dominante fiksie ontstaan waardeur, binne die narratiewe identiteit van baie blankes, hibriditeit, *Indisch*-wees en vroulikheid gesamentlik of individueel as bedreiging gesien is. By die familie van Just 2 het hierdie sin van so 'n bedreigde narratiewe identiteit bly voortbestaan binne 'n Nederland wat veral sedert die 1960's heterogener en meer multikultureel geword het.

Die resultaat was 'n kombinasie van manlikheids- en rasseopvattinge wat lig werp op die posisie en status van die moeder in *Indische duinen*, die rassistiese houding en lewenswyse van die vader en sy familie en daardie familie se vyandskap teenoor die verteller se halfsusters. Soos reeds genoem het bepaalde blanke groepe in Nederlands-Indië sedert die negentiende enige suggestie van 'n verbintenis met 'n sogenaamde Indo-familie as 'n bedreiging vir hulle status en posisie gesien. Omdat 'n verbintenis met 'n welvarende gemengde familie egter dikwels tog ekonomiese voordele ingehou het vir relatief armer blanke mans (en soms vrouens) was dit nodig ter wille van die volgehoue politieke dominasie deur blanke mans om sulke verbintenisse te ontmoedig deur bepaalde mites te skep. Edy Seriese (1995: 58) noem die eienskappe wat binne die raamwerk van die dominante fiksie deur blanke Nederlanders aan Indovroue toegedig is, as: “exotisch geheimzinnig, mooi en verleidelijk, maar daarom gevaarlijk en ongeschikt voor het huwelijk”. Indomans, ten spyte van die prestasies van baie van die binnelandse Indogesinde en hulle rol as dikwels getroue en dapper soldate in die KNIL, is ook negatief voorgestel. Indomans is beskou as “[...] indolent, beleefd en bescheiden, of juist broeierig aggressief” en “[...] nagenoeg waardeloos dus voor de dynamische wereld van opbouw en harde werkers die de kolonie tot bloei moesten brengen” (Seriese, 1995: 58). Die blanke koloniale amptenary en professionele bevolking in Batavia kon hulle bevoorregte posisie slegs regverdig deur die uitbeelding van die Indovrou as ‘gevaarlik verleidelik’ en die Indoman as lui en verwyf en deur aan laasgenoemde sogenaamde vroulike eienskappe soos oordrewe onderdanigheid en emosionaliteit of irrasionele manlike eienskappe (‘broeierig aggressief’) toe te dig. Die Europese man, en daarmee die Wes-Europese normatiewe kultuur, kon daardeur nog steeds as rasioneel, hardwerkend en dinamies voorgestel word.

Dit is opmerklik hoe hierdie siening ooreenkom met wat Edward Said oriëntalisme noem. Hiervolgens is die Verre- en Midde-Ooste voorgestel as “exotic, vaporous, idle, a realm of hints and fragrances rather than of action” wat duidelik ruimte skep vir “the Western colonizer, for whom action is all and who is entitled to gratitude for his deeds” (Scruton, 1996: 397). Volgens Anne McClintock (1995:14) neem Said se oriëntalisme die vorm aan van ’n “perverse shape as a ‘male power-fantasy’ that sexualizes a feminized Orient for Western power and possession”. Hierdie siening van die Ooste en die vroulike is onmiskenbaar deel van die rol en houding van die vader in *Indische duinen*, en veral ook sy behandeling van sy seun: hy soek na ’n manier om deur manlike aktiwiteite van sy seun se “vrouwenvlees” (305) ontslae te raak. Die seun self karakteriseer sy vader as iemand wat hom “tot vent probeerde te slaan” (244-255); die seun moet soos sy vader “een Hollandse vent” (95) wees, en nie ’n, by implikasie verwyfde, “Indische jongen” (94) nie.

Oriëntalistiese feminisering en die verlaging van *inlandse* mans tot *jongens* in plaas van volwasse mans (*venten*) het ’n volmaakte verskoning gebied vir die instelling in 1830 van ’n rasionele en berekende vorm van uitbuiting bekend as die “cultuurstelsel” wat die *inlandse* bevolking gedwing het om ’n gedeelte van hulle grond ten bate van die monopolistiese Nederlandse Handelsmaatskappy te bewerk. Volgens Gerard Termorshuizen (2002: 103) het hierdie beleid “veel geldelik profijt” vir Nederland opgelewer “ten koste van veel leed onder de bevolking”. Jansma en Schroor (1991: 304) noem dat in 1860 “35% van ons nationaal inkomen uit de Oost” gekom het. Die stelsel het uiterste vorme van gierigheid, hebsug en uitbuiting by sowel toesighoudende blanke amptenare as plaaslike hoofmanne (“regenten”) aangemoedig. In die roman *Max Havelaar* satiriseer Multatuli die burgerlik-fatsoenlike, berekend-calvinistiese maar gewetenlose winsnemer en koffiemakelaar, Batavus Droogstoppel, en trek hy te velde teen die uitbuiting en gierigheid in Java. Die gewone Javane, die jong man Saidjah en die jong vrou, Adinda, wat albei ten gronde gaan aan die “rasionele” sisteem wat sorg vir die welvaart van die “fatsoenlijke” Droogstoppel, is menslik, saggeaard, getrou, geduldig en hardwerkend en nie lui of verleidelik eksoties nie. (Multatuli, 1970: 185-203).



Die beeld in *Max Havelaar* is egter 'n uitsondering. Koloniale opvattinge in die Nederlandse koloniale literatuur gedurende die laat negentiende en vroeë twintigste eeu reflekteer eerder die houdings en opvattinge van Edward Said se oriëntalisme. Jacqueline Bel (1988: 129) karakteriseer dit as 'n literatuur oor “[l]osbandigheid, geldzucht en goena-goena”: Nederlands-Indië is 'n plek waar Nederlanders wat in hulle eie land “versuffen van fatsoenlikheid” gevaar loop om te *verindisch*, dit wil sê onder die invloed van die land en die plaaslike bevolking te verval tot “slechte karakter en overdreven zinnelijkheid” en verlei te word deur “de oosterse mystiek” en “het exotisme”. Die keersy hiervan was om te verval tot 'n oorweldigende “materialistiese geest” waarin daar geen plek vir “hogere waarden” (Bel, 1988: 130) bestaan nie. In Louis Couperus se sogenaamde *Indische* romans: *De stille kracht* (1900) en *Van oude mensen, de dingen die voorbijgaan* (1906) is daar potensieel sterk Nederlandse manlike karakters wat deur die apatie en sinlikheid van óf binnelandse karakters, *verindische* blanke vroue en/of die sogenaamde magiese en bonatuurlike atmosfeer van Nederlands-Indië ondermyn word. Dit is opvallend dat Odile, die materialistiese, korrupte en sinlike moeder van Just 2 in *Indische duinen* byna direk uit Louis Couperus se *Indische* romans sou kon kom: Leonie van Oudijck uit *De stille kracht* en Otilie de Weert in *Van oude mensen, de dingen die voorbijgaan* toon sterk ooreenkomste met die moeder van Just 2. Nieuwenhuys (1982: 130) karakteriseer Leonie van Oudijck in *De stille kracht* met 'n beskrywing wat ook op Odile van Bennekom (gebore Didier) in *Indische duinen* van toepassing kon wees:

His wife, “with all the indolent grace of all Indies-born women,” lives a life of perverted sensibilities and of a perverted love.

E.M. Beekman (1988: 152) lê die verband tussen Nederland en Oos-Indië binne 'n eksplisiet Freudiaanse raamwerk:

This antithesis can be further amplified by matching the Indies and summer with Freud's licentious id, and Holland and winter with the restrictive super-ego. The first set would coincide with the feminine world of the mother, and the second would reflect the male world of the father. The first would correspond to the Orient, to Asia, while the second would concur with the hostile arrogance of Western civilization.

Dit lê dan ook die verband tussen die kolonies en die koloniserende lande. In “Cultivating Bourgeois Bodies and Racial Selves” (*Race and the Education of Desire*, 1995: 95-136) wys Ann Laura Stoler (in navolging van Foucault) daarop dat



negatiewe eienskappe wat aan vroue in die Weste en op koloniale vlak aan inheemse bevolkingsgroepe toegedig is ook deur die groeiende Europese middelklas aan die laer klasse in Europa toegedig is. Die Europese middelklas het homself as manlik, hardwerkend, eties en gedissiplineerd gesien. Die koloniale bevolking en die laer klasse is gesien as verwyf, lui en emosioneel. Hierdeur kan daar dan ook 'n gedeeltelike verband met die klassevooroordele en antisosialistiese politieke opvattinge van die vaderfiguur in *Indische duinen* gelê word.

Die verteller kom egter in opstand teen die rassisme en klassevooroordele van die vader en dié se jongste suster, Edmee. Tydens sy eerste ontmoeting met Edmee (236-238) probeer hy sy eie vader se gemengde agtergrond agterhaal. Om sy werklike vader te vind, soek hy juis na dit wat hom onderskei van die Nederlanders. Die verteller wil juis sy eie hibridiese identiteit terugvind.

## **2.6. Manlikheid, vaderskap, en die verlies van die koloniale ryk**

Identifikasie is die vermoë om deel te wees van 'n dominante fiksie, om 'n rol te speel in iets wat groter en belangriker is as die 'self'. Pyn en frustrasie kan op dié manier 'n doel dien: 'n sin van normaalweg manlike identiteit word ontwikkel wat in diens staan van iets groters en belangrikers en waarvoor 'n mens bereid is om pyn en frustrasie te ervaar. In hoofstuk 1 hierbo het ek genoem hoe dat 'n persoon geweldig baie ter wille van die waardes en norme, die vertelde werklikheid waaruit sy naratiewe identiteit bestaan, kan opoffer, verduur of prysgee. Hierdie norme, waardes en ideale, die vertelde identiteit, beliggaam immers die betekenis wat iemand aan sy bestaan heg. In die geval van Just 2 verteenwoordig sy koloniaal-beskawende manlikheid sy betekenisvolle identiteit. Saskia, die jongste halfsuster van die verteller, karakteriseer dit as "de aristocratie van zijn geest" (96) terwyl die verteller dit relativeer as:

[...] pijn is de beste leerschool, doodstraf voor alle landverraders en als het even kon alle socialisten tegen de muur, die hadden immers Indië voor een dubbeltje verkwanseld (96).

Die Nederlandse koloniale ryk en sy rol in die handhawing daarvan verteenwoordig vir Just 2 'n beskawing en 'n lewenswyse wat groter en belangriker is as homself. Die verlies daarvan ondermyn sy sin van eiewaarde. In hierdie opsig staan Just 2 en die ander Nederlands-Indiese repatriante nie alleen nie: Ook in ander postkoloniale situasies duik hierdie soort probleem op. In sy bespreking van John Osborne en ander

sogenaamde ‘Angry Young Men’ van die 1950’s in Brittanje noem Jonathan Rutherford (1992:16) dat Osborne:

[...] depicted a masculinity shorn of its empire and devoid of a role, a sharpened intellect that attacked the moral flabbiness of post-war culture. It was a wail of pathos for the lot of men, robbed of their heroic and virile heritage, abandoned to women and without a cause to fight for.

By hierdie ‘Angry Young Men’ vind ons presies dieselfde situasie as waarin Just 2 binne die postkoloniale Nederland verkeer: hy het sy ‘*empire*’, die heroïese doel van sy lewe; sy manlike viriliteit, die ‘saak waarvoor hy kan veg’ verloor en word gekonfronteer met wat hy as naoorlogse morele ‘slapte’ beskou. In ’n bepaalde opsig is dit egter nog veel erger vir Just 2. Hy beland in Nederland in die “fatsoenlijke jare” (112) van die 1950’s waarin die ongetroude saamleef van man en vrou, veral in ’n Nederlandse dorpsgemeenskap, nog onaanvaarbaar was. Ook in ander opsigte kan hy nie aan die normale eise van manlikheid van daardie “fatsoenlijke” tyd voldoen nie: hy kan nie aan sy gesin se finansiële behoeftes voldoen nie omdat hy weens sy gesondheid, nie ’n gepaste werk vind nie. Hy moet dus ’n rol aanvaar wat in die 1950’s by uitstek as ’n rol vir ‘vroue’ beskou is. In sy geval is daar dus nie net ’n botsing tussen sy eie narratiewe identiteit en die dominante fiksie van Nederland in die 1950’s nie maar ook ’n botsing tussen sy persoonlike werklikheid en die verwagtinge wat sy eie narratiewe identiteit en manlikheidskonsep aan hom stel.

Vir die repatriante na Nederland was die oorlogservaringe, die verlies van dit wat hulle as ‘hulle’ land gesien het en hulle repatriasie na, en gedwonge aanpassing by, die Nederland van die 1950’s traumaties. Na die bevryding uit die trauma van mishandeling en vernedering in die Japanse kampe kon hulle nie weer terugkeer na hulle ou lewenswyse nie. Hulle word gerepatrieer uit wat hulle as hul eie tropiese land beskou na ’n koue nat land waar hulle sonder veel simpatie of entoesiasme deur die burokraties-korrekte nakomelinge van Batavus Droogstoppel ontvang word:

Er stonden mannen op de kade, ze zetten een loopbrug tegen de reling, gooiden hun tassen op het dek en vlak voor het opengaan van de deuren sprongen ze aan boord. [...] de volwassenen dromden om de nieuwkomers heen. Dit was een plechtig moment, Holland kwam hen welkom heten. Maar de mannen pakten zwijgend hun tassen op. Een groet kon er niet af. (78)

en

De aan boord gekomen mannen deelden formulieren uit, het waren ambtenaren, hun welkom bestond uit papieren. (80)

Verder is daar ook ’n totale gebrek aan simpatie:

‘En,’ zei de ambtenaar in de eetsalon, ‘waar denkt u heen te gaan?’  
 ‘Ik weet het niet,’ zei de moeder.  
 ‘Familie?’  
 ‘Ik heb ze nog niet kunnen berichten.’  
 ‘Hoezo? Werkt de post soms niet in Indië?’  
 ‘Ik heb een klacht.’  
 ‘U kunt hier gratis telegraferen.’  
 ‘Ze hebben mijn thee gestolen.’  
 ‘Eerst de lijst, mevrouw.’  
 ‘Mijn koffer is opengebroke.’  
 ‘Mevrouw, u mag blij zijn dat u in Nederland word opgenomen.’ De ambtenaar keek niet van zijn papieren op. (81-82)

Vir Nederland was die repatriante ’n verleentheid. Nederland was voor die oorlog daaraan gewoond om aan homself as ’n middelgroot moondheid te dink. Elsbeth Locher-Scholten (1995:4) verklaar dat daar bepaalde parallele bestaan tussen individuele traumaervaringe en die kollektiewe Nederlandse ervaringe gedurende die tydperk 1945-1949:

In de eerste plaats was er de ervaring van overrompeling en machteloosheid. De uitroeping van de onafhankeljkheid van de Republiek Indonesië op 17 Augustus 1945 kwam als een volslagen verrassing voor de Nederlandse Regeering, voor de Nederlandse publieke opinie en voor Nederlanders in Indië.

Na die vergeefse poging van Nederland om Indonesië terug te wen, was daar ’n algemene gevoel van pyn en verslaentheid. Vir Nederlanders het dit beteken dat hulle so gou moontlik die hele koloniale episode wou vergeet ten gunste van die ou tradisionele protestantse waardes van fatsoenlikheid, spaarsaamheid en hardwerkendheid om dit wat nou nog maar net ’n klein verarmde landjie aan die Noordsee was, na die Duitse besetting te herbou:

Een verloren oorlog, de tweede in een decenium, en gedwongen afstand bezegelen de ervaring van machteloosheid en verlies. Verlies van kolonie, verlies van status: Nederland degradeerde in de ogen van bepaalde groeperingen van middelgrote mogendheid tot ‘een boerderij aan de Noordzee’. (Locher-Scholten, 1995: 5)

Volgens Locher-Scholten (1995:6) was die koloniale verlede en veral die tyd van oorlog en dekolonisering na 1950 “de blinde vlek op het nationale netvlies”, ’n goed bewaarde familiegeheim van die Nederlandse volk:

Zoals in elk psychologisch proces was dat verzwijgen-en-vergeten niet alleen een vermijden van de pijnplek; het had ook een andere functie. De jaren vijftig waren de jaren van nationale consensus, van ekonomische reconstructie en opbouw van de welvaartsstaat, van vooruit in plaats van achterom kijken.

Middelbare scholieren werden niet verveeld met recente geschiedenis [...] (Locher-Scholten 1995: 6).

Die probleem is verder dat daar in elk geval altyd verskille bestaan het tussen die hegemoniese manlikheid binne die *Indische* gemeenskap van Totoks en Indo's en die hegemoniese manlikheid van die Droogstoppels en hulle ondergeskiktes in Nederland. Die feit dat E.M. Beekman (1998: 17) opmerk dat die Nederlandse literatuur in Nederland "opvallend afkerig" was van die "romantiese beweging" terwyl die Nederlandse koloniale literatuur "een onderdeel van de romantiek" en "de enige duidelijke en doorlopende romantiese traditie van Nederland" was, dui daarop dat die hegemoniese manlikheid in Nederland veel sterker verbonde was met die "calculative rationality" (Connell 1995: 188) van 'n Batavus Droogstoppel as die mistisisme wat na vore kom by, onder andere, Couperus en die moeder en die susters in *Indische duinen*. Selfs al is die literatuur slegs 'n gedeeltelike refleksie van die gemeenskap waarin dit ontstaan, moet dit hieruit tog duidelik wees dat daar waarskynlik sterk verskille was tussen dominante fiksies van, aan die een kant, die Nederlandse en, aan die ander, die Nederlands-koloniale gemeenskappe.

Die gebeurtenisse in die 1940's in Nederland en Nederlands-Indië het die voorwaardes vir die voortbestaan van die onderskeie hegemonies patriargale strukture sterk ondermyn. In Nederland was dit moontlik om onmiddellik oor te gaan tot 'n proses van aanpassing om te sorg dat die hegemoniese manlikheid in Nederland behoue kon bly. Die ondergang van Nederlands-Indië het so 'n aanpassing daar onmoontlik gemaak met die gevolg dat die repatriante met hulle Nederlandse koloniale manlikheid in Nederland 'n groep met 'n gemarginaliseerde manlikheid geword het.



## Hoofstuk 3

### 'n Seun se soektog na en ontdekking van sy vader

#### 3.1. Die verlore vader

In *Indische duinen* is dit opmerklik dat die seun eers ongeveer 35 jaar na die dood van sy vader daartoe kom om die werklikheid van sy verhouding met sy vader en dié se dood te konfronteer. Dit is wel so dat in Van Dis se eerste boek, die novelle *Nathan Sid* (1983), die vader 'n belangrike rol speel, maar daar is nie werklik sprake van 'n ernstige besinning oor die probleme tussen vader en seun nie. Volgens Adriaan van Dis het *Nathan Sid* ontstaan uit 'n kosrubriek waarin hy oor sy "eigen eet-herinneringen" (Van Zonneveld, 2003: 210) geskryf het en waarin naas die kosallergieë van die hoofkarakter ook die konflik tussen 'n spandabelrige vader (wat altyd duur eksotiese disse wou kook) en 'n moeder wat rekening moes hou met die relatiewe armoede van die gesin na vore gekom het. Teen wil en dank maak die leser van *Nathan Sid* dan ook kennis met die vader se oordrewe strengheid teenoor die seun, sy konserwatiewe politieke siening en sy onbeheerste woedebuie.

Die naam Nathan Sid kom nie direk (daar is 'n indirekte verwysing na die letters van sy naam op p 304) in *Indische duinen* voor nie: die verteller bly anoniem. Tog gaan dit duidelik om dieselfde karakter: Nathan Sid en die verteller in *Indische duinen* woon onder dieselfde omstandighede en in 'n soortgelyke omgewing by die see; sy susters se name is ook Jana, Ada en Saskia; sy vader is net so oormatig streng en sterf ook voor die seun se elfde verjaarsdag.

Volgens Jaap Goedegebuure (1994: 74) lê die sleutel tot die verlies en die uiteindelijke herontdekking van die vader in *Indische duinen* in die slotparagraaf van *Nathan Sid*. Nathan se aanvanklike reaksie op die dood van sy vader is een van verligting:

Hij wilde zijn strenge vader helemaal niet zien. Stiekem dacht hij hoe fijn het was een halve wees te zijn,.... (68)

Hy kry berou en skuldgevoelens as sy ma hom vertel van hoe sleg sy grootouers sy pa behandel het. Hy probeer kompenseer, maar dit loop uit op 'n proses van ontkenning en 'n terugvlug in 'n kinderliker, veiliger situasie in die slotparagraaf:

Nathan had spijt van zijn halve-wees-fantasieën. Nu hield hij echt van zijn vader, al was het alleen maar omdat zijn zusters Pa Sid haatten. Ook zou hij hem voortaan verdedigen tegenover zijn vriendjes uit het duin, want die



lachten hem vaak uit omdat hij ze als sergeant toeblafte. Zou hij later ook zo worden? Hoe vaak had zijn moeder niet gezegd dat hij een aardje naar zijn vaartje had. Nathan was driftig en sloeg net als Pa Sid alles kapot. Nathan was gulzig, kon zich nooit beheersen, wilde niet sparen en het duurste was hem niet goed genoeg. Nathan moest nu het goede voorbeeld geven. Maar hoe dan zonder om op zijn vader te lijken? Nathan wilde niet verder alleen op de wereld. Het liefst bleef hij klein en kroop hij voor altijd weg onder zijn moeders jurk. Bij dat witte, waar het was zoals achter zijn gesloten wimpers, een veilige wereld waarin hij niets fout kon doen. (68)

Dit is duidelik dat die seun aan die einde van *Nathan Sid* moeite het om sy vader op 'n positiewe manier te objektiveer: die vader word, as hy sterf, nie deel van die seun se positiewe identifiserende narratief nie. Deels weens die negatiewe vergelykings wat sy moeder maak, neig hy tot 'n negatiewe identifikasie met sy vader: sy eie slegte humeur en sy gulsigheid sien hy as komende van sy vader en hy is bang dat sy gebrek aan spaarsaamheid 'n refleksie van die vader se spandabelrigheid is. Weens hierdie gemengde gevoelens en sy onvermoë om die situasie van sy vader in terme van taal positief te objektiveer, kan die vader op daardie stadium nie 'n positiewe identifikasiebron vir die jong seun word nie, die vader word nie die seun se held nie. In plaas daarvan vind daar in Freudiaanse terme 'n regressie plaas waarin die seun terugkeer na 'n gevoelsreaksie teenoor die vader en hy probeer ontvlug na die geslote beskermende wêreld van die moeder.

In *Indische duinen* word daar meer lig gewerp op die problematiese situasie van die seun met betrekking tot die konflik tussen die Nederlandse hegemoniese manlikheid waaraan die seun op skool en in die dorp blootgestel word en die werklikheid oor sy vader. In terme van die kleindorpse Nederlands-Calvinistiese hegemoniese manlikheid het sy vader geen status nie, sy persoonlike narratiewe identiteit en sy lewenswyse is vreemd aan die dominante fiksie van hierdie gemeenskap en dus kan hy, en daardeur tot 'n groot mate ook sy seun en die res van die gesin, nie by hierdie groep tuishoort nie. Ironies genoeg is dit juis met die dood van die vader dat die seun tot 'n mate die vader tot 'n trotse voorbeeld kan verhef en so 'n poging kan aanwend om 'n plek binne die dominante fiksie te vind:

Mijn vader zat thuis zonder baan, er was anders weinig om over hem op te scheppen, dood kon ik eindelijk over hem opscheppen. (131).

In 'n bepaalde opsig bring die dood van die vader in Freudiaanse terme (net soos die moord op die vader in *Totem and Taboo*) 'n einde aan die onderdrukking van die seun

deur “a violent and jealous father” (Freud, 1990: 202-203). In teenstelling met wat in Freudiaanse terme gebeur, loop dit vir die verteller as kind nie uit op ’n identifikasie met die gestorwe vader nie. Behalwe dat die vader besonder gewelddadig teenoor hom was, pas die vader se narratiewe identiteit en lewenswyse nie in by die narratiewe identiteit wat die seun nodig het om by sy tyd en die gemeenskap aan te pas nie. Aan die een kant veg die seun hard om lojaal te bly teenoor sy vader. Hy probeer om trots te wees op sy vader en hierdie trots te formuleer en terme wat vir sy medeskoliere aanvaarbaar is deur gebruik te probeer maak van die omstandighede wat tot die vader se dood gelei het:

Daar stond ik op het speelplein, een kring van jongens om me heen en ik vertelde over de dappere dood van mijn vader (130);

en neem in hierdie opsig selfs direk die rol van sy vader oor:

Ik speelde mijn vader [...]. Eindelijk een wond die hij durfde te tonen, beter dan het wild vlees op zijn rug, dit was een trotse wond, een onderscheiding bijna, belangrijker dan zijn medaljes (131);

en probeer dus direk voordeel te trek en aanvaarding te vind in terme van bemagtiging binne sy Nederlandse portuurgroep uit ’n aangepaste identifikasie met sy vader:

Ik was de held van het speelplein, een doorboord hart, daar had zelfs de grootste opschepper niet van terug. (131)

Die probleem is dat die dood van sy vader juis in terme van die mediese omstandighede juis nie heroïes was nie en dat dit dus ’n valse identifikasie was:

Alleen, ik sprak niet helemaal de waarheid, hij was al een jaar geleden geopereerd zijn hart klopte weer prima. De kou kreeg hem te pakken. Mijn vader stierf aan de A-griep. (131)

Die ironie is natuurlik dat “het wild vlees op zijn rug,” en “zijn medailles” (131) juis wel die simbole sou kon wees van werklike heroïes-manlike prestasies van die vader. Die voormalige koloniale hegemoniese manlikheid wat van hierdie “wild vlees op zijn rug” en “medailles” van die vader ’n held sou maak, het egter in die Nederland waarin die seun grootword ’n gemarginaliseerde manlikheid geword het waarin onder andere selfs die uiters haglike en onmenslike kampervaringe in die voormalige Nederlands-Indië getrivialiseer word:

‘Ach, jullie kolonialen hebben het lang zo erg niet gehad, lastig hoor, een paar jaar zonder baboe, maar toch altijd mooi weer en aan elke boom groeide een banaan. (135);

die koloniale oorlog en sy soldate liefs vergeet word:

Nederland had het te druk met de wederopbouw, wilde van verre helden niets weten ...Het was genoeg geweest, er waren genoeg zonen geofferd. Wie daar ooit vocht had verloren en kon er maar beter over zwijgen. (199);

en die stryd om die kolonies in terme van die opkomende post-koloniale waardestelsel as moreel verfoeilik beskou word:

In zijn tweede jaar in Nederland nam hij mijn drie zusters mee naar de kermis [...] de opgeschoten jongens riepen 'blauwe' tegen hen. Ze lachten erom [...] Maar ze moesten niet lachen toen die jongens mijn vader voor ploppermoordenaar uitscholden, dat woord kende ze alle vier: *pelopor*, een inlander die zich tegen het Hollandse gezag verzette. (199)

Weens die feit dat die vader na sy dood nie aan die seun 'n aanvaarbare identifikasie-model kan bied nie en die vader se voorheen byna onmenslik wrede metodes om 'n man van hom te maak binne die Nederland waarin die seun moet leef betekenisloos is, vlug die seun terug na die beskermende wêreld van die moeder. Hierdie beskermende wêreld van die moeder bestaan egter nie: die moeder is deur haar eie *Indische* ervaringe te getraumatiseerd om aan die seun veel beskerming te bied. In enige konfliktsituasie is die moeder geneig om haar te onttrek:

[...] onze moeder, ziende blind en Oost-Indisch doof. Ze wist zich altijd aan de strijd te onttrekken, ze zweeg of suste ruzies en praatte ieder naar de mond, onverschillig wie gelijk had, ze zocht voor alles een excuus.

'Zij was nog het bangst voor hem,' zei ik.

'Ze durfde geen partij te kiezen,' zei Saskia. (154)

Die *Indische* traumatisering van die moeder en die marginalisering van haar *Indische* ervaringe binne die Nederlandse dominante fiksie lei ook daartoe dat sy, na die dood van die vader, uit haar pad gaan om die vader se *Indische* wêreld te onderdruk. Onbedoeld word die jong seun deur hierdie handeling ook gedeeltelik ontnem van 'n deel van sy eie moontlike narratiewe identiteit:

Met mijn vader stierf ook Indië in huis. Mijn moeder wilde er niet meer aan herinnerd worden en dat kwam niet alleen door het kamp, maar vooral door de familie-rompslomp en alle lange tenen. In haar eerste huwelijk had ze al ervaren hoe moeilijk het was om in een bruine familie te trouwen, ze voelde zich nooit helemaal geaccepteerd. Hoezeer ze als jong Hollands meisje ook haar best deed Maleis te leren en zich de nieuwe cultuur eigen te maken, haar mans familie zag haar tog als een bedreiging en liet haar fijntjes buiten sluiten. Het was welletjes. Indië lag achter haar (159).

Tog probeer die verteller kort na die dood van sy vader hom tog met minstens 'n deel van sy vader se konsep van manlikheid identifiseer: die soort manlikheid waarmee hy wel sou kon inpas by die Nederlandse samelewing maar met 'n oordrewe taaiheid,

militêre manlikheid en verder onverdraagsaam teenoor bepaalde emosies wat in die roman met die woord “vent” geassosieer word. Die gevolg is dat as, na die dood van sy vader, mense hulle simpatie teenoor hom betuig, hy voel dat hy aan sy vader se eis van manlikheid moet bly voldoen (ten spyte van die feit dat hy nog maar net ’n tienjarige seun is):

Iedereen die ik op straat tegenkwam condoleerde me, en ik moest er elke keer verschrikkelijk bij huilen, niet omdat ik verdrietig was over de dood van mijn vader, maar omdat ik niet tegen hun medelijden kon. Ze gaven me de kans niet een man te zijn, ik wilde een vent zijn, een vent zonder tranen (112).

In die woorde van Doeschka Meijsing (1994: 107) was die verteller as kind “[...] een kleine, eenzame jongen aan de rand van de Nederlandse kust, in constant conflict verwickeld met zijn autoritaire vader”.

Na die dood van sy vader, en gedeeltelik in navolging van sy moeder, is sy enigste uitweg ’n doelbewuste losmaak van sy vader om so te probeer ontsnap aan die eensaamheid van buitestaanderskap. As hy ’n paar jaar na sy vader se dood puberteit bereik, word die situasie egter problematies: hy het sy oorlede vader as identifikasiefiguur verwerp en as lewende persoon is sy vader nie daar om aan hom enige leiding te gee nie:

[...] toen mijn baard opkwam, wist ik niet meer hoe ik het mes moest vasthouden. Het was de eerste keer dat ik mijn vader miste, zo’n zes jaar na zijn dood. Er was geen man in huis om mij mannendingen te leren. Nog weet ik niet goed naar welke kant je een lamp of een schroef losdraait, de gebruiksaanwijzing van elektrisch apparaat drijft me tot wanhoop (131).

Tydens sy puberteit kan die res van sy gesin hom ook nie help nie, daar is geen positiewe mansfigure nie en boonop bly sy ma afstandelik terwyl sy susters hulle eie lewens begin lei het. Verder bly die gesin se *Indische* en kampervaringe vir hom vreemd.

As gevolg van sy regressie en die gedeeltelike onvermoë om ’n narratiewe identiteit wat sy vader en sy vader se wêreld as held en model insluit, op te bou, het ons hier by die seun te doen met wat Rutherford (1992: 143) “the failure of paternal love” (en daarmee die mislukking van die simboliese wêreld en die narratiewe identiteit van die vader) en “the longing for a good father” sou noem. Onder hierdie omstandighede bly daar vir die seun nie veel meer oor as om hom te probeer losmaak van die mislukte identifikasiefiguur wat nie in staat was om aan hom “a sense of destiny and



becoming” (Rutherford, 1992: 143) te gee nie. Gedurende sy studentejare neem hy ’n stap wat op ’n totale breuk met sy vader neerkom: hy kies bewus vir die nooitensvan van sy moeder en verwerp die geleentheid om amptelik sy vader se familienaam aan te neem. Sy bron van identifikasie word die naam van die moeder in plaas van die naam van die vader:

[...] zodra ik ging studeren, koos ik voor mijn moeders meisjesnaam. Ik wilde niet meer aan die man herinnerd worden en aangezien hij toch nooit met mijn moeder was getrouwd, had ik daar het volste recht toe. Ik dacht hem zo voorgoed uit mijn leven te schrappen. Bovendien was het geslacht van mijn moeder veel ouder. Behalve bastaard ben ik ook een snob (149-150).

Deur hierdie ontkenning van sy vader ontken hy egter ook ’n gedeelte van homself. Deur te weier om tot enige vorm van identifikasie met sy vader en dié se wêreld te kom, deur dit bloot in ’n negatiewe sin te sien, gee hy ’n gedeelte van sy kapasiteit prys om as vollediger mens tot onafhanklikheid en volwassenheid te groei. Sy poging om te ontkom aan die eensaamheid, die “alleen op de wereld” (68) wees, wat identifikasie met sy vader se gemarginaliseerde manlikheid sou meebring, beteken egter dat die gedeelte van sy bestaan waarby sy vader betrokke was in ’n toestand van ongeobjektiveerde onvolwassenheid bly wat nie in woorde nie, maar wel in terme van gevoelens van (hoofsaaklik) haat en sinisme uitgedruk word:

Ik dacht dat ik hem goed in bedwang had, vastgestampt onder zoden van cynisme, [...]. Jaren was mijn haat een houvast, alles wat ik deed of naliet kwam voort uit verzet tegen mijn vader. (132)

In navolging van sy moeder het hy hom gedurende sy volwasse lewe soveel as moontlik los probeer maak van sy eie *Indische* agtergrond en die militêre agtergrond van sy vader. Tot en met die dood van sy tweede halfsuster, Ada, het hy soveel moontlik hierdie afstand tussen hom en sy *Indische* agtergrond, sy familie, en daarmee sy herinnering aan sy vader, gehandhaaf. Hy verklaar dat hy sy vader “goed in bedwang” gehad het, dat sy herinnering aan sy vader “vastgestampt [was] onder zoden van cynisme” en “dat hy weigerde verder over hem na te denken” (132). Hy kan egter nie aan sy vader bly ontsnap nie, want “met de jaren merkte ik dat ik meer eigenschappen van hem had dan ik leuk vond” (132).

Die probleem is volgens Rutherford dat die afwesigheid, in sielkundige terme, van minstens ’n konsep van die goeie liefhebbende vaderfiguur met wie ’n seun kan identifiseer, en die uiteindelijke onvermoë van sy moeder om aan die seun se behoefte



aan liefde en identifikasie te voldoen, die seun se wêreld omskep in 'n "very narrow, often insecure place in which to live" (Rutherford, 1992: 172). Dit laat die seun ook met 'n verborge onderliggende verlange na 'n liefhebbende vaderfiguur en die "expectation of his potential presence" (Rutherford, 1992: 143) wat hom uiteindelik dwing tot 'n proses van herontdekking van die vader..

### 3.2. Die pad na herontdekking van die vader

Tot dusver het ek gekyk na die bron van die mislukking van die seun se identifikasie met die vader in *Indische duinen*. Die grootste gedeelte van die roman gaan egter oor die herontdekking van die vader, en daarmee die "hervertelling" van die verhouding tussen die vader en die seun. Die periode waarin die verteller se soektog plaasvind waartydens hy probeer sin maak uit sy eie verlede en sy verhouding met sy vader, beloop ongeveer vier maande: dit begin met die dood van sy middelste halfsuster Ada en eindig met die dood van sy oudste halfsuster Jana in Kanada. Die ses hoofstukke van die boek, sonder die proloog en die epiloog, speel hierbinne af. Gedurende hierdie vier maande herbeleef hy sy ervarings as kind met sy vader en probeer hy die onderliggende redes vir sy vader se gedrag ontdek.

Die pynlike herbelewenis van die seun se eie ervarings van sy vader dek die ses-en-veertig jaar vanaf sy geboorte en bevat sy vroegste herinnerings aan sy vader, sy onlangse belewenisse en sy verhouding tot die res van die gesin. Dit begin met die eerste sin van die eerste hoofstuk: "Zesenvestig jaar later stond ik aan het sterfbed van mijn halfzuster" (83) en eindig voor die epiloog. Hier het ons die bewussyn by die verteller dat sy eie herinnerings sterk deur sy pyn en emosies gekleur is:

Ze zeggen dat pijn geen geheugen heeft. Toch voelde ik wandelend door de straten van mijn oude dorp de stuiters steken. Het was geen herinnering maar pure gewaarwording. Hysterische verbeelding. Urenlang, daar kon geen zandloper tegenop (287).

Die pyn is egter nie tevergeefs nie, Doeschka Meijsing (1994: 107) noem dat:

*Indische duinen* [gaat] over de haat-liefde verhouding tussen de vader en de zoon, waarbij de haat het in de herinnering lijkt te winnen. Tegelijkertijd is de roman een liefdesverklaring aan de vader, omdat diens geschiedenis eindelijk eens wordt opgeschreven.

Die proses van hierdie herontdekking van die vader begin byna ses-en-dertig jaar na die dood van die vader met die dood van sy tweede halfsuster Ada. Die aanwesigheid

van Aram, Ada se tienerseun, bring die dood van sy eie vader terug. Onwillekeurig identifiseer hy homself met Aram, veral omdat Aram se vader 'n volkome ontoereikende vaderfiguur blyk te wees en Ada, weens haar man se toestand, die grootste deel van die gesins- en opvoedingsverantwoordelikheid op haar skouers gedra het. Soos daar by die verteller “geen man in huis” was om hom “mannendingen” (131) te leer nie, so het Aram niemand by wie hy bepaalde dinge kon leer nie: “Zijn sukkel-vader bood geen enkel voorbeeld” (132). Die verteller kyk hiermee vanuit 'n volwasse perspektief na die verlies en rou (129) by die seun Aram en ook na Aram se verhouding met sy 'n vader. Hierdie volwasse blik op Aram se situasie bied aan die verteller die moontlikheid tot 'n ander perspektief op sy eie verhouding met sy vader.

Op Ada se begrafnis word hy gekonfronteer deur 'n ou dame, tante Nikki, wat saam met sy moeder in 'n Japanese kamp was. Sy sien onmiddellik die fisiese ooreenkoms tussen hom en sy vader raak en konfronteer hom met sy negatiewe houding teenoor sy vader. Sy beweer dat daar, ten spyte van sy huidige houding, tog 'n liefdesband tussen hom en sy vader bestaan het:

Tante Nikki pakte me bij beide polsen en keek me strak aan. ‘Je hebt zijn ogen,’ zei ze.

[...] ze hield me stevig vast, [...] ze dwong me haar aan te blijven kijken.

‘Je vader had ook goeie eigenschappen. Je denkt dat je hem haat, maar als je hem alleen maar zou haten zou je niet zijn wie je nu bent. Je hield ook van hem en hij hield van jou. Hij verwachtte zoveel van je, je was zijn enige zoon. Hij moet honderden foto’s van je hebben genomen. Maar hij was ook ziek, ik weet het. Ik heb gezien hoe je als kleuter na hem opkeek, hoe je hem bewonderde en naar zijn liefde hunkerde.’

[...] ‘Sta je toe ook aan zijn aardige kanten te denken. Ze zitten ook in jou, als je alles in hem haat, haat je ook jezelf.’ Ze zei het streng en met een grote zekerheid, en hoewel mijn hele lichaam zich tegen haar verzette, ging er toch een grote rust van haar uit.” (124-125).

Die verteller word dus direk gekonfronteer met 'n uitdaging om te probeer om die goeie sy van sy vader te herontdek en ook homself in sy vader te sien. Tante Nikki se stellings, sy eie geheue, die feit dat hy as volwassene dinge anders sien, sowel as sy identifikasie met Aram, skep by hom die ongemaklike gevoel dat daar meer in sy vader en dié se houding tot hom steek as wat hy wil erken. Aanvanklik, omdat hy 'n lewe opgebou het sonder identifikasie met sy vader, wil hy nie sy vader herontdek of begryp nie:

Sinds Ada's dood rijpte voor het eerst een vaag begrip en juist dat maakte mij zo kwaad, ik wilde de man die me elf jaar had vernederd niet begrijpen (132).

Ondanks die feit dat hy vir jare selfs die gedagte aan sy vader probeer vermy het, is dit duidelik dat hy tog nie aan sy vader kon ontsnap nie. Hy het naamlik:

[...] meer eigenschappen van hem [...] dan ik leuk vond, [...]. Ook ik kon niet met geld omgaan, ook in mij woelden driften en wellust, ik had zijn charme, zijn praatlust en zijn neiging tot overdrijven. En hoeveel hekel ik ook aan die eigenschappen had, het lukte me niet ze allemaal te weren. Al scherend zag ik mezelf meer en meer op hem gaan lijken. Langzaam drong het tot me door dat ik mijn vader slecht kende (132).

Sy vader en sy verlede word vir hom 'n obsessie:

Alles irriteerde me die dagen: ik schold op het televisiejournaal, smet de kranten in een hoek. Oorlog, onrecht, ziekte, ik verdroeg het niet langer, er mocht geen zwakheid zijn en om mij te verdedigen strooide ik zout in de familiewonden. Spot en vitriool over mijn vaders graf, waarom? Mijn woede werd ik er niet mee de baas. Integendeel, ik verzette mezelf tegen de vernederingen die mijn ouders moesten ondergaan en toch wilde ik ze straffen, ja, ik verlangde zelf naar straf. Ik begreep mijn woede niet (196).

Die nuwe perspektief wat hy deur sy identifikasie met Aram en die woorde van tante Nikki gevind het maak Rutherford (1992: 143) se "expectation of [...] potential presence" van die vader in hom wakker, hy word daartoe gedryf om sy verhouding met sy vader direk te konfronteer.

Die verteller begin dus die woede wat hy vir byna ses-en-dertig jaar onder 'n laag van sinisme, haat en vergetelheid onderdruk het, te erken. Omdat hy egter nog nie op die vlak van woorde en vertellings met die beeld van sy vader begin werk het nie, bly hy vassit in sy eie onbegrip. Waartoe hy wel oorgaan, is om te probeer om homself as 'n alternatief vir sy vader daar te stel deur sy identifikasie as volwassene met die jong Aram:

[...] 'Dat ik onder geen beding naar Canada ga en hier blijf om op Aram te letten. Ik zal als een tweede vader voor hem zijn, een rots in de branding.' (174)

Dit lei tot die gedagte om sy vader se nalatenskap te besweer deur Aram aan te neem en homself as alternatief tot sy eie vader daar te stel:

[...] wat zou het niet een mooie wraak op vroeger zijn, een kind opvoeden en nooit slaan (179).

Hy besef egter byna onmiddellik dat hy, net soos sy vader, dalk nie werklik toegerus is om sy eie alternatiewe opvoedingsmetodes ten uitvoer te bring nie en dat dit, soos in die geval van sy vader teenoor hom, miskien moeiliker sou wees as wat hy dink:

[...] Maar heavy metal in mijn huis, graffiti op de muur? Zou ik in staat zijn hem vrij te laten in zijn smaak? Ik zou het slechte van hem willen afhouden en hem daarmee in zijn vrijheid beknotten. Het ontbrak me aan geduld hem zijn eigen fouten te laten maken. Mijn vriendelijkheid was een pose, ik kende dwang achter mijn stem, de verzwegen vloeken, het zwart in mijn ogen en mijn ingehouden drift. Ik kon niet eens voor een hond zorgen. (179)

Hier het ons dan die begin van die besef dat hy, om homself te leer ken, op 'n ander manier as dié van 'n onvolwasse kind, dinge met sy vader moet opklaar. Daar is 'n breuk, 'n disjunksie in sy lewe. Ter wille van sy eie groei en volwassenheid, ter wille van 'n sterker sin van die self, is dit noodsaaklik dat hy vir homself die verhaal van sy vader moet uitwerk.

### **3.2.1. Die verteller se innerlike noodsaak om sy vader te herontdek**

As gevolg van sy nuwe perspektief begin hy erken dat daar 'n disjunksie in sy lewe was wat beperkinge op sy ontwikkeling en groei as volwassene geplaas het en nog plaas. Hy begin homself afvra of sy probleme met byvoorbeeld vaste menseverhoudings (“[m]ijn vriendin had weer eens geen tijd om mee te gaan” p. 267); en sy onredelike woedebuie (onder andere teenoor sy hond) nie teruggevoer kan word tot hierdie probleem nie. Hierdie besef en die feit dat die probleem na soveel jare by hom kom spook, maak dit vir hom noodsaaklik om sy vader te probeer herontdek. By die dood van sy vader was hy te jonk en sy ervaringe van sy vader te gewelddadig en intens om hulle werklik onder woorde te kon bring. Hy ken sy vader feitlik slegs op gevoelsvlak maar is nie in staat om 'n deurdagte, rasionele beeld van hom te vorm nie. Dit is dus moeilik om 'n samehangende narratief van sy vader te vorm, pogings tot op daardie stadium om so 'n narratief oor sy vader te skep maak van sy vader weinig meer as 'n karikatuur.

Vroeg in *Indische duinen* is daar inderdaad aanduidings dat die volwasse verteller, op daardie stadium, nog steeds hoofsaaklik emosioneel reageer wanneer sy vader ter sprake kom. Hy kan nie objektief reageer nie. In 'n gesprek met sy jongste halfsuster, Saskia, is hy nie bereid om enigiets positiefs oor sy vader van haar te aanvaar nie, maar is hy tog oordrewe besitlik en jaloers op sy vader. Op 'n aanmerking van Saskia



oor sy vader en die oorlog vroeër word hy duidelik jaloers: “Blijf af, dacht ik, mijn vader is van mij” (137). As sy hom met sy jaloesie konfronteer, gee hy dit geredelik toe:

“ ‘Jij was jaloers.’

‘Ja,’ zei ik met volle mond, ‘mijn vader was van mij, hoe gemeen hij ook was. Jullie speelde hem tegen mij uit. Of je heulde met hem als hij zijn woede weer eens op mij koelde en dan voelde ik me in de steek gelaten, of jullie maakten hem achter zijn rug belachelijk en dan schaamde ik me. Wie op hem neerkeek, keek ook op mij neer. En mijn vader genoot van dat spel, we kronkelden onder zijn hand.’ (153)

Weens die vroeë dood van sy vader, die karakter van sy vader en die gemeenskap waarin hy grootword, het die verteller nooit aan hierdie emosionele binding ontsnap nie. By die verteller het ons aan die begin van die boek eintlik te doen met wat Christopher Bollas (Rutherford, 1992: 96) “the failure of linguistic representation” noem en wat hy verder karakteriseer as “the unthought known” met ander woorde ’n wete wat op ’n basiese vlak bestaan maar nie deurdink kan word nie. Die verteller het sy koloniale vader ervaar, hy voel pyn en besitlikheid, maar hy kan sy ervaring en gevoel nie beredeneer of vertel nie. Hy sit vas in ’n preverbale “failure of communication” (Rutherford, 1992: 96) wat teruggaan na sy keuse vir ’n veilige emosionele band met sy moeder na die dood van sy vader (68) waarin hy destyds ontvlug het om die problematiese implikasies van ’n vertelde vader te vermy. Inderdaad sou dit, as gevolg van sy jeug en sy oormaat aan angs en vrees, tesame met die versweë traumatiese omstandighede van die gesin, feitlik onmoontlik wees om oor te gaan tot so ’n vertelde konfrontasie. Die gevolg is dit wat Willie Burger (2003: 161) die “diskontinuiteit van die self” noem: ’n onvertelde gedeelte van die verteller se lewe wat ontgin en vertel moet word. Willie Burger, in aansluiting by Ricoeur se konsep van “narratiewe identiteit”, verklaar dat “[o]m te verstaan wie ons is, [dit noodsaaklik is] om in staat daartoe te wees om ons stories te volg.” Paul Ricoeur (1990: 158) lê nadruk op die menslike vermoë om betekenis te skep deur vertelling. Sonder om te vertel, sonder die skepping van ’n “narratiewe identiteit” kan daar geen betekenis bestaan nie en word trauma’s verswyg. Daar is ’n onvertelde trauma’s by die verteller, en by ander *Indische* repatriante en hulle kinders, wat nie gevolg en onder oë geneem kan word nie.



Binne die Nederlandse gemeenskap van die 1950's was daar egter ook 'n verdere probleem wat in die pad gestaan het van so 'n koherente narratiewe identiteit. In die heropbouende en sosiaaldemokratiserende Nederland van die vyftiger-, sestiger- en sewentigerjare was die dominante diskoers nie ontvanklik vir die vertel van die trauma van dekolonisasie nie. Die *Indische* ervarings van die repatriante en hulle kinders het buite die dominante fiksie gestaan wat die Nederlanders besig was om vir hulleself op te bou, hulle ervarings is geïgnoreer en hulle was verder hopeloos wanaangepas. Binne die skoolverband is hierdie kinders onmiddellik geïdentifiseer as persone wie se persoonlike narratiewe identiteit vreemd was aan die dominante fiksie en wat dus nie by die groep tuishoort nie. In die woorde van Els Groeneweg (189):

Onze ervaring telde niet mee op school, we werden als domkoppen behandeld en waren verschrikkelijk achterop geraakt. Ik was de oudste van de klas, maar ook de kleinste, na tweeënhalp jaar kamp even klein als toen ik erin ging, geen centimeter gegroeid.

Hulle was gewoon aan 'n meer tradisionele magstruktuur, sowel as aan 'n hele aantal onverwerkte traumatiese gebeurtenisse:

En brutaal die Hollandse kinderen! Wij koloniaaltjes waren gewend tegen de leraren op te kijken. Maar wat hadden mijn klasgenoten nou meegemaakt? Grote mond over de moffen,[...] Ik had gezien hoe mensen elkaar martelden, en hoe gemeen kampgenoten onder elkaar konden zijn. Liegen stelen en bedriegen en na de oorlog in Palembang zag ik gestenigde lijken [...] rijen langs de rivier. Geen woord erover in de klas natuurlijk, je keek wel uit.

Verder is hulle gekonfronteer met die opkoms van sterk linksgesinde en antikoloniale sentimente wat van elke repatriant uit die kolonies outomaties 'n uitbouter en 'n onderdrukker gemaak het:

Sommige leraren waren heel rood en die hadden ontzettend de pik op kinderen uit Indië, ze treiterden ons met verhalen over luie kolonialen, we waren onderdrukkers, uitbouters. En je kon makkelijk zien dat we uit de tropen kwamen. Met ons gele vel en onze holle ogen. Op het schoolplein scholden ze ons uit voor dubbele bonnenvreters. Ik schaamde me rot.' (189)

Die verteller se jongste suster, Saskia, word dan ook uiteindelik deel van 'n terapeutiese groep van kinders van *Indische* ouers wat in die 1990's begin om aan die gewese repatriante en hulle kinders die kans te gee om deur vertelling binne groepsverband sin te probeer maak uit hulle vroeëre traumas. Sy merk dan ook op: "Wij hebben allemaal zwijgende ouders" (137). Die tyd waarin die verteller en sy halfsusters grootgeword het, en waarin ook die kinders van ander repatriante moes

grootword, was 'n tyd van swye en van, volgens Edie Seriese, (1995: 61, 62), die “vermomming [van *Indische* mense], als Nederlanders”. Daar was 'n bewuste strewe tot die marginalisering van hoogs traumatiese oorlogservarings en om dié werklikhede, en die bestaan van 'n voorheen hegemoniese koloniale manlikheid, juis nie te vertel nie, maar eerder te “vergeten”. Volgens Seriese (1995: 62) was dit eers “[e]rgens in de jaren '80” dat die tweede generasie vrae begin stel het oor “waarom ze hier lag, en waarom zó.”

Rutherford (1992: 11) noem dat Raymond Williams praat oor die opkoms van nuwe maatskaplike groepe en kulturele identiteitsvorme en dat hierdie nuwe vorme eers uitdrukking moet vind in wat hy “*oppositional artistic practice*” (Rutherford, 1992: 11) noem. Eers in die 1980's en 1990's het dit vir repatriante uit die voormalige Nederlands-Indië moontlik geword om hulle ervaring uit te druk. Hierdeur word *Indische duinen* inderdaad so 'n opposisionele kunsuitdrukking. Die roman vertel dié dinge wat tussen die 1950's en die 1980's nie vertel kon word nie. Sodra hierdie “vertel” moontlik was, word dit duidelik dat dinge nie so eenvoudig was nie en dat daar ook ander, minder voor die hand liggende slagoffers van die kolonialisme en die dekolonisasie was.

### 3.2.2. Die probleem van herontdekking

Vir die verteller in *Indische duinen* is die probleem dat alles waarna hy soek en wat hy moet herontdek en vertel tot ses-en-dertig (die dood van sy vader), ses-en-veertig (sy jeug met sy vader) en selfs ses-en-sestig jaar (toe sy vader tien jaar oud was) in die verlede lê. Sy eie herinneringe, die herinneringe van sy vader se tydgenote en van sy gesins- en familieleden is onbetroubaar. Daarby kom die bewussyn van die neiging by sowel sy vader destyds as sy moeder en van die ander karakters tot op die huidige stadium tot oordrywing, ontkenning, verwatering en selfs blatante leuens:

“Mijn vader zegt dat ik nooit mag liegen, hij liegt elke dag” (195)

en:

Mijn moeder had de neiging de familiegeschiedenis telkens te herschrijven als er weer eens een weggemoffeld feit uit de vergetelheid naar boven borrelde. [...] Sinds ze ouder en vager werd, sprak ze zich in haar leugens steeds meer tegen. (158)

Dit illustreer die problematiek van hierdie tweede generasie. In Hoofstuk 1 hierbo verwys ek na die narratiewe identiteit soos beskryf deur Paul Ricoeur (1990, 1992) en die probleem beskryf deur Pamela Pattynama (2003: 276, 277) van 'n identiteit verbonde aan 'n "Indische" verlede wat los staan van direkte en persoonlike ervaringe. Hierdeur word so 'n narratiewe identiteit feitlik bewustelik 'n skepping van die verbeelding onder die invloed van "half verzwegen familieverhalen en historiografie".

Dit is nie verniet dat Jaap Goedegebuure (1994) *Indische duinen* beskryf as 'n "Wajangspel in de kou" nie. Die Indonesiese "Wajang" teater is 'n skimmespel met marionette wat skaduwees gooi op 'n doek. Die resultaat is 'n oortuigende *illusie* van werklikheid agter die doek. Hierdie soort herskepping met leuens, illusies en fiksionalisering, is vir die verteller die enigste moontlike manier om op 'n simboliese vlak by die waarheid uit te kom. In *leesdossier/Indische duinen* (2003:3) word Adriaan van Dis dan ook as volg aangehaal: "Het is het meest gelogen boek dat het dichtsbij de waarheid ligt". Hier is duidelik sprake van 'n persoonlike waarheid wat die verteller, deur middel van die vertelproses, tot 'n oplossing van sy vader-seun-problematiek bring. *Indische duinen* is die relaas van 'n proses van lang-vertraagde en traumatiese simboolvorming. Deur die skepping van 'n verhaal, wat deel word van sy eie narratiewe identiteit, word dit vir die verteller moontlik om persoonlike betekenis te gee aan gebeurtenisse uit sy eie verlede en die verlede van sy vader.

### 3.2.3. Die vader as medeslagoffer

Sodra die seun die vader werklik begin ontdek, word dit duidelik dat die vader in werklikheid, nes die seun, 'n slagoffer was. Ook die vader is blootgestel aan traumatiese gesins- en jeugervaringe waarvoor hy moeilik woorde sou kon vind:

[...] het gruwelijke verleden van de vader bepaalt ook de verhouding tot de zoon. Die wordt met wrede en harde hand opgevoed – hij krijgt alle dagen slaag – en ten slotte komt hij ertoe de haat tegenover zijn gestorven vader uit te spreken. (Meijsing, 1994: 107)

Die verhoudingsprobleme in die boek staan direk in verband met die aard en geskiedenis van Nederlandse koloniale en postkoloniale manlikheid. Die vader, die gesin waarin die vader gebore is, die Nederlandse koloniale ryk, die Japanse besetting, en uiteindelik die postkoloniale Nederland waarna die gesin gerepatrieer is, was onderhewig aan die verskillende vorme van patriargale en hegemonesse vorme

van manlikheid. Daarby kom dan ook die verskillende uitdrukkings van dominante fiksies wat die verhoudinge tussen vader en seun en hulle integrasie by die gemeenskap bepaal het sowel as die historiese trauma wat hierdie integrasiepatrone versteur het en tot die ontmagtiging van veral die vader gelei het. In die woorde van Doeschka Meijnsing was die vader:

een man die trouw Nederland en Oranje heeft gediend in het leger en in Nederlands-Indië, in de oorlog flink heeft moeten boeten – en eenmaal in Nederland aangekomen nergens verhaal vindt voor zijn ontberingen, behalve dan misschien bij zijn enige kleine zoon [...] (Meijnsing, 1994: 107).

en is sy geskiedenis dié van:

de geïsoleerde posisie van een oud-Indischman die, geknakt door de nieterkenning van zijn loyaliteit aan het Nederlands gezag, die zijn dagen in steeds groter wordende drift in een Hollands dorp slijt (Meijnsing, 1994: 107).

Hierdie drif van die vader en sy koloniale, manlikheids- en vaderskapsopvattinge en die botsing tussen hierdie opvattinge en die nuwe Nederlandse hegemoniese manlikheid is dus uiteindelik tot 'n groot mate verantwoordelik vir die probleme tussen die vader en die seun. Dit is my oogmerk om in die volgende hoofstuk te kyk na die seun se ontdekking van die agtergrond en invloede in die vader se lewe wat aanleiding gegee het tot die problematiese verhouding tussen hulle.



## Hoofstuk 4

### Just 2 as koloniale en postkoloniale man en vader

#### 4.1. Die vader se problematiese simboolvorming

Sodra die seun sy vader, Just 2 (om hom te onderskei van Just 1 wat na die moeder se eerste man verwys), se agtergrond begin ondersoek, kom hy af op die “gruwelike” (Meijsing, 1994: 107) verlede van sy vader. Hierdie traumatiese verlede kan, net soos in die geval van die verteller, teruggevoer word tot sy tiende lewensjaar met die selfmoord van die man wat Just 2 as sy vader beskou het toe hy ook nog maar tien jaar oud was. Terselfdertyd blyk dit dat, as gevolg van die owerspelige aard van sy moeder, hierdie man waarskynlik nie sy biologiese vader was nie. Verder was daar agtereenvolgens die feit dat sy moeder hom en die ander kinders in ’n weeshuis geplaas het sodat sy ongesteurd die geld wat sy van haar gestorwe man gekry het, kon spandeer; die vernederings wat hy gedurende sy militêre loopbaan ondergaan het (waardeur hy onder andere sy hare permanent verloor het); die verlies van sy persoonlike besittings toe die skip waarop hy deur die Japanners vervoer is, getorpedeer is; sy dwangarbeid aan ’n spoorweg in Sumatra wat baie van sy medegevangenes se lewens gekos het; sy mishandeling deur die Japanners; sy volkome verlies aan mag, status en gesondheid in Nederland; die volkome onsimpatieke houding van die Nederlandse owerhede wat hy altyd getrou gedien het en sy uiteindelijke onvermoë om hom by die Nederlandse samelewing van die 1950’s aan te pas.

Just 2 se militêre opleiding, die behandeling wat hy daar ontvang het, die Japanse besetting, die naoorlogse gedwonge Nederlandse dekolonisering en die naoorlogse Nederland waarheen die gesin gerefugeer is, het een vir een Just 2 se waardes en simbole beproef. Hy moes voortdurend hierdie waardes en simbole aanpas en verder rasionaliseer. Dit hoef dus nie as ’n verrassing te kom dat voortdurende weerbaarheid en paraatheid, en die besonder streng vereistes wat hy daardeur aan homself en aan sy seun sou stel, die dryfveer geword het in die opvoeding van sy seun nie.

In die eerste hoofstuk het ek genoem dat Melanie Klein (Rutherford, 1992:95) die proses beskryf waardeur ’n persoon bly soek na simbole waardeur hy of sy verligting van pynlike ervarings kan vind. Just 2, die vader in *Indische duinen*, kon aanvanklik

sy pynlike ervaringe aanvaarbaar maak deur hulle te koppel aan die vooroorlogse dominante fiksie van die groei en bevordering van sy koloniale ideale, waardes en opvattinge. Die pyn van sy vernedering in die leer was die prys wat hy betaal het ter wille van sy eie narratiewe identiteit met die belofte van 'n militêre loopbaan wat binne die dominante diskoers roem, eer en status aan hom sou besorg. Sy lyding in die kampe kon hy rasionaliseer deur sy geloof in die positiewe sy van die kolonialisme en die Westerse beskawing. Uiteindelik blyk al hierdie pynlike en vernederende gesins-, militêre, oorlogs- en kampervaringe tevergeefs te wees as gevolg van die ontkrigting van die voorheen dominante fiksie en bly daar vir hom slegs 'n jong seun oor deur wie hy moet probeer om sy hoop en ideale te verweselik en sin aan sy eie lewe te gee.

Die gevolg is dat die seun spesiale aandag kry sodat hy byvoorbeeld al kan lees en skryf voordat hy skool toe gaan. In 'n denkbeeldige gesprek met sy vader verklaar die verteller:

Je wilde dat ik op mijn vierde kon lezen en schrijven, het is je gelukt. Lange woorden moest ik zonder hapering uitspreken, ritme, daar ging het om. Ik moest de zinnen lezen op het ritme van de liniaal, om de regel een tik. [...] Ik kon de eerste klas wel overslaan (211).

Die seun moet ook sterk en weerbaar gemaak word omdat daar nog altyd die oorlogsbedreiging van byvoorbeeld die kommunisme oor die Westerse beskawing hang. Die seun moet (Sars, 1996: 18) “door lichaaamlike tucht” gesuiwer word van “Indische luiheid en slordigheid, [...] een zwak karakter en verkeerde Hollandse invloeden”. Die vader is persoonlik verswak en verneder maar desperaat dat sy seun iets van die dinge wat hy as belangrik ag, dus bepaalde aspekte van sy narratiewe identiteit in die vorm van 'n fiksie van suiwerheid, Westerse beskawing en manlike fisieke weerbaarheid, bly handhaaf. Hierin staan die vader diep in die tradisie van die beskawingsimbole en die gepaardgaande manlikheid wat die hele Nederlandse vorm van die Westerse beskawing en die Nederlandse kolonialisme van die begin af aan geregverdig het. Die ironie is dat terwyl die vader in terme van die seun se behoeftes die mislukking van betekenisvorming en identifikasie verteenwoordig, dit duidelik blyk dat die vader juis wel probeer het om aan die seun, in die woorde Rutherford (1992: 143), “a sense of destiny and becoming” te gee.

Die mislukking van die vader se strewe om betekenis aan die seun se lewe te gee, kom in werklikheid juis voort uit sy konsep van manlikheid en vaderskap. Hierdie

konsep, en die vader se gepaardgaande narratiewe identiteit, kon in die vyftiger- en sestigerjare eenvoudig geen aanklank meer in Nederland vind nie. (Righart, 1995: 74-107 en 114-244) Tog was hierdie opvattinge op 'n stadium deel van die hele Nederlandse beskawingsprojek en die gepaardgaande Nederlandse dominante fiksie, en het hierdie soort koloniale manlikheid tog nog 'n verwantskap bly vertoon met Nederlandse manlikheidsopvattinge in die 1950's.

#### 4.2. Vaderskap, manlikheid en Nederlandse kolonialisme

Die vorm van koloniale manlikheid soos gepropageer deur die vaderfiguur in *Indische duinen* word in die boek verbind met die woord 'vent'. Vir Just 2 beteken 'vent' "manlik wees" en wel 'n geïdealiseerde militêr-parate, rassistiese en koloniale manlikheid. Kort na die dood van sy vader probeer die seun nog aan die vader se norm van manlike "vent"-wees voldoen. As volwassene verwerp hy egter volkome sy pa se soort manlikheid:

Hij beroepsmilitair, ik lakte mijn nagels om aan de dienst te ontsnappen. Hij een man van de klok, ik zonder en als het even kon te laat. Kracht, spieren, zweet, hoe zwak hij zelf ook was, hij spelde de sportpagina's; ik moest al kotsen bij het zien van een voetbalschoen. Mijn haat was een bron van energie.'

Die vader in *Indische duinen*, het 'n besonder problematiese proses van simboolvorming ondergaan weens sy posisie in Oos-Indië en sy problematiese jeug. By hom is daar 'n kombinasie van verskillende hoofsaaklik koloniaal-Westers gefundeerde opvattinge van manlikheid en vaderskap gewortel in sy koloniale opvoeding en situasie, sy koloniale gesinsagtergrond en sy militêre en oorlogservaringe. Hy bevind hom egter in 'n gemarginaliseerde posisie in 'n postkoloniale Nederland. Sy seun word gebore in 'n gesin wat uit die voormalige kolonies gerepatrieer is en in 'n heropbouende en sosiaal-demokratiserende Nederland moet leef. Die kombinasie van die ouer dominante fiksie van "fatsoenlike" en "protestants-etiese" opvattinge en 'n ontluikende dominante fiksie met sterk sosiaal-demokratiese gelykheidsopvattinge in Nederland bots met die vader se pogings om die seun aan die een kant te beskerm teen die invloed van die "Indische luiheid en slordigheid" van 'n soort koloniale "Ander" en aan die ander kant teen, vir die vader, die ontluikende gevaarlike "Ander" van "verkeerde" en "sosialistiese" Nederlandse invloede (Sars, 1996: 16, 18).

### 4.3. Just 2 as patriargale manlikheidsfiguur

'n Mens sou kon opmerk dat daar iets hoogs merkwaardigs is in Just 2 se byna totale dominasie van die gesin in *Indische duinen*. Daar moet egter nie vergeet word dat 'n aangepaste vorm van patriargale hegemoniese manlikheid in Nederland nog steeds in die vyftigerjare voortbestaan het nie. Die vader kan, objektief gesproke, weinig of geen aanspraak op enige mag of invloed binne of buite die gesin maak nie: hy maak geen ekonomiese bydrae tot die gesin nie; in Nederland is sy posisie as repatriant nie minder gemarginaliseer as dié van die moeder en die drie dogters nie; hy is nie getroud met die moeder nie en ook nie die vader of wettige voog van haar dogters nie. In terme van sy vroeëre rol en rang in Nederlands-Indië en in die KNIL het hy ook geen status binne die gesin en die gemeenskap nie. Die vrou en moederfiguur, Lea, se voormalige man, Just 1, was 'n offisier in die KNIL en 'n versetstryder teen die Japanners wat hom terreggestel het. In die oë van die dogters, en uiteindelik ook in die oë van die Nederlandse regering, was Just 1 'n held en martelaar. Just 2, daarenteen, was nooit meer as 'n sersant nie en het om gesondheidsredes uit die leër bedank. Ook is Lea, weens haar bereidheid om informeel te werk en weens enkele bydraes van haar ouerlike gesin, daartoe in staat om 'n bepaalde ekonomiese bydrae tot die gesin te maak (onder andere word Just 2 se operasie moontlik gemaak deur geld wat sy van haar eie familie kry). Verder is sy die wettige moeder van al vier die kinders en het sy haar drie dogters met sukses deur die ontberinge van die Japanse interneringskamp gebring. Behalwe dat hy vir die gesin koskook (duur eksotiese disse wat hulle eintlik nie kan bekostig nie) kan Just 2 op geen objektiewe manier enige werklike aanspraak op outoriteit binne die gesin maak nie. Slegs die middelste dogter, Ada, verset haarself teen sy dominasie en is as kind reeds in staat om die werklike aard en posisie van Just 2 raak te sien. In haar geheime dagboek skryf sy as kind:

‘Mammies nuwe man heeft op Java nog *onder* mijn vader gediend’ – onder, ze vond het nodig het woord drie keer te onderstrepen. ‘Als hij in mijn kamer komt, draait hij altijd mijn vaders fotolijstje om. Ik zeg niks, ik zet het gewoon weer goed. (119)

Ada verset haar teen die dominerende rol van Just omdat sy eerder haar eie vader as identifikasiefiguur en rolmodel sien. Omdat sy haar eie vader as Just 2 se meerdere sien verwerp sy Just 2 se vorm van militarisme:

Hij denkt dat hij nog steeds in een kazerne woont, alles moet volgens de klok. Eén minuut te laat van school en ik krijg straf. Als hij driftig is, slaat hij je met zijn vlakke hand in je gezicht, op-en-top sergeant-majoor (119).



Sy kan nie direk aan sy dominasie ontsnap nie en probeer aanvanklik deur middel van skryf aan sy invloed ontsnap. As hy ook dit vir haar moeilik maak daag sy hom uit deur kalm te bly en haarself in haar musiek terug te trek:

Zijn lievelingsstraf is opsluiten in de badkamer. Soms zit ik daar een halve dag te schrijven, laatst heeft hij mijn schrift verscheurd. Ik toon te weinig respect, zegt hij. Voortaan neem ik mijn fluit mee. Hoe kalmer ik blijf, hoe kwader hij wordt.' (119)

Hy domineer egter die gesin en die moeder, Lea, die oudste dogter Jana, en die jongste dogter Saskia aanvaar sonder veel verset sy dikwels ruwe diktatoriale en gewelddadige gedrag teenoor hulle.

Die rede vir hierdie dominasie en skynbare aanvaarding daarvan deur die moeder en twee van die susters het waarskynlik sy oorsprong in 'n kombinasie van die vanselfsprekendheid van hegemoniese Westerse manlikheid en paternalisme en Lea se getraumatiseerde kampagtergrond waardeur sy geneig is om haar oë te sluit vir probleme. Dit is opvallend hoe Just 2, ondanks al sy swakhede en probleme, 'n hegemoniese manlik-patriargale rol binne die gesin speel. Die bron hiervan lê in die lang gevestigde en diepgewortelde dominante fiksie oor die aard van Westerse manlikheid en vaderskap binne die gesin. Ada verwerp die dominerende rol van Just 2 omdat hy nie haar eie vader is nie en nie omdat sy haar noodwendig verset teen die idee van die patriargaal-hegemoniese rol van die man nie.

#### **4.4. Die uitdrukking van Just 2 se manlikheid**

Die selfmoord van sy sogenaamde vader, sy militêre opleiding en die manier waarop hy daartydens behandel is, die Japanse kampelewe, die verlies van Nederlands-Indië as sy tuiste en sy situasie van vervreemding en onmag in die naoorlogse Nederland, het een vir een Just 2 se waardes en sy simbole beproef. Hy moes voortdurend hierdie waardes en simbole aanpas en rasionaliseer met die gevolg dat hy in 'n voortdurende stryd gewikkel was om betekenis aan sy eie lewe en aan dié van sy jong seun te gee.

##### **4.4.1. Vreedsame bemagtiging**

Just 2 is nie bloot 'n onbemaagtigde slagoffer nie. Ten spyte van die voortdurende aanslag op sy waardes is daar by Just 2 ook 'n aantal persoonlike talente, eienskappe

en ambisies wat hom op 'n vreedsame manier bemagtig. Hierdie eienskappe sluit in: sy byna aristokratiese styl en bewussyn van sy aantreklieke fisieke voorkoms; sy gewilligheid om hard te werk en baie te verdra ter wille van sy loopbaan en sy moontlike offisiersopleiding; sy tekentalent; sy verteltalent en sy kookkuns. In *Indische duinen* verteenwoordig al hierdie eienskappe die niegewelddadige sy van Just 2 se manlikheid waardeur hy op bepaalde stadiums homself bemagtig. Dit help hom egter nie veel in sy verhouding met sy seun nie aangesien die seun as gevolg van bepaalde gebeure vir die grootste deel van sy lewe die vader as onredelike geweldenaar eerder as tekenaar of verteller kan sien. Ek wil hier veral op sy styl, sy tekenvermoë en sy vertelvermoë konsentreer.

Just 2 se byna aristokratiese sin vir styl en sy goeie maniere is 'n enorme bemagtigende faktor in Palembang waar hy saam met ander op repatriasie wag. In die woorde van die verteller se halfsuster Saskia:

Eén man stak tussen de anderen uit, hij droeg een hagelwitte broek met een vouw en splinternieuwe zwarte schoenen. Dat moet een danser zijn, dachten wij, je hoorde de ijzertjes onder zijn zolen tikken. Ik had nog nooit zulke glimmers gezien, wij kenden alleen linnen schoenen met een uitgespaarde grote teen, kleppers en laarzen. De danser groette ons en sprak Jana aan, vriendelijk, zonder knipoog en ranzige grapjes die de geallieerde soldaten maakten (147).

Die feit dat hy deur sy mooi klere, sy netheid en sy goeie maniere bo die ander mans uitstaan, lei tot die aandag van die meisies en sy verhouding met hulle moeder Lea:

We bewonderden zijn schoenen en ik mocht met mijn blote voeten op zijn tenen staan en dan dansten we een rondje. Hij verwende ons met lekkers dat hij bij de inlanders lostroggelde. [...] ik vond het heerlijk om zo dicht bij een man te zijn. Veel kinderen in ons huis kregen in die tijd een vader terug, [...] ik dacht dat wij er ook een mochten kiezen. Dat hij Justin heette maakte het alleen maar makelijker hem in te lijven. Ja, we waren toen alle drie verliefd op hem. Die man werd later dus jouw vader. (147-148)

We hielden van je vader. We hebben hem zelf voor mammië uitgekozen. (143).

Hierdie verhouding lei tot die verteller se geboorte. Die verteller herken sommige van bostaande eienskappe in homself, maar verwerp hulle by die vader omdat dit vir hom niks meer as 'n vertoning van die vader se uiterste selfsugtigheid onder die gesin se besonder moeilike geldelike omstandighede verteenwoordig nie. Vir hom was sy vader die man wat:

[...] mijn moeders geld over de balk smeed, zich kleepte as een fat en nooit geen donder uitvoerde, verwend koloniaal kregend dat hij was (96).

Hierdie aristokratiese sin vir styl is uiteindelik tog kragteloos: dit het die vader as 'n tipiese koloniale parasiet geklassifiseer in die oë van sy seun en die dorpenaars wat hulleself (Righart, 1995: 79-85) beskou het as goeie Nederlanders wat deur spaarsaamheid, soberheid, fatsoenlikheid en harde werk besig was om die land te herbou.

Naas sy verteltalent was Just 2 se tekkentalent een van sy mees bemagtigende vermoëns. Sy tekkentalent maak dit vir hom moontlik om gedurende sy militêre opleiding sy ouerlike gesin te betrek deur met "tekeningen thuis, landschappen van Soerabaja" (245) tuis te kom. Na sy gevangeneeming deur die Japanners word dit vir hom 'n manier om vir homself en vir sy oorlogskamerade bepaalde voordele van die Japanse wagte en soldate te verkry. As die verteller 'n voormalige kampgenoot van sy vader besoek, hoor hy die volgende oor sy vader:

Hij vond je een "correcte kerel". "...kreeg ik een zware malaria-aanval, ik kon nauwelijks lopen ...het zag er slecht voor me uit. Uw vader heeft toen een portret van een Japanse bewaker gemaakt in ruil voor wat kinine. Hij kon jappen heldhaftiger maken dan ze waren, daar was hij heel gelikt in, zijn tekeningen gingen grif van de hand. Met dat talent heeft hij denk ik heel wat voor elkaar gekregen." (214)

Gedurende die wagtyd in Palembang was dit waarskynlik sy tekkentalent wat dit vir hom moontlik gemaak het om mooi en netjiese klere en skoene te verkry (243). Tog word sy tekkentalent nie juis deur sy seun gewaardeer of nageboots nie. As die verteller Els Groeneweg besoek wys sy hom met trots 'n portret wat Just 2 van haar gemaak het. Sy reaksie daarop is egter oorwegend negatief, in ooreenstemming met sy moeder se negatiewe oordeel oor Just 2 se tekenvermoë:

'Hij kon goed tekenen,' zei ze.

'Natekenen.'

'Heb jij niks van hem?'

'Nee, bij ons heeft hij de muur nooit gehaald.' Ik voelde me betrap, raar dat iemand bewonderend over zijn tekeningen sprak terwijl wij er thuis op neerkeken. Zelfs zijn aardige dingen moffelden we weg. (184)

Laastens is daar Just 2 se verteltalent waardeur hy inderdaad gedeeltelik die pynlike herinneringe aan sy traumatiese belewenisse tydens sy opleiding en tydens die Japanse besetting probeer besweer deur hulle op 'n lewendige en humoristiese wyse te hertel. Daarmee stimuleer hy ook die vertel- en rolspeeltalent van sy seun. Teenoor

Edmee herhaal die verteller in die selfironiserende styl van sy vader (246-251) die vernederende verhaal van hoe hy sy vader in die leër sy hare verloor het. Dit is duidelik dat Just 2 die verhaal op so 'n manier herhaaldelik moes vertel het om die herinnering aan die vernedering daarvan te besweer.

Tussen bladsy 206 en 209 herhaal die verteller sy vader se verhaal oor sy oorlewing van die torpedering van die Joyo Maru met (212) 2300 krygsgevangenes en 4200 Indonesiese “vrywillige werkers” aan boord waarvan die 850 oorlewende krygsgevangenes en 200 oorlewende “vrywilligers” uiteindelik onder haglike en onmenslike omstandighede aan die Pakan Baru spoorlyn aan die werk gestel is. In die verhaal vind ons heldemoed, ridderlikheid, pyn en vernedering en selfs humor maar dit word so vertel dat die pyn en vernedering amper 'n bysaak word en die humor gebruik word om die pyn te verberg.

Die verteller onthou hoe hy as kind sy vader se verhale oor krygsgevangenskap en die bou van die Pakan Baru spoorlyn in sy vader se uniform en medaljes op humoristiese wyse gedramatiseer het in navolging van sy vader se eie humoristiese vertellings tot sy vader, tot groot teleurstelling van die jong seun, onverwags 'n einde daaraan gemaak het. As volwassene teen die middel van *Indische duinen* begin hy iets van sy vader se bitter-humoristiese verhale te begryp: dat dit 'n poging was om deur heroïesmanlike vertelling die uiterste ellende, lyding en vernedering van die oorlog en die kamp te besweer (my kursivering):

Oorlog was voor jou een groots gebaar, ...een lofzang op kameraadschap en heldenmoed. *Ellende wuifde je weg. Mishandeling, vernedering, nee... alles wat de jappen deden was een reuzenmop, zelfs in de gevangenis traptten jullie nog lol, en maar zingen. Je verzweeg dat er in het kamp dagelijks tientallen doden vielen.* Honger? Naast je portie stijfjel, rijst en ketelabla-deren kon je je eigen potje koken: gebakken vleermuis, rattenvlees, python en broodjes van rubbernotenmeel.[...] toen je na een regenbui in een ondergelopen kookgat stapte? *Tot je kin in de modder.* Je kongsigenoten kwamen niet meer bij. Als de regen aanhield liepen de latrines over en waadde je tot je middel in de poep. En dan die kerel die door de stank bedwelmd achterover in de latrine viel, bijna verzopen in de drollen. (205)

Verder is daar die die skaamte van die vader omdat hy die ellende oorleef het terwyl so baie van sy vriende moes sterf. Dit is iets wat die seun as kind nie kan begryp nie as sy vader uiteindelik sy suksesvolle dramatiserings te pynlik begin vind en dit



stoppsit. Vir die sosiaal vervreemde seun het hierdie opvoerings juis sosiale erkenning gebring en het hy sy vader se verbod eerder as onredelik beskou (my kursivering):

[...] Ik verformfaaide z'n jasje, zei hij 'Veel soldaten hebben grootse dingen in hun uniform gedaan, dat mag je nooit vergeten.' ...Je hoorde niet met een uniform te spotten, bovendien hield ik mijn rug niet recht, met zo'n houding kon ik nooit een militair verbeelden.'

En de medailles? Voorgoed achter slot en grendel, ze hoorden op geen enkele borst, ook niet op vier mei. De oorkondes idem dito. *Hij had ze niet echt verdiend, zei hij, want hij bleef leven, maar zijn vrienden – de ware helden, die fantastische kerels en 'geweldige venten' – zijn vrienden waren dood.* Niet lang daarna vermaakte mijn moeder zijn militaire jekker tot een korte jongensbroek. (202-203)

As volwassene besef die verteller egter:

De schaamte zat dieper, ...mijn vader schaamde zich voor zijn geluk te leven. (201)

Just 2 was in werklikheid juis nie in staat om die werklike aard van sy vernedering, lyding en mishandeling te vertel nie. Just 2 se verteltalent word egter wel deur sy seun erken en as die seun ernstig oor sy vader begin nadink, vorm die vader se vertellinge die aanknopingspunt waardeur die seun op sy beurt sy vader kan leer vertel en daardeur tot 'n vertelde versoening met sy vader kan kom. Deur juis sy vader se werklike ontberinge en vernederinge te herontdek en op 'n ander manier te hervertel, ontwikkel hy 'n begrip vir sy vader wat hy vroeër nie gehad het nie.

Hierdie positiewe bemagtigingseienskappe van die vader, veral sy styl, was die konstruktiewe en niegewelddadige aspek sy van die vader se vermoëns. Hulle bied hom werklike moontlikhede tot positiewe bemagtiging. Tog vind ons in Just 2 'n man wat hom eerder tot geweld wend. Daar was in sy lewe bepaalde gebeurtenisse wat in 'n groot mate hierdie vermoëns ontkrag het, onder andere die torpedering van die Junyo Maru (218) en die mishandeling wat hy ondergaan het in die Japannese kamp in Sumatra (224). Oor die verlies aan sy waardigheid en sy vermoë om iets te bereik, verklaar die verteller:

Pas nu drong het tot me door dat je alles kwijt was, [...] je bezat niets meer om te ruilen en je kon niemand met je tekeningen paaien, want je potlood dobberde ergens in de oceaan. [...] Je had geen klamboe, geen kleren, geen schoenen; je kreeg een lap om je schaamte te bedekken (219-220).

Verder word hom die vermoë om die ellende deur sy verhale te besweer deur die intensiteit van die marteling wat hy ondergaan, ontnem. Hy is vasbeslote om nie aan

die pyn toe te gee nie en om dit te doen, moet hy homself losmaak van sowel gevoel as rede. Hy maak hom los van woorde en gevoelens deur te tel en somme te maak:

Hij kon pijn verdragen alsof hij er zelf niet bij was [...] Justin kon met gestrekte armen een volle emmer water boven zijn hoofd houden, niet vijf minuten, zoals wij, maar één kwartier [...] dat was zeer uitzonderlijk en ik weet het noch goed want je vader telde elke seconde en minuut. [...] (223)

en

[...] Hij maakte de bewakers doodsbang. Justin speelde dat hy geen pijn had [...] hij concentreerde zo hevig dat hij uit zijn eigen lichaam stapte. [...] ik vroeg hem hoe hij dat toen in godsnaam geflikt had. Ingewikkelde sommen maken, zei hij, van een of andere fakir afgekeken. (224)

Aan die ander kant word hy egter ook gedwing om ter wille van sy oorlewing sy verteltalent te misbruik: “Hij kletste zich met allerlei kwalen de ziekenboeg in, dat heeft hem uiteindelik ook gered.”

Ek wil beweer dat Just 2 se verlies van sy tekenmateriaal, sy vernedering met die verlies van sy klere en sy gedwonge prysgawe van vertelling ten gunste van tel en reken neerkom op 'n soort kastrasie. Kastrasie impliseer die ontnem van manlike krag en vermoë en dit is presies wat hier met Just 2 gebeur. Hy verloor sy vermoë tot skepping, uitbeelding en vertelling as gevolg van die gewelddadige optrede teenoor hom en die (gewelddadige) torpedering van die skip. Die les is duidelik: verhale en sketse kan hom bemagtig maar hulle kan deur geweld oorweldig word. Al die maniere waarop Just 2 homself op niegewelddadige manier as bemagtigde persoon kan handhaaf kan hom deur werklike en/of sielkundige geweld en/of deur verwerping ontnem word. Dit is die boodskap wat deur hierdie gebeurtenisse deel word van sy hegemoniese manlike identiteit, 'n boodskap wat hy aan sy seun uitdra..

#### 4.4.2. Geweld

In *Indische duinen* maak ons op verskeie plekke kennis met die byna ongelooflike gewelddadige gedrag van die vader. Onder andere kry die seun, jonk soos hy is, elke dag slae:

Tijdens de schrijfles, onder het eten, na tafel, elke dag te laat van school... (331)

‘Dertig seconden te laat aan tafel, zestig seconden te laat van school.’

‘Hij was een man van de klok.’

‘Hij sloeg als een klok.’ (153)

Die verhaal bevat episodes soos dié waartydens hy sy jong seun valslik beskuldig en hom so hard slaan dat hy sy bewussyn verloor omdat die seun weier om onskuldig skuld te beken vir 'n daad wat hy nie gepleeg het nie (280) en die episode waarin hy die seun se testikels hard en herhaaldelik langs 'n boom skuur omdat die seun bang is om hoër in die boom te klim, sodat hy vir dae lank in die uiterste pyn verkeer. (306).

Volgens Kaufman kan oormatige gewelddadigheid op sielkundige vlak dikwels teruggevoer word na wat Herbert Marcuse “the ‘surplus repression of our sexual and emotional desires’” sou noem, en op sosiale vlak tot “the institutionalization of violence in [...] most aspects of social, economic and cultural life.” (Kaufman. 1987: 2).

In hoofstuk twee het ek daarop gewys dat die Nederlandse kolonialisme, soos ander vorme van kolonialisme, gebou was op bepaalde vorme van geïnstitusioneerde geweld waarvan Just 2 deel was. Daarby kom dan nog die spesifieke persoonlike omstandighede in die lewe van Just 2 en sy agtergrond. In die geval van Just 2 is daar inderdaad sprake van sowel direkte as geïnstitusioneerde geweld. In die eerste plek is daar die selfmoord van die man wat hy altyd as sy vader aanvaar het:

[...] Hij was dus hun echte vader helemaal niet. [...] Justin vermoedde dat er iets heel ergs aan de hand was. Hun vader liep gebroken de trap op. Halverwegen haalde hij een pistool uit zijn laars en schoot zich een kogel door zijn kop. Hij stortte achterstevoren naar beneden. Op de houten vloer, vlak voor Justins voeten. Pats' (233-234)

In die tweede plek die manier waarop sy moeder die kinders behandel na die selfmoord:

[...]Die darling moeder van hem heeft haar kinderen nog voor de begrafenis naar een weeshuis gestuurd. Ze kreeg een zenuwzinking en kon niet meer voor ze zorgen. [...] al hun mooie kleren afgenomen, haren gekortwiekt tegen de luizen, en onder het bidden werd het eten van hun bord gestolen. Totaal geen tucht gewend, het was extra hard voor ze. Twee jaar heeft madame haar kinderen daar laten zitten. [...] ze zocht ze wel eens op, [...] dan speelde ze de berooide weduwe en kwam [...] een schoon rouwlapje op hun mouw spelden, want al gaf ze [...] geen cent om haar kinderen, ze moesten wel hun verdriet tonen, niet [...] in hun hart maar op hun weeshuisuniform. (234)

In die derde plek was daar sy militêre diens waarin daar vir die eerste keer sprake is van sy toenemende stilte en die feit dat hy nie meer tekeninge saambring nie:

De eerste maanden kwam hij nog trots met verlof, hij nam altijd presentjes voor me mee, een houten vogel of een zwarte oliekleurige steen. In het begin kwam hij ook met tekeningen thuis, landschappen van Soerabaja voor Odile, daar zat hij geloof ik tijdens zijn opleiding. Maar later hield dat op, hij werd stiller, bleef ook langer weg, infanterie hè, vuile karweitjes opknappen en telkens op patrouille. Hij had problemen met zijn overste, een fanatieke naarling. [...] De kerel heeft Justin zijn hele dienstitijd dwarsgezeten, je ziet het op de foto's, zijn glimlach verdwijnt.' (245)

In die leër was daar nog die episode toe hy deur 'n gemene set van sy owerste sy hare permanent verloor het, 'n gebeurtenis wat moontlik was omdat hy ter wille van sy promosiekanse in die leër bereid was om alle soorte vernederinge te verduur:

'Hij wilde zelf hogerop en droomde van een streep langs zijn broek en borduursel op zijn mouwen, een steek en pluimen op zijn kop, net als al die prinses en ministers en hoge militairen die hij bij de sultan aan het hof zag verschijnen [...].

Zolang hij zijn overste gehoorzaamde ging het goed, [...] (248).

Daar kan dus min twyfel bestaan dat Just 2 aan geïstitutionaliseerde geweld en emosionele onderdrukking blootgestel is nie. 'n Leër, en veral 'n koloniale leër, is per definisie dié instelling wat hom toespits op geïstitutionaliseerde geweld: dit is die instelling waardeur 'n staat óf deur geweld óf deur die dreigement van geweld sy wil of 'n bepaalde orde op ander afdwing. Op emosionele vlak vind ons in sy verhouding met sy moeder 'n uiterste voorbeeld van iemand wat haar kinders aan emosionele verwaarlosing en selfs emosionele wreedheid blootstel. Dit is selfs moontlik dat sy, weens haar neiging om openlik met haar eie seuns te flankeer (231 en 254), ook Just 2 tot seksuele repressie gedryf het wat moontlik sy neerslag gevind het in sy houding teenoor sy stiefdogters, maar veral teenoor Jana en haar mansvriende, Joost en Errol.

Volgens Kaufman (1987:6) toon sosiologiese studies aan dat die neiging tot geweld heel dikwels duidelik as aangeleerde gedrag geïdentifiseer kan word. Studies oor die voorkoms van geweld binne gesinsverband toon aan dat diegene wat aan gesinsgeweld onderhewig was, veel meer geneig was om later self sulke gedrag te openbaar. Just 2 se sosiopolitieke omstandighede, sy gesin, die koloniale gemeenskap en die militarisme word in *Indische duinen* sowel implisiet as eksplisiet as geïstitutionaliseerde geweld uitgebeeld. Sy eie gewelddadige instelling, nie net teenoor sy eie seun nie, maar ook teenoor sy stiefdogters, behoort dus geen verbasing te wek nie.



Gesien die gewelddadige afbraak van al Just 2 se manlikheidsimbole in wat, vanaf sy tiende jaar, neerkom op herhaalde simboliese kastrasie op fisieke en sielkundige vlak kom dit nie as 'n verrassing dat voortdurende weerbaarheid en paraatheid, en die besonder streng fisieke en sielkundige eise wat hy aan homself moes stel, die dryfveer geword het in die opvoeding van sy seun nie.

#### 4.5. Just 2 se manlike Westerse beskawingsideaal

Just 2 was vasgevang binne 'n hegemonies-Europese beskawingsideaal waardeur die imperialisme geregverdig kon word weens universele beskawende rol wat die Wes-Europese kultuur sou kon speel. Ten spyte van die Verligting<sup>ii</sup> se anti-imperialistiese ideale van gelykheid en individualisme is dit ook as argument gebruik om die sogenaamde rasionele, logiese, intellektuele en beskaafde Europa te stel teenoor die irrasionele, primitiewe en onredelike koloniale bevolking. By Just 2 vind dit uitdrukking in sy strewe dat sy seun, naas fisiese fiksheid en weerbaarheid ook op intellektuele vlak moes presteer. In die hoop dat sy seun op skool 'n voorprong sal hê, leer hy hom, voordat hy skool toe gaan, lees, skryf en rekene. Verder is die statusbewuste Just 2 nie net om rassistiese redes vyandig teenoor die repatriantegesin waaruit Jana se man kom nie, maar ook omdat hulle geen belang het by wat Just 2 as 'beskawing' en 'opvoeding' beskou nie. Hy sien neer op Jana se man weens sy eenvoudige beroep en sy agtergrond wat hy as *Indisch*-primitief beskou:

Errol zat jaren op de grote vaart, hij kwam ook uit Indië, een toffeesliert uit een koloniehuis aan de andere kant van de boulevard. [...] waar's winters dekens voor de erkerdeuren hingen, woonden de Indischgasten. Hoe meer dekens, hoe Indischer. Bij Errol bleef geen raam onbedekt. (170)

Just 2 se patriargale houding gaan saam met 'n rasse- en klassebewussyn wat direk uit die waardes kom waarmee hy in sy eie familie in Oos-Indië grootgeword het. Sy halfsuster, Edmee, se snobisme is feitlik 'n verpersoonliking van die klasse- en rassebewussyn van daardie gesin. In 'n brief aan die verteller verklaar sy:

Uw vader was een hoogstaand man en een dapper militair. Een oud geslacht, gelieerd aan het gerenommeerde Leidse lakenhuis, al sinds 1827 in Batavia, en zuiver Arisch tot in het verste gelid.

Uw grootmoeder Didier, mijn moeder, was een Française uit een adelijk geslacht. Wij zijn absoluut niet Indisch. (151)

In 'n gesprek tussen die verteller en sy moeder lewer sy kommentaar oor die rassisme en snobisme van Just 2 se familie:

[..] iedereen weet toch dat het niet botert tussen je vaders familie en de onze.'  
'Iedereen behalve ik.' (157)

Dit blyk dat daar 'n enorme hoeveelheid snobisme was met betrekking tot iemand se verwantskap met bepaalde inlandse groepe en dat selfs die moeder nie heeltemal vry daarvan is nie:

'Ze vonden de meisjes te Ambonees. Waanzin. Justin van Capellen was de zoon van een Menadonese.'

'Waar gaat dit over?'

'Ambonezen zijn familieziek, enorme klitters. De Hollanders keken erg op ze neer omdat ze hier bij elkaar in kampen bleven wonen of met veertig man in één huis. Ach, je kent de broers en zusters van je vader, reuze op hun vel, ze voelen zich allemaal superieur. Na zijn dood wilden ze niets meer met ons te maken hebben.' (157)

Die verteller sien dwarsdeur al hierdie rassisme:

Hoe kwam ze erbij? Teer verwijt Pek dat het zwart is. Frisse familie. En dat hoor ik nu pas.(157)

Die formele fatsoenlikheid van die Katolieke kerk het ook 'n besonder sterk rol in Just 2 se familie gespeel:

'Je vaders kant geneerde zich voor ons,' zei ze opgewekt, 'jij was een onwettig kind en voor roomsen is dat een doodzonde. Daarom beschouwden ze je ook niet als een van hen.' (157-158)

Just 2 is dan ook, op grond van sy verhouding met die protestantse Lea en die feit dat sy die moeder van "gemengde" kinders was, deur sy eie moeder verneder omdat sy daarop aangedring het dat die familie doelbewus (253-255) die dood van sy eerste vrou verberg het en hy dus nie met Lea kon trou nie..

#### **4.6. Postkoloniale identiteit: aangepaste en nuwe simbole**

Soos hierbo gesien, was daar ten tyde van Just 2 se repatriasie na Nederland weinig begrip vir koloniale opvattinge en Oos-Indiese oorlogservaringe:

Nederland had het te druk met de wederopbouw, wilde van verre helden niets weten en nog minder van het gerommel dat in Indië dreigde. Het was genoeg geweest, er waren genoeg zonen geofferd. Wie daar ooit vocht had verloren en kon er maar beter over zwijgen. (199)

As gevolg van sy agtergrond, onder andere sy sinlike en korrupte moeder; sy eie ontmagtigde vaderfiguur en sy militêre en oorlogservaringe was dit vir hom van jongs af aan nodig om voortdurend besonder sterk en betekenisvolle simbole te probeer vind om sin te maak uit sy lewe en om verligting te vind vir al sy uiters pynlike ervaringe. Om na sy repatriasie te moet erken dat al sy pynlike ervaringe sonder enige betekenis was, sou die sin van sy hele bestaan ondermyn. Die einde van Nederlands-Indië het vir hom die einde beteken van 'n bepaalde stel hegemoniese simbole en hom blootgestel aan die historiese trauma wat sy dominante fiksie vernietig het. Hy moes probeer om iets waardevols daaruit te red, iets wat opnuut betekenis aan sy lewe sou gee en wat hy aan sy seun sou kon oordra. Op die simboliese vlak was hy iemand vir wie daar in sy bestaan as repatriant in Nederland niks oorgebly het nie, 'n man wat die dinge verloor het wat vir hom belangrik was:

Het stak mijn vader dat hij geen status had, geen baan, geen trots verleden, alleen een bastaardzoon en een vrouw met drie bruine kinderen, door 's Rijks Repatriantendienst weggestopt in een genaast koloniehuis aan zee. (200)

Vir so 'n man moes daar bepaalde simbole wees wat hy uit die wrak van sy dominante fiksie en sy lewenservaringe sou kon red om aan sy seun oor te dra. Een manier was om te probeer om sy eie ervaringe gedeeltelik te verbind en te vervang met die ervaringe en 'n gedeelte van die dominante fiksie van die Nederlanders:

Mijn vader was gekker op andermans oorlog dan op zijn eigen oorlog. Hij las boeken over de Duitse bezetting en de eerste ooggetuigenverslagen van mensen die de nazi-kampen overleefden, hij kende de stranden van D-day op een rijtje, zoals hij ook de stations in Nederland op kon dreunen, en in elke Duitse badgast zag hij een kampbeul. (198-199)

en:

Zijn moffenhaat kwam voort uit miskenning en schaamte. Begrip voor zijn eigen oorlog vond hij niet, dus beleed hij de verontwaardiging over die andere. Hij wilde óók als goede vaderlander door het leven gaan. (199)

Verder probeer hy iets van sy sin van eiewaarde te red deur hom te identifiseer met dit wat op een of ander manier as suiwer, edel, goed of hoër gesien kan word. Op hierdie manier probeer hy binne sy gemarginaliseerde posisie iets vir homself te beteken. In die oë van 'n onbegrypende seun lyk hierdie pogings egter bloot belaglik:

Die belachelijke hang naar zuiverheid, ook mijn vader was er door besmet, altijd bezig met rangen en standen, met deftig en plat, goed en kwaad, meer en minder, hoger en lager, links en rechts, sterk en slap, scherp en zoet, tot in de keuken toe. (257)

Hierdie bewussyn van rang, status en suiwerheid was die gevolg van die feit dat die repatriante in Nederland geen status gehad het nie en hulle “suiwer Nederlandsheid” dikwels juis twyfelagtig was. In sy reaksie op sy vader verwerp die seun dan juis ook hierdie “belachelijke hang” en soek hy juis hibriditeit in plaas van suiwerheid. Die feit dat Just 2 in Nederland geen status gehad het nie en die gesin ook geen erkenning vir hulle holistiese *Indische* mistisisme kon vind nie is waarskynlik ook die rede vir hulle belangstelling in die holistiese gelykheidsleer van die antroposofie van Rudolf Steiner<sup>iii</sup> wat leer (Sars: 1996: 39) dat ’n mens tot hoër insigte kan kom deur die samewerking tussen wil, gevoel en verstand:

Zou hij om die reden na de oorlog de antroposofie hebben omarmd? Een leer die de broederschap van alle mensen voorstaat, zonder onderscheid van ras, geloof, geslacht, kaste of kleur, met het zoeken naar waarheid als hoogste goed. Mooie theorieën om de leugens uit zijn jeugd te verdringen. Zoals hij ook wel geloofd zal hebben in de antroposofische opvoeding: een harmonische ontwikkeling van gevoel en wil. Niet het leren stond daarin voorop maar de creativiteit, muziek, zang, euritmie. Uit schoonheid kwam het begrip voort. (257)

Uiteindelik het dit by Just 2 tog weer neergekom op ’n poging om sy pyn te besweer en te probeer om nog iets van sy beskawingsideaal te probeer red:

Veel heeft hij er niet van begrepen. Gevoel was pijn, wil het ontkennen van pijn, ritme het tikken van een lineaal, schoonheid en creativiteit waren gedrilde letters en lijnen. Wij moesten streven naar een hoger zelf, naar een zuivere ziel en een zuivere geest, het bovenbewuste moest het onderbewuste overwinnen. Mijn vader kon het mooi zeggen, hij klampte zich aan zijn eigen woorden vast, bang als hij was voor zijn duistere kanten en voor de hel in zijn hart. In de antroposofie vond hij iets zachts om zijn hardheid te bedekken. (257-258)

Uit ’n gesprek tussen die verteller en sy moeder blyk dit dan ook dat die vader die antroposofie inderdaad ook gesien het as ’n manier om sy opvoedingsideaal vir sy seun te bereik:

‘Wat zag pappie eigenlijk in de antroposofie?’ vroeg ik.  
 ‘De opvoeding, de idee dat je een kind alles kon leren. Je moet niet vergeten dat hij zelf nooit de kansen had gehad. Hy wilde zo graag dat jij het ver zou schoppen.’ (330)

#### 4.7. Die magsfiguur in die gesin

Just 2 probeer in die gesin ’n magsrol speel wat ooreenkom met dít wat E. Anthony Rotundo (1987: 65-66) “a towering figure in his family” en “unquestioned ruler” sou



noem. Die rol wat hy probeer speel is dié van ’n vader voor die Industriële Rewolusie in Noord-Amerika, dele van Europa en onder blanke Afrikaanssprekende boere in Suid-Afrika wat as beheerders van hul plase as grootliks selfvoorsienende produksie-eenhede ’n oorheersende rol in die gesin kon speel. Hierdie vaders was oorweldigend in beheer van die opvoeding van veral hul seuns en in die bepaling van die morele, geestelike en godsdienstige waardes in die gesin. In *Indische duinen* probeer Just 2 hierdie soort funksie binne die gesin handhaaf. Saskia verklaar dat Just 2 se waarde vir die gesin in hierdie rol gelê het, iets wat die verteller op daardie stadium verwerp:

Ze begon altijd weer over mijn vader: de rijsttafel die hij kookte (je verbrandde je tong bij de eerste hap), de verhalen die hij aan tafel vertelde (wij deden ’s nachts geen oog dicht van de angst), het sprokkelhout dat ze samen voor de haard gingen zoeken (zij moest alles dragen), de boeken die hij las (oorlogsboeken), de originele gedachten, de aristocratie van zijn geest (pijn is de beste leerschool, doodstraf voor alle landverraders en als het even kon alle socialisten tegen de muur, die hadden immers Indië voor een dubbeltje verkwanseld). (96)

Ten spyte van die feit dat Saskia van hom “haar eerste tekenles” (96) kry en hy haar geleer het om te “fotograferen” (96) heg die verteller nie veel waarde aan hierdie rol nie.

Die dominante patroon in Nederland (soos in die res van die Westerse wêreld) in die 1950’s was dié van ’n vader as uithuisige voorsiener en ’n moeder in beheer van die huishouding en in beheer van die oordrag van morele en geestelike waardes aan die kinders. Ook in hierdie opsig is hierdie gesin buitestaanders. Omdat hy geen ekonomiese bydrae tot die gesin lewer nie neem hy, naas die rol van kok, ook die rol van geestelike leier, opvoeder en dominante draer van geestelike waardes op hom. Aanvanklik aanvaar sowel Saskia as die seun hierdie rol, maar soos die seun na die dood van sy vader in ’n veranderende Nederland tot volwassenheid groei onthou hy uiteindelik hoofsaaklik sy vader se rol as kok:

Werk buitenshuis kon hij niet aan – ‘mijn klep lekt, ja’ – en soms had hij het zo benauwd dat hij middagen hijgend op de divan lag, maar hoe zwak ook, koken zou hij. Met een schort voor was hij tenminste nog iets van een vent. (159)

Die probleem vir die seun is dat, in terme van die dominante fiksie van Nederland in die 1950’s en 1960’s, sy vader geen positiewe rolmodel kan wees nie. As volwassene ken die seun hom dan ook hoofsaaklik nog as iemand wat “mijn moeders geld over de

balk smee, sich kleeđe as een fat en nooit geen donder uitvoerde” en as “een verwend koloniaal kreng” (96).

Die probleem is dat die moeder die vader se rol binne die gesin aanvaar. Sy sluit haar oë vir die manier waarop die vader teenoor die kinders en veral die seun optree. Sy aanvaar die feit dat die vader deur die koop van duur en modieuse klere vir homself ‘zijn goede smaak kan toon’ (165); altyd op die trein duurste klas ry (met sy gesin in die goedkoopste klas); en die norme en opvoedingstandaarde van die gesin bepaal. Sy is bereid is om “de afdankertjes van haar antroposofische vriendinnen” (165) te dra terwyl hy deftig geklee gaan. Alles by sy dood het gekom:

uit mijn moeders portemonnee: een fototoestel, een horloge, dertig jasjes en broeken, een bundel dassen en twintig paar schoenen (164-165).

Ook die Nederlandse dorpsgenote moes dit opgemerk het, dus is dit nie verbasend dat die seun hom onder daardie omstandighede ’n buitestaander gevoel het nie. Slegs as sy vader ernstig siek word en ’n ingewikkelde operasie moet ondergaan, kan hy sosiale aanvaarding vind:

Ik was de held van het speelplein, een doorboord hart, daar had zelfs de grootste opschepper niet van terug. Mijn vader zat thuis sonder baan, er was anders weinig reden om trots op hem te zijn, dood kon ik eindelijk over hem opscheppen. (132)

Hierdie aanvaarding was egter vals. In werklikheid het selfs sy dood Just 2 se swakheid onderstreep:

Alleen, ik sprak niet helemaal de waarheid, hij was al een jaar geleden geopereerd, zijn hart klopte weer prima. De kou kreeg hem te pakken, een doodgewone Hollandse kou. Mijn vader stierf aan de A-griep. (132)

#### **4.8. Die gesin en die ontmagtigde vader.**

Die feit dat die moeder en die susters die dominante rol van Just 2 binne die gesin aanvaar, bied aan ’n man wat in byna alle ander opsigte totaal ontmagtig is die geleentheid om hom te laat geld. Volgens Kaufman (1987: 16) bied die gesin in so ’n geval dikwels die enigste ruimte waarin so ’n ontmagtigde man aan sy frustrasies uitdrukking kan gee. Just 2 is werkloos, hy is nie meer ’n soldaat nie, hy is magteloos en vervreemd van sy omgewing, hy het kontak verloor met sy militêre en kampvriende, hy skaam hom omdat hy een van die oorlewendes van die skeepsramp en die Japanse kamp was terwyl so baie van sy kamerade gesterf het. Die huishouding is in

feite die enigste wêreld waarin hy hom nog kan laat geld. Al sy energie en frustrasie word uitgegiet op sy gesin en veral op sy seun, dit is die enigste plek waar hy voel dat hy nog enigsins in beheer kan wees.

#### 4.9. Die Koue Oorlog as wapen teen magteloosheid

In die eerste deel van haar boek *Stiffed* (2000:9) skryf Susan Faludi oor die posisie van baie mans na die Tweede Wêreldoorlog asook oor hul posisie in die negentigerjare van die vorige eeu. Sy wys op die gewelddadige reaksies van sommige mans op hul onvermoë om te voldoen aan hulle eie verwagtinge van manlikheid. Hulle het gebuk gegaan onder verwagtinge geskep deur militêre opleiding, oorlogsituasies en die naoorlogse norme en rolverwagtinge van die gemeenskap. Sy beskryf die mans in 'n geweldsterapiegroep as volg:

They had lost or were losing jobs, homes, cars, families. They had been labeled outlaws but felt like castoffs. Their strongest desire was to be dutiful and to belong, to adhere with precision to the roles society had set out for them [...] they were prototypically modern wife-beaters, [...] ill equipped to fulfill the requirements of expected stereotypical sex-roles [...] socially isolated, afflicted with a sense of ineffectuality [...] There was something almost absurd about these men struggling [...] to recognise themselves as dominators, when they were so clearly dominated, done in by the world. (Faludi. 2000: 9)

Just 2 verkeer in 'n soortgelyke posisie, sy magteloosheid is oorweldigend in 'n tyd waarin, volgens Rotundo (1978: 72), Segal (1990: 4-6) en andere, daar 'n algemene neiging tot 'n terugkeer na die patroon van die vader as voorsiener en hoof van die gesin en die moeder as huisvrou en opvoeder van die kinders was. Just 2 is magteloos in 'n tyd en gemeenskap waarin die rol van die man nie in terme van sy vorige heldhaftige prestasies of sy rol binne die gesin gemeet word nie. In die 1950's is die hegemonesse Westerse manlikheidsfiguur in Nederland, die res van Europa en in Amerika dié van die broodwinner, ekonomiese voorsiener en beskermer. Omdat hy aan die verloorkant was, kry Just 2 geen erkenning vir sy rol en opofferings tydens die Tweede Wêreldoorlog nie. Daar was in die manlike hegemonesse beeld van die vyftigerjare nie plek vir 'n man wat nie finansiëel vir sy gesin kon sorg nie en eerder 'n huishoudelike en opvoedingsrol binne die gesin vervul het.

Volgens Segal (1990: 19) bied die situasie waarin die aktiewe rol van die man feitlik volkome in terme van sy rol as beskermer en voorsiener gedefinieer is, 'n volmaakte

agtergrond vir die groei van 'n aggressiewe vorm van politieke konserwatisme. Waar die man die rol van beskermmer moet inneem in 'n tyd waarin daar geen geleentheid bestaan vir direkte heldhaftige optrede nie, ontstaan die neiging om selfs relatief klein veranderinge binne die gemeenskap as bedreiging te sien. Die resultaat is 'n uiters konserwatiewe uitkyk op die lewe waarin 'n man paraat moet wees om die gesin op heldhaftige wyse te beskerm teen potensiële bedreigings. By sulke mans is daar 'n terugverlang na 'n verbeelde tyd van aksie en heldhaftigheid. Lynn Segal (1990) noem dat in die vyftigerjare in Brittanje daar 'n vloedgolf was van boeke oor:

[...] the experiences of male combatants in the Second World War.

en dat sy verplig gevoel het om boeke te lees soos:

[...] *The Wooden Horse* by Eric Williams. [wat soos] *Colditz Story* and others in this genre, [...] typifies the male adventure story linking masculinity and rugged individualism: men (usually RAF officers) fight for their freedom against the enormous odds of wartime imprisonment. These books were also a powerful influence in the promotion of apparently 'apolitical', but actually intensely conservative, politics and values. [...] not one of these wartime best-sellers [...] ever mentions the word 'fascism': the enemy is 'German'. The hero is a man untrammelled by the everyday ties and responsibilities of sexual relationships and family. (Segal. 1990:20)

Vir Just 2 word die nuwe simbool van sy manlikheid, voortkomend uit sy verlies, sy posisie ten opsigte van die Koue Oorlog. In *Indische duinen* kom Just 2 as sterk antikommunisties en antisosialisties na vore:

[...] als het even kon alle socialisten tegen de muur, die hadden immers Indië voor een dubbeltje verkwanseld (96).

en

De communisten zaten overal, ook in het vrije Westen, ze infiltrerden fabrieken en stookten de arbeiders op (288).

Naas die probleem wat die gelykheidstrewes van hierdie ideologieë vir hom inhou en die feit dat hy die sosialiste vir die verlies van die kolonies blameer, bied die Koue Oorlog en die idee van 'n kommunistiese bedreiging vir Just 2, net soos vir baie ander mans wat na die oorlog gemarginaliseer is, die moontlikheid om deel te word van 'n potensieel nuwe hegemones manlikheid en 'n nuwe dominante fiksie. Nederlands-Indië is vir altyd verlore maar 'n mens kan altyd nog daarna strewes om dit wat vir jou waardevol is, te behou. Die 1950's was 'n periode van verskerpte vyandskap tussen die Ooste en die Weste met:

Western chauvinism kept continually on the boil by US propaganda about the



Red Menace and brand new fears of the Bomb and nuclear extinction. Trained for military action, fed on a Cold War diet of espionage and treason, these men were the first generation to live in a post-imperial Britain and observe the old Empire dismantled – ‘given away’ (Segal. 1990: 19)

Soos vir vele mans uit dié tyd was Just 2 se militêre agtergrond ’n vrugbare teelaarde vir wat Segal (1990: 19) “[...] *a Cold War diet of espionage and treason*,” noem. Soos vele ander was hy deel van die eerste geslag wat hom by ’n postkoloniale wêreld moes aanpas; wat gesien het hoe die trotse Nederlandse Ryk tot ’n einde begin kom het, en hoe dit in die oë van van mense soos hy skynbaar as gevolg van verraad eenvoudig “weggegee” is (Just 2 blameer inderdaad die sosialiste). Die Nederland van die 1950’s was ’n tyd van groot sosio-ekonomiese en maatskaplike veranderinge wat uiteindelik ook later tot politieke veranderinge sou lei. Onder sulke omstandighede moes persone vir wie sulke veranderinge onvermydelik ’n verlies aan identiteit, status, selfbeeld ensovoorts impliseer ’n sondebok vind vir hulle verlies. Die Koue Oorlog en die kommunistiese bedreiging was volmaak vir hierdie doel.

## Hoofstuk 5.

### Die seun: die narratiewe proses, identifikasie en versoening

#### 5.1. Die seun se vertelling van die vader

Na 'n lang soektog na die waarheid oor sy vader deur gesprekke met sy naaste familie (hoofsaaklik Saskia), ou kennisse soos Tante Nikkie en Els Groeneweg, sy vader se ou kampgenote en Edmee, bereik die seun die punt waar hy veel meer oor sy vader weet. Weens die konteks en kennis wat hierdie gesprekke bring, het hy op objektiewe vlak veel meer begrip vir sy vader. Dit bring egter geen rus nie, wat hy uitvind het oor sy vader is in baie opsigte erger as wat hy ooit vermoed het. Naas die ontsaglike ontberinge wat sy vader moes deurmaak en die feit dat hy in staat was om tot die uiterste te gaan om te oorleef, is daar soveel negatiewe feite oor sy onredelikheid, sy strengheid en sy geweld teenoor die verteller en sy susters, dat dit nie 'n bevryding kan bring van die onrus wat aanleiding tot die soektog gegee het nie. Van 'n werklike konfrontasie met sy eie herinneringe aan sy vader is daar nog geen sprake nie. In plaas daarvan word sy onrus en woede nog erger:

De herinneringen vraten aan mijn slaap. Midden in de nacht schoot ik wakker, stijf van haat, of juist slap, van razernij verlamd. Elke morgen schrok ik van mijn eigen kop. (195)

Hy kan al die nuwe kennis oor sy ouers en veral sy vader nie verwerk nie en verval in 'n toestand van woedende magteloosheid oor dit wat sy ouers aangedoen is en wat die wêreld skynbaar nog steeds aan mense doen, sowel as dit wat veral sy vader op sy beurt aan hom en aan ander gedoen het:

Alles irriteerde me die dagen: ik schold op het televisiejournaal, smet de kranten in een hoek. Oorlog, onrecht, ziekte, ik verdroeg het niet langer, er mocht geen zwakheid zijn en om mij ertegen te verdedigen strooide ik zout in de familiewonden. Spot en vitriool over mijn vaders graf, waarom? Mijn woede werd ik er niet mee de baas. Integendeel, ik verzette me tegen de vernederingen die mijn ouders moesten ondergaan en toch wilde ik ze straffen, ja, ik verlangde zelf naar straf. Ik begreep mijn woede niet. (196)

Uiteindelik sou hy slegs aanvaarding en berusting vind deur sy eie herinnerde ervarings aan sy vader direk te konfronteer. In hoofstuk 4 en 5 van *Indische duinen* is dit dan ook presies wat gebeur: hy konfronteer en tree in gesprek met 'n verbeelde weergawe van sy vader en begin werklik om sy eie verhouding met sy vader uit te werk. Omdat hy na die dood van sy vader hom aanvanklik met sy moeder geïdenti-

fiseer het en sy bewustelik en onbewustelik sy vader probeer vergeet het, moet hy self die inisiatief neem:

Ik ben op zoek gegaan naar je verleden, pap, veel is anders dan ik dacht. Ik vroeg het de familie, maar ik hoor tegenstrijdige verhalen. Ons moeder wil zo graag vergeten, en ze boft: zoals de schrale zon jouw foto heeft verbleekt, zo wissen de jaren haar geheugen uit (212).

Hy wil dit wat hy oor sy vader uitgevind het, orden en kombineer en met 'n volwasse blik na die verhale kyk wat sy vader hom vroeër vertel het, 'n volwasse blik wat in staat is om die pyn en bitterheid te begryp wat grondliggend was aan die spottende en humoristiese aard van die verhale (my kursivering):

Je schudde de verhalen als sprookjes uit je mouw, zette stemmen op, deed mensen na en moest er zelf het hardst om lachen. *Ik was te jong om te begrijpen hoe wrang je grappen waren* (206).

Op hierdie manier begin die verteller in *Indische duinen* die verhale van sy vader op sy manier hervertel waardeur hy hoop om tot 'n groter begrip van sy vader te kom.

Ik zal een verhaal vertellen zoals jij deed. (206).

Dit is presies wat hy doen. Hier begin hy dus daadwerklik om homself met sy vader te identifiseer. Hy besef dat hy homself nie presies soos sy vader (“met een snuf meer Maleis”) kan uitdruk nie, maar deur hierdie hervertelling kan hy vir die eerste keer op gelyke vlak in kontak tree met die man vir wie, ten spyte van sy dood, hy al die jare so bang was en wat hy sy hele lewe probeer ontvlug het:

Nu je dood bent, durf ik je lang in je ogen te kijken, met de jaren zijn ze minder zwart en streng geworden [...] (210).

Hy besef ook vir die eerste keer dat sy vader se voortdurende drang om te vertel, net soos sy eie, 'n manier was waarop hierdie verswakte en vernederde man homself kon bemagtig:

Al kon je mijn slee niet trekken in de winter en kwam je met het vliegeren de duin niet op, aan tafel was je de stoerste vader van het dorp. (210).

Met hierdie besef kan die seun dan ook deur sy eie vertelling die inisiatief neem in die verhouding, sy vader losmaak van sy mistieke en irrasionele sy en hom vervolgens ook nog simbolies genees. Hiermee verlos hy die vader dan ook van die geweld en vernedering wat hom aangedoen is, sowel as die vernedering en geweld wat hy op sy beurt sy seun aangedoen het (my kursivering):

We bestellen nog een glaasje bier. Drink man, zet die antroposofiese onzin overboord, ook groente gist tot alcohol in de darmen, geen dokter die je hier

iets voorschryft. *Vanavond schrijf ik je gezond, mijn pen en ik zijn hier de baas.* (210)

Soos ek reeds in hoofstuk een genoem het, is dit volgens Paul Ricoeur (1990: 158) noodsaaklik dat iemand die wêreld op hierdie manier ontdek en verdig sodat hy kan leer hoe om hierdie vertelde en verdigte beeld deel van homself te maak. Op hierdie manier kan die verteller hierdie vreemde vyandige vaderfiguur, wat ooreenstem met die oorspronklike Freudiaanse “Ander”, tog nog op dié laat volwasse stadium deel van homself maak. Deur sy vader se verdigte “vertelde” selfbeeld te internaliseer, kry hy die kans om homself as persoon verder te ontwikkel. Dit word dus moontlik om deur hierdie daad van verhalende objektivering van sy vader (die verhaal in *Indische duinen!*) te ontwikkel tot ‘n ewewigtige, onafhanklike en bemagtigde individu. Dit is vir hom dan ook die eerste stap tot die herontdekking van ten minste die ideaal van ‘n goeie, liefhebbende vader (Rutherford, 1992: 143-172).

## **5.2. Die herontdekking van ‘n verlore identifikasie met die vader**

As gevolg van die proses van verbeelde herskepping en hervertelling van herinneringe wat vroeër bloot emosionele assosiasies was, ontdek die seun dat daar inderdaad ‘n stadium was waarin hy en sy vader besonder na aan mekaar was. Kort na die dood van sy vader het hy hom van identifikasie met sy vader losgemaak omdat hy nie sy vader as bemagtigende en liefhebbende rolmodel kon sien nie, nou ontdek hy dat hierdie vader in werklikheid tog bestaan het. Ironies genoeg val hierdie tyd saam met ‘n periode toe die vader se gesondheid dramaties verswak het. Hierdie tydperk, ongeveer ‘n jaar voor die dood van sy vader, val ook saam met die wydverspreide angs wat taamlik algemeen was gedurende die tyd van die Hongaarse opstand in 1956.

Met die Russiese onderdrukking van die Hongaarse opstand teen die einde van 1956 het die kommunistiese bedreiging in die oë van Just 2 ‘n gevaarlike werklikheid geword. Die gesin, en veral sy jong seun, moes voorberei word vir ‘n dreigende Russiese inval:

Levenslessen daar ging het om. Want er dreigde gevaar [...], zorgelijke tijden braken aan: [...], de Russen reden naar het Westen en dit keer kwamen ze niet als bevrijders. De kraaien juichten achter het duin. Ik moest fit en sterk zijn voor de vlucht en dagen kunnen lopen, maar mijn voeten waren vormloos en slap. Daar gingen we wat aan doen.(286)



Dit is duidelik dat, uit die aard van die voorbereidings, dat die vader se verwagtinge diep in sy eie oorlogservarings van die Japanse inval in Oos-Indië gewortel was. Die fisiese voorbereidings waaraan die seun blootgestel word, is besonder streng en pynlik. Om sy voete en beenspiere te versterk vir die verwagte lang vlug te voet dwing sy vader hom om met 'n groot albaster onder sy voetholte te oefen:

Een stuiter in de holte van mijn voeten. Mijn vader bond ze vast met dezelfde gele windsels die de reddingspaarden om hun enkels kregen als de strandvonder ermee uit showen ging. [...] Twintig rondjes om de tafel. Mijn vader sloeg het ritme. Tik, tik, tok, tok. (286)

Hier werk die seun vrywillig saam met sy vader om in sy eie oë, en dié van sy vader, 'n "man" te word en nes sy vader te leer om pyn te verberg:

Bij 'au' ging het sneller. Zijn liniaal hijgde in de lucht. Met opgetrokken wreef nam de druk op de stuiter af, maar als hij het zag kreeg ik een tik. Ook lopen op de buitenrand van mijn voeten was verboden, de holte moest gekneed. Ik verborg mijn pijn in mijn benen, mijn gezicht mocht niets laten zien. Ik won. (287)

Die intense pyn van hierdie ervarings wat die seun, wat nog maar skaars tien jaar oud was, moes ondergaan, bly hom by as volwassene. Al was dit veronderstel om vir sy beswil te wees, is dit een van die emosies wat hy op 'n suiwer fisieke vlak bly ervaar sonder dat hy hulle bewustelik of rasideel kon verwerk:

Ze zeggen dat pijn geen geheugen heeft. Toch voelde ik wandelend door de straten van mijn oude dorp de stuiters steken. Het was geen herinnering maar pure gewaarwording. Hysterische verbeelding. Urenlang, daar kon geen zandloper tegenop. (287)

Dit is duidelik dat hierdie streng en pynlike oefenprogram waaraan die vader sy seun blootstel 'n poging is om iets te doen om sy eie oorlogsang, voortkomend uit sy traumatiese oorlogservarings, te besweer. Deur sy seun weerbaar te maak, probeer hy 'n skans oprig teen sy eie vrees. Dit is egter nie genoeg nie: hy word so oorweldig deur sy eie ang dat dit uiteindelik tot 'n verdere verswakking van sy gesondheid lei:

[...] mijn vader was zo zenuwachtig en zijn hart ging achteruit. Zijn ogen zaktten dieper in hun kassen, het blauw van zijn lippen ging niet meer weg. Mijn zusters fluisterden over een operatie, misschien kon hij een nieuwe hartklep krijgen. Er kwam een brief van een professor: mijn vader stond boven aan de lijst. (288-289)

Deur die navertel van hierdie herinnering kom die besef by die verteller van sy vader se liefde. Just 2 is swak en siek, maar hy probeer soveel moontlik tyd saam met sy seun spandeer om hom weerbaar te maak teen die ontsaglike bedreiging wat volgens

hom voorlê. Die jong seun word geweldig hard en pynlik behandel. Die vader behandel hom so weens sy eie angs en 'n misplaaste konsep van manlikheid wat deels voortkom uit sy nuutverworwe Koue Oorlogsfiksie wat vereis dat sy seun ten alle koste weerbaar moet wees. Daar is in hierdie vertelling inderdaad sprake, te midde van al die pyn, van 'n besondere liefde en sin van opoffering wat die vader teenoor die seun openbaar. Die seun word streng en hard behandel, die vader is siek en swak, maar hy doen sy uiterste bes om sy gesin en sy seun weerbaar te maak teen die dreigende gevaar. Ironies genoeg gee hierdie aandag van sy vader aan die seun se bestaan 'n besondere betekenis. Deur die feit dat vader, moeder en seun hier saamwerk om al die nodige te doen om die bedreiging die hoof te bied word die gesinsband besonder heg. As deel van hierdie klein gesinsgemeenskap, met hulle eie vertelde waarheid oor die aard van die bedreiging, word hulle al drie tot 'n betekenisvolle eenheid gevorm. Die voorbereidings word 'n ware spanpoging (289) om alles skoon te maak, op te ruim, voorbereidings te tref, voorrade op te bou en 'n skuiling voor te berei: "Wat viel er niet te doen voor de Russen kwamen!" Elkeen het sy eie taak, die seun "bracht de oude kranten boven en veegde het kolengruis bijeen"; die vader "schroefde voor de zekerheid ook nog twintig fietslampjes op een plank"; die moeder "naaide zakken van oude lakens" wat die seun met sand moes volmaak omdat sand "atoomstralen" keer. Kos word ingemaak en gebêre en 'n geheime skuilkelder voorberei sodat niemand sou weet "dat wij in een kelder woonden".

Daar ontstaan dan ook 'n uiters intieme band tussen die vader en seun juis omdat die vader vir die eerste keer in die boek bereid is om ook sy angs en pyn met sy seun te deel en hom voor sy seun as ontstelde en bedreigde mens, eerder as "vent zonder tranen" (112) aan sy seun openbaar:

...’s avonds lazen we samen de krant. Hij liet me de foto’s zien, ik spelde de koppen zonder hapering. Letters werden spannender dan plaatjes. Volksopstand in Hongarije. Aanval op Boedapest. [...] tienduizenden Hongaren vluchtten naar het Westen. Een zangeres zong een liedje over Boedapest. Het zou oorlog worden. Mijn vader huilde bij de radio. (290).

Waar die seun vroeër in die boek die vader se houding teenoor die oorlog as "een groots gebaar" en "een lofzang op kameraadschap en heldenmoed" beskryf, bring hierdie herinnering die besef dat die ellende, mishandeling en vernedering van die vader juis geweldig pynlik moes gewees het.

Uiteindelik gaan die seun volkome op in die vader se obsessie. As volwassene onthou hy nou hoe hy as tienjarige seun deel geword het van sy vader se wêreld en, in sy vader se swakte, 'n betekenisvolle rol vir homself kon vind. Dit is juis ironies dat waar die vader neuroties oor die bedreiging word en daardeur ook fisies agteruitgaan, die seun in sy verbeelding 'n rol vir homself binne die raamwerk van sy vader se konsep van manlikheid begin skep. Hy word as 't ware die redder van sy vader:

We moesten lief voor vader zijn. Als ik nou maar mijn oefeningen deed, kon ik later veel werk uit handen nemen. (289)

[...] ik moest een betere schuilplaats zoeken, ons rode dak zou te veel de aandacht van de bomwerpers trekken. Een schuilplaats ergens achter ons huis leek me veiliger. Ik liep alleen de duinen in en zocht een plek bij het mulle zand, daar vond geen tank houvast. (291-292)

Die reaksie van die seun is dat hy hom met die heldhaftige, manlike sy van sy vader begin identifiseer en begin droom van 'n heroïese rol vir homself saam met sy vader waarin hulle saam, los van die res van die gesin, 'n harde, manlike en heroïes-avontuurlike lewe sou lei:

[...] er kwam een dag dat we samen moesten vluchten, de dag waarop ze van alle mannen knechten zouden maken en niemand meer kon denken wat hij wou. Daarom moest ik trainen, ik moest sneller zijn dan het kwaad. Ja, mijn vader ging mij vreemde talen leren, we zouden een globe kopen en een veilige route uitstippelen. (291)

Dit impliseer ook 'n losmaak van die band van alles wat hom aan sy ouerhuis en sy moeder bind:

Daarna maakten we een grote reis, we lieten achter wat we bezaten, mijn zusters, mijn moeder ook misschien. Zo ging het altijd in een oorlog, je moest hard zijn en je losmaken van je liefste bezit. (291)

Deur hierdie hervertel van sy herinneringe herontdek die seun die noue band wat daar destyds tussen hom en sy fisiek verswakte vader bestaan het, 'n vader wat ondanks sy siekte, sy bes probeer doen vir sy seun. Gedurende hierdie tyd van die vader se swakheid en sy angs vir 'n kommunistiese aanslag het daar 'n baie nou band van liefde en kameraadskap en fisiese en emosionele kontak tussen die vader en die byna tienjarige seun ontstaan. Die seun identifiseer hom dan ook byna volkome met die vader en dink met trots aan sy vader opoffering:

Hij was zwak maar niet te moe om op mijn training toe te zien [...];  
aan die manier waarop hy op 'n fisiese vlak feitlik deel van sy vader word:

Om mijn spieren tussen rust en inspanning te verwennen smeerde hij me in met tijgerbalsem. Voortaan rookten we hetzelfde;

En aan die kombinasie van pyn en beloning wat hy van vader ontvang:

[...] liet hij mijn spieren tussen zijn vingers rollen. [...] pitjitten tot de tranen in mijn ogen spoten. Ik gilte het uit, de tijger beet in mijn benen. 'Concentreer je op andere dingen,' fluisterde hij en hij kneedde door, 'je mag wel huilen, maar nooit schreeuwen, je moet je pijn in stilte dragen. Denk aan je zandloper.' En als ik huilerig lag bij te komen, troostte hij me met een mooi verhaal, een Classic die hij zelf verzon en die hij als een Sjeherazade tot een sprookje liet groeien, duizend-en-één seconde lang. (292).

Die hoogtepunt van die seun se bemagtiging teenoor die vader word bereik as die vader, voor sy operasie, afskeid neem van die seun. In sy hervertelling van hierdie afskeid besef die verteller dat sy vader op daardie oomblik amper soos 'n kind troos moes soek by sy tienjarige seun. Dat hierdie taai, manlike vader inderdaad ook 'n mens vol angs was:

En ik droomde en hoorde mijn bed aan de rechterkant kraken. [...] ik schrok wakker en keek in het betraande gezicht van mijn vader. Hij kwam afskeid nemen (301).

Die raad wat hy hier vir sy seun het is dit waarvolgens hy probeer leef het en wat hy nou ook tevergeefs probeer doen: die onderdrukking en verberging van 'n sin van pyn, gevaar en verlies:

[...] 'je moet pijn voor je houden, je weet wel, lieve vent' (301).

Ses-en-dertig jaar na die dood van sy vader word deur hierdie herinnering aan hulle gesamentlike belewenisse en die herinnerde verhale die band met en identifikasie tussen vader en seun herstel:

Mijn vader op de rand van mijn bed. Nog groeien zijn verhalen in mijn herinnering, telkens met andere woorden, al behielden ze de klank van zijn stem. (292).

Die verteller besef dat daar, minder as 'n jaar voor sy vader se dood, 'n sterk en intense band tussen hom en sy vader was. Hy kon met sy vader kommunikeer en identifiseer. Iets het daarna skeefgeloop wat tot sy regressie na sy vader se dood gelei het.

### **5.3. Die finale vernedering van die seun deur die vader**

Die sterk identifikasie met en band tussen die seun en die vader het plaasgevind tydens 'n periode waartydens die vader verswak was en die seun kon voel dat hy besig was om hom voor te berei om soos sy vader te kan optree en uiteindelik die inisiatief



sou kon neem om namens sy vader op te tree. Die seun is bemagtig en voel dat hy die rol van die vader onder die omstandighede van die kommunistiese bedreiging sou kon inneem. In Freudiaanse terme (Rutherford, 1992: 111) identifiseer hy in so 'n mate met die vader dat hy hom gereed maak om uiteindelik met trots die rol van sy vader oor te neem.

Die vader word geopereer en herstel van sy hartprobleem. Die liggaamlike swakheid wat hom tydelik van sy vermoë tot diktatoriale mag en invloed oor die gesin ontnem het ten gunste van 'n meer gelyke band met sy seun, verdwyn. Die probleem is dat die vader nog steeds in terme van sy eie narratiewe identiteit 'n verswakte “gekastreerde” persoon bly wie se eie narratiewe identiteit, en daarmee sy manlikheid, binne die gemeenskap waarin hy leef gemarginaliseerd bly. Na sy liggaamlike herstel moet hierdie sielkundig geskonde en ontmagtigde vader probeer om sy beheer oor sy seun terug te kry. Terwyl die vader in die hospitaal aansterk, ontstaan daar by almal (ook by Just 2 self) die hoop dat hy hierna 'n beter aangepaste lewe sou kon lei;

Hij zou weer alles kunnen doen, koken en dansen, Solex rijden, ja, hij beloofde mijn moeder zelfs werk te zoeken, zijn eerste burgerbaan; er kwam geld in overvloed. Mijn moeder lakte haar nagels [...] en ging een week bij hem logeren. We leefden er allemaal van op. Een nieuw hart, een nieuwe vader. (303)

Die vader self laat die hoop ontstaan van 'n meer vriendskaplike en gelyke verhouding met sy seun. Sy oupa stuur hom 'n verligte aardbol en sy vader stuur hom 'n briefie oor 'n voorgenome reis:

[...] er zat een briefje van mijn vader bij: ‘Lieve vent. Als ik straks helemaal beter ben, gaan we trainen voor een grote reis. Vet je riemen van je rugzak maar vast in.’

Daar is dus die hoop dat die fisiese herstel van die vader ook 'n sielkundige ommekeer by hom sou bring. Na sy vader se tuiskoms loop dinge volkome anders. Die seun ken sy vader te goed om werklik te glo dat sy vader so drasties sou verander. Terwyl hy op die aankoms van sy vader wag, raak hy beangs omdat hy weet dat sy vader sal agterkom dat hy hom in sy afwesigheid nie by sy streng oefenprogram gehou het nie.

Dinge werk anders uit as dit waarop die seun sou kon hoop en selfs erger as sy ergste vrees. In plaas van 'n verhouding van groter gelykheid en samewerking, van 'n beloofde kameraadskap, kom die vader terug met sogenaamde sagter “antroposofiese” maniere om sy beheer oor sy seun terug te kry.

Dit is asof die jong seun se relatiewe bemagtiging tydens sy vader se siekte vir die vader 'n bedreiging inhou. Die vader voel dat hy sy mag oor sy seun nie kan prysgee nie omdat die seun feitlik die enigste persoon in sy lewe was waardeur die vader hom binne sy eie gemarginaliseerde situasie nog as sterk, manlik en bemagtig kon sien. Die tydelike bemagtiging van sy tienjarige seun tydens sy siekte hou vir hierdie geestelik ontmagtigde en gekastreerde man inderdaad nog 'n verdere kastrasiegevaar in.

Omgekeerd beteken dit vir die seun dat sy vader nou weer in die pad van sy eie bemagtiging staan: “[m]ijn vader herwon zijn krachten en ik had de mijne verloren. De harmonie tussen hoofd en lichaam kwam niet tot stand ...” (305).

Die seun probeer hard om sy lojaliteit teenoor sy vader te bewaar. Die seun sien nie op 'n tradisionele wyse (Rutherford, 1992: 112) sy vader as 'n bedreiging “standing in the way of his attachment to his mother” nie, veral omdat sy moeder nooit vreeslik ondersteunend teenoor hom was nie en sy vader eintlik 'n groter aandeel aan sy opvoeding en sorg gehad het. Hy wil nie, soos normaal sou wees in die Freudiaanse ontwikkeling van 'n seun 'n vyandige houding (Rutherford, 1992: 112) teenoor sy vader ontwikkel nie. Die ironie in *Indische duinen* is dat die sielkundig geskonde vader op hierdie stadium self bedreig voel omdat die seun gedurende sy afwesigheid afgewyk het van sy reëls. Die vader moet nou probeer om die verlore beheer oor sy seun terug te kry deur middel van antroposofiese euritmiese oefeninge.

Dit is moontlik om die tydelike periode tydens die vader se siekte as 'n soort Freudiaanse ommekeer te sien: die vader het gedurende hierdie periode opgehou om 'n bedreiging vir die seun te wees. Die seun verkry 'n vryheid wat hy vroeër nooit gehad het nie, vir die eerste keer in sy lewe kan hy die oefeninge van sy vader ignoreer. In terme van die mite van die patriargale oerhorde in *Totem and Taboo* (Freud, 1990: 202-203) sou 'n mens kon sê dat hy, deur die oefeninge te ignoreer wat sy vader altyd as noodsaaklik beskou het, optree asof hy inderdaad, in terme van die mite van die oerhorde, van 'n dominerende vader ontslae geraak het. Die probleem is egter dat die vader herstel en terugkeer.

Omgekeerd hou die seun se verwaarlosing van die vader se reëls 'n direkte bedreiging vir hierdie vader in. Ondanks sy fisiese herstel bly die seun vir sy vader die hoofbron van bemagtiging.

Die vader is man wat in terme van sy narratiewe identiteit van sy mag en invloed beroof is. Ook het ons gesien dat hy op verskillende stadiums en verskillende tye vanaf sy kinderjare voortdurend simbolies gekastreer is en telkens sy narratiewe identiteit moes aanpas om homself opnuut te probeer bemagtig. Teen die tyd dat hy in Nederland beland het, was sy gesin feitlik sy enigste bron van bemagtiging. Soos die meisies die gesin begin verlaat het, het daar uiteindelik vir die vader slegs sy seun oorgebly as bron van bemagtiging. Die seun was die enigste persoon op wie die vader sou kon vertrou om sy persoonlike narratiewe identiteit die toekoms in te dra en op hierdie manier die voortbestaan van sy bemagtigende manlikheid te verseker. As die seun op 'n gelyker vlak met die vader begin kom en tekens begin toon dat hy nie aan die taai manlikheidsbeeld van die vader kan voldoen nie, ontstaan daar vir die vader alreeds 'n probleem. Wanneer die seun tydens die vader se afwesigheid sy vader se reëls verontagsaam, word die vader dan ook inderdaad van 'n gedeelte van sy mag oor die seun ontnem. Die seun is die vader se enigste hoop op volgehoue bemagtiging, om hierdie rede is dit vir die vader onmoontlik om enige ander vorm van manlikheid in die seun te erken.

Op hierdie stadium kom die vader se intense haat teenoor die vroulike na vore. Hy beskuldig sy seun daarvan dat hy besig is om verwyf te word, iets wat binne die raamwerk van sy hele manlikheidsgeskiedenis en die ou koloniaal-hegemoniese manlikheid waarin hy geleef en grootgeword het op ontmagtiging neerkom. Volgens die vader dreig die seun om:

[...] te verpappen, kijk maar: vrouwenvlees. Hij zette me voor de spiegel en en trok mijn hemd op, ja, er blubberden zelfs al kleine borsten. (305)

Om sy seun tot manlikheid te dwing, moet hy boomklim. Hy dwing die jong seun op 'n tak in 'n boom vanwaar die seun self moet op- of afklim. As die seun duidelik te bang is om dit te doen, word hy deur sy vader op 'n uiters pynlike wyse uit die boom getrek en wel op so 'n manier dat sy ontluikende manlike geslagorgane uiters rof en pynlik op en af en heen en weer langs die tak geskuur word:

Hij greep me bij mijn enkels en trok zich aan me op. Mijn ballen drukten tegen de bast en ik moest haast overgeven van de pijn. Hij duwde mijn benen naar voren en naar achteren en schuurde mijn kruis over de tak.

‘Weet je het al?’

Ik schreeuwde.

‘Dat zijn je klotten, een vent heeft klotten. Weet je het nu?’ (306)

Die vader tree hier as ’n bullebak teenoor sy seun op omdat die seun se ontwikkeling verskil van die manier wat die vader as volledig manlik en dus as wenslik beskou. Terselfdertyd bring dit by die vader al sy herinneringe aan die vernedering wat hy self moes ondergaan na vore. Aan die een kant wil hy nie dat dit met sy seun gebeur nie maar aan die ander kant mag die seun nie sy dominante posisie bedreig nie. Deur sy optrede om sy manlike oorheersing oor sy seun te bevestig, maak die vader hom hier skuldig aan ’n uiters pynlike vorm van simboliese, byna werklike kastrasie. Die seun se werklike vrees word deur die vader as verwyf (en by implikasie dus ook as Oosters) en onmanlik geïnterpreteer.

Deur hierdie daad bevestig die vader uiteindelik die selfhaat van ’n man wat ontmagtig is deur, agtereenvolgens, die selfsug en sensualiteit van sy moeder, die selfmoord van sy vader, sy vernedering in die leër, sy totale ontmagtiging deur die Japanners, die verlies van die koloniale ryk en sy verdere vernedering as repatriant in Nederland. Die feit dat die seun in die oë van die vader feminiseer, maak die seun tot ’n objek van die vader se angs waarop hy slegs kan reageer deur hierdie daad van simboliese (en byna werklike) kastrasie. Die ironie is egter, soos ek hieronder nader sal aantoon, dat die effek van hierdie optrede presies die teenoorgestelde is van wat die vader beoog: uit skaamte en vernedering draai die seun sy rug op sy vader se manlikheid en keer, na die dood van die vader, terug na die moeder as identifikasiefiguur.

Hier het ons inderdaad die geweldige probleem van ’n gemarginaliseerde vaderfiguur wat nie aan sy seun die ontsnapping tot bemagtiging en bevoorregting (Kaufman, 1987: 10) kan bied nie. Ironies genoeg is dit nie omdat die vader in ’n verswakte of gemarginaliseerde posisie verkeer nie: selfs in sy gemarginaliseerde verswakte rol kon en wou die seun tydens die Hongaarse krisis tog met sy vader identifiseer. Ten spyte van die feit dat daar min, indien enige, persoon in die wêreld is wat nie op een of ander manier ontmagtig is nie, kan seuns hulle deurgaans tog op een of ander manier op ’n positiewe manier met hulle vaders vereenselwig. In hierdie geval is dit egter so



dat die vader as gevolg van sy eie gevoel van swakheid daartoe oorgaan om onmoontlike eise van manlikheid aan sy jong seun te stel en hom op daardie manier bly verneder (daar is ook die insident met die wese op p 278 – 280). Hierdie vernedering en die seun se onvermoë om aan die vader se onrealistiese manlikheidseise te voldoen maak vir dit vir die seun uiteindelik onmoontlik om hom met die vader te bly identifiseer:

Ik hield van mijn vader, juist toen, ik wilde zijn respect afdwingen, mijn pijn wegtellen als een oorlogsvriend. Maar wat ik ook deed, hij zag alleen mijn fouten. [...] Ik begreep dat hij een ridder van me wilde maken en dat ik nog vele opdrachten moest vervullen voor hij mij als zijn gelijke accepteren zou. (306)

Verder verneder die vader die seun deur die seun se eie bemagtigende manlikheid te verwerp:

[...] Hoe durfde hij mij voor een vrouw uit te maken terwijl ik elke dag voor vent trainde, mijn Ceasarhaar een dievenkop te noemen terwijl in zijn verhalen dieven met de eer streken. (306)

Met hierdie optredes lê die vader die basis van die seun se vermoë om te haat. Die ironie is dat seun se haat teen homself gekeer word (my kursivering):

Die avond voelde ik voor het eerst een diepe haat, een haat die uit mijn zwarte ballen kwam. [...] Maar het was *geen haat tegen mijn vader* en *geen haat tegen mijn moeder*, die een striem een schram noemde en elke bult mijn eigen stomme schuld, en ook *geen haat tegen mijn zusters* [...] daarvoor voelde ik mezelf *te slap, te min, te weinig vent met kloten. Ik haatte mezelf.* (307).

En uiteindelik volg die finale mislukking van die potensiële bemagtigingsrol van identifikasie met die vader:

De rol van trotse zoon was te zwaar voor mij, ik had gefaald, ook de helden in mijn Classics keken op mij neer (307).

Deur hierdie optrede het die vader daarin geslaag om deur 'n daad van simboliese kastrasie sy seun te ontmagtig en sy eie jarelange ontmagtiging op sy seun oor te dra. Die vader se eie ervaring van voortdurende magsverlies, van simboliese kastrasie, word op die seun oorgedra. Op 'n ironiese manier vind hier dan wel op emosionele vlak 'n proses van vroeë identifikasie plaas. In plaas daarvan dat dit (Kaufman 1987: 10,11) 'n ontsnapping bied deur die ontwikkelende seun te bemagtig deur inlywing by die mag en invloed van die vader en ander manlike figure, vind daar, ten spyte van die seun se verlange om hom met die sterk kante van sy vader te internaliseer, 'n oordrag

van die vader se swakhede na sy seun plaas. Die vader dra, deur sy daede van simboliese kastrasie, sy eie onmag aan sy seun oor.

By implikasie is daar hier 'n felle aanklag teen die mag van Westerse hegemoniese manlikheid; 'n aanklag teen dié soort manlikheid wat daartoe neig om alles wat ongewens is te feminiseer en die vroulike, en daarmee ook die Ander, tot haatobjekte te omskep. Die haatobjekte wat op hierdie manier in *Indische duinen* ontstaan is in werklikheid 'n weerspieëling van die selfhaat van 'n man wat grootgeword het met die idee dat dit sy reg en sy erfenis was om deel te wees van die manlike Westerse hegemoniese en beskawende koloniale ryk maar wie se mag en lewensdoel ondermyn is deur die geprojekteerde aanslag van eksotiese Oosterse vroulikheid en die sosialistiese en kommunistiese gelykheidsleer.

Die seun leef egter in 'n postkoloniale tyd op die drumpel van die 1960's wat die begin sou wees van grootskaalse dekolonisering en 'n ernstige bevraagtekening van al die aannames grondliggend aan die hele manlik-Westerse hegemoniese beskawingsprojek. Die seun kies dus aan die einde van die boek ten gunste van die moeder, al beteken dit dat hy vir 'n lang ruk nie in staat sou wees om met sy vader af te reken nie.

#### **5.4. Versoening en aanvaarding**

Ses-en-dertig jaar na die dood van die vader is daar inderdaad 'n vorm van versoening moontlik. Die Nederland waarin die volwasse verteller leef is lankal nie meer die "fatsoenlijke" Nederland van die 1950's nie. Die tyd van "zwijgende ouders" (137) van (Serie, 1995: 61, 62), die "vermomming, als Nederlanders" is verby. Gedurende die 1980's en 1990's (Serie, 1995: 62) het daar 'n ruimte ontstaan vir groter openheid teenoor die traumatiese nagevolge van dekolonisering. Dit het moontlik geword om te praat oor waarom mense uit die voormalige Nederlands-Indië hulle in Nederland bevind het en waarom hulle destyds so deur die Nederlanders gemarginaliseer is. Al die dinge wat voorheen net gevoel kon word, Christopher Bollas se "unthought known" (Rutherford, 192: 96), waarna ek in Hoofstuk 3: 45 van hierdie studie verwys, kan nou erken, vertel en gekonkretiseer word. Hierdie vertelling en konkretisering beteken in die geval van *Indische duinen* sowel 'n erkenning van die volle waarheid oor die vader as van die werklikheid van die hele manlik-hegemoniese koloniale projek.

Hierdie vertelling in *Indische duinen* (waaruit dit blyk dat sowel die optrede as die koloniale agtergrond van die vader nog veel brutaler en gewelddadiger was as wat die verteller aanvanklik gedink het) beteken dat die hele geskiedenis van sowel die vader as die seun uiteindelik geobjektiveer kan word. Objektivering lei in hierdie geval tot aanvaarding sonder dat die ware aard daarvan verdoesel hoef te word. Wat dit wel doen is om dit binne sy historiese, sosio-ekonomiese en politieke konteks te plaas waardeur dit vir die seun moontlik word om verder te lewe sonder al die emosionele bagasie. Vir die seun beteken dit dat die las van sy verlede uiteindelik verlig word (310 en 341).

## Hoofstuk 6

### Samevatting en slot

Die problematiek van die vader-seun verhouding in *Indische duinen* is 'n komplekse kombinasie van sielkundige, sosio-ekonomiese, sosio-politieke en lewensbeskouingsprobleme rondom die sin van identiteit en aanvaarding. Hierdie probleem van identiteit en aanvaarding moet gesien word binne die raamwerk van verskillende vorme van Westerse manlikheidsopvattinge en die krisis wat ontstaan het as gevolg van die relatief vinnige dekolonisering van Nederlands Oos-Indië.

Binne *Indische duinen* vind ons 'n botsing tussen twee aangepaste vorme van Westerse manlikheid: hegemones Nederlands-Calvinistiese manlikheid, vanaf die sewentiende tot die twintigste eeu in al sy vorme berekenend rasioneel, en die koloniaal-heroïese manlikheid, gekarakteriseer as onversetlik, romanties-heroïes, en voortdurend bedreig en beïnvloed deur irrasionele elemente en Oosterse mistisisme. Veral tydens die negentiende en vroeë twintigste eeu het sowel die Nederlands-Calvinistiese as die koloniaal-heroïese manlikheid al rassistieser geword. Die vlak van en intensiteit van hierdie rassisme was egter veel sterker in die koloniale situasie.

Alhoewel die Westers-koloniale manlikheid altyd hegemones binne die kolonies was, was dit altyd afhanklik van en ondergeskik aan die Nederlands-Calvinistiese manlikheid in Nederland. Na die verlies van die Oos-Indiese koloniale ryk het die Nederlands-Calvinistiese manlikheid hierdie koloniale manlikheid nie meer nodig gehad nie en is dit binne die Nederlandse samelewing van die 1950's gemarginaliseer. Die narratiewe identiteit van die vaderfiguur, Just 2 in *Indische duinen*, was totaal afhanklik van die koloniaal-heroïese manlikheid wat die dominante fiksie was waarmee hy grootgeword het. Die narratiewe identiteit van Just 2, die vader van die verteller, pas dus nie in binne die dominante fiksie van die Nederlandse gemeenskap waarin hy na die oorlog moet lewe nie.

Vir die seun lê die probleem daarin dat daar aan die een kant besondere sterk druk deur die vader, as dominante opvoedingsfiguur, op hom uitgeoefen word om sy vader se koloniaal-heroïese narratiewe identiteit te internaliseer. Sy vader verwag dat die seun minstens gedeeltelik die waardes en opvattinge van die vader tot sy eie maak, 'n



verwagting wat vir die seun, wat moet leer om hom by die hegemonesiese manlikheid van 'n post-koloniale Nederland aan te pas, besonder moeilik was.

Sowel die vader as die seun in *Indische duinen* het probleme met hul identifisering met positiewe vader- of andere sterk manlike figure. By sowel die vader as die seun is dit gedeeltelik te wyte aan die problematiese dood van hulle onderskeie vaderfigure voor die seuns puberteit bereik en verder hulle herinnering aan die onaanvaarbare optredes deur die vaders en, in die geval van Just 2, plaasvervangende vaderfigure soos die leeroffisier en die Nederlandse regering..

Daar was veral by die vader, Just 2, 'n besonder problematiese proses van simboolvorming. Hierdie problematiese simboolvorming het voortgevloei uit die vader se traumatiese, vernederende gesins-, leer-, en kampervaringe wat hom op verskillende stadiums deur 'n proses wat as simboliese kastrasie beskou kan word van sy bemagtigende talente en vermoëns ontnem het. Ook die seun het, aan die hand van sy vader, 'n simboliese kastrasieproses ondergaan waardeur hy op daardie stadium van sy vermoë tot bemagtiging deur identifikasie met sy vader ontnem is.

By die seun gaan dit om wat Rutherford (1992: 96) die preverbale “failure of communication” noem waarna ek in Hoofstuk 3: 44 van hierdie studie verwys. Hy keer terug na sy keuse vir 'n veilige emosionele band met sy moeder na die dood van sy vader (68) om die problematiese implikasies van sy identifikasie met sy onredelik en gewelddadige vader te vermy. Inderdaad sou dit, as gevolg van sy jeug en sy oormaat aan angs en vrees, tesame en die versweë traumatiese omstandighede van die gesin, feitlik onmoontlik wees om op daardie stadium oor te gaan tot 'n vertelde konfrontasie met sy gestorwe vader. Die gevolg was dít wat Willie Burger (2003: 161) die “diskontinuiteit van die self” noem: 'n onvertelde gedeelte van die verteller se lewe wat ontgin en vertel moet word. Die seun kon nie oorgaan tot die volledige formulering van sy narratiewe identiteit nie, dit wil sê, 'n narratiewe identiteit wat nodig is om volgens Willie Burger (2003: 161) “te verstaan wie ons is”.

Die uitkoms vir die verteller in *Indische duinen* is uiteindelik wel 'n proses van objektivering deur vertelling, deur die skep van 'n meer volledige narratiewe identiteit oor homself en oor sy vader. Hierdeur is hy in staat om self die inisiatief vir sy eie

lewe te neem en homself op hierdie manier te bemagtig sonder dat hy afhanklik bly van sy vroeë, emosioneel ervare belewenisse.

Omdat hy in staat is om tot die vertel van sy eie lewe en dié van sy vader oor te gaan word dit vir die eerste keer in sy lewe vir hom moontlik om tot 'n begrip van homself en van sy vader te kom. Deur hierdie ontwikkeling van sy begrip word dit vir hom moontlik om hom met sy vader en met homself te versoen sonder om die brutaliteit, gewelddadigheid en wreedheid van sy vader te ignoreer.

Ek wil beweer dat in terme van die uiteindelijke postkoloniale trauma van mans soos die verteller en sy vader in *Indische duinen* die opkoms van die Westerse manlikheidsideaal tussen 1450 en 1650 uiteindelik besonder problematies was. Die West-Europese heteroseksuele man as morele arbiter; vaderfiguur met 'n persoonlike verhouding tot God en as logiese, hardwerkende, rasionele wese met as taak die patriargale leierskap van diegene wat hy as 'vroulik', 'irrasioneel', 'emosioneel', 'onbeskaaf' en 'primitief' sien, is en was uiteindelik, ondanks vele aanpassings 'n uiters problematies figuur.

Menslik gesproke was die hele Westers-hegemoniese manlikheidsprojek 'n ramp vir sowel die koloniseerder as die gekoloniseerde. Nie net het dit die menswees van die ander (soos die vrou en die gekoloniseerde bevolking) ontken nie, maar ook die menslikheid van die man wat sy eie gevoelens en emosies moes onderdruk ter wille van hierdie hegemoniese projek waarin hy as 'n soort magtige Godsfiguur moes optree. Dit reflekteer egter nie die werklikheid van die man as mens nie. Om die patriargale manlikheidsrol te vervul, moes hy daardie gedeeltes in homself wat hom tot mens maak, leer verag sodat hy op sy beurt daardie veragting op die vrou en op die gekoloniseerde kon projekteer. In die woorde van Lynne Segal (1990: 28):

The father as God, God the father, may be one of our most powerful mythologies. Yet the father as man, man the father, is a still more mysterious creature. We can never escape the influence of our fathers and mothers – but there are few generalisations we can make about them. [...] In discussing their relation to these men, a complex picture of experiences and images of 'manhood' emerged: 'Even within one small consciousness-raising group of feminists, and even within the confines of our restricted understandings of our fathers, these blew open stereotypes of masculinities [...]. They just emerged as individuals, not just as "men"; struggling and resistant, vulnerable, trapped, enraged, isolated, cut-off.'

Op 'n bepaalde vlak kan *Indische duinen* dus gelees word as 'n aanklag teen dit wat die hele hegemoniese manlikheidsprojek aan die menslikheid van die man en aan menseverhoudings gedoen het. Dit gaan in *Indische duinen* nie bloot om die skade wat aangedoen is aan die verhouding tussen 'n vader en sy seun nie, ook nie net om die skade wat koloniale of militêre manlikheid aan mense en menseverhouding doen nie, maar ook oor die onverdraagsaamheid van die berekend-rasionele Nederlands-Calvinistiese manlikheid wat fatsoenlikheid en wins bo medemenslikheid stel.

In my studie het ek probeer aantoon dat 'n rigiede en sterk gevestigde narratiewe identiteit verbonde aan 'n bepaalde hegemoniese dominante fiksie uiters problematies kan wees. Historiese gebeurtenisse ondermyn dikwels 'n voorheen dominante fiksie en veroorsaak 'n soms traumatiese breuk tussen 'n persoon se persoonlike narratiewe identiteit en 'n nuwe opkomende dominante fiksie. Tog is dit moontlik om binne die gemeenskap waarin 'n mens leef en grootword, 'n narratiewe identiteit op te bou wat ruimte laat vir alternatiewe lewens- en wêreldbeskouinge. Die sleutel hiertoe is die vermoë om die dominante fiksies van verskillende gemeenskappe en die narratiewe identiteite van verskillende persone te relativeer deur hulle as onmisbare menslike konstruksies te sien en nie as permanente waarhede nie.

In hierdie verband wil ek kortliks kyk na die situasie in Geert Mak se *De eeuw van mijn vader* (1999). Alhoewel *De eeuw van mijn vader* 'n sosiale geskiedenis is, word daar op 'n soortgelyke wyse as in 'n roman soos *Indische duinen* 'n vertelde identiteit opgebou van 'n vader, 'n seun en 'n gesin. Al is dit dus nie 'n roman nie, gaan dit ook hier om 'n *vertelde* identiteit en word daar gewag gemaak van die botsings tussen verskillende vorme van vertelde identiteit. Geert Mak, die verteller in *De eeuw van mijn vader*, is ewe oud as die verteller in *Indische duinen* en is ook gebore nadat sy gesin na Nederland na die Tweede Wêreldoorlog gerepatrieer is. Geert Mak vertel ook die lewensverhaal van sy vader teen die agtergrond van die sosiale en politieke omstandighede in Nederland en Nederlands-Indië. Net soos Just 2 was Geert Mak se vader, Carinus Mak, tydens die Japanse besetting in 'n kamp waar die omstandighede soortgelyk was as dié waaraan Just 2 en sy kampgenote blootgestel is. Kyk 'n mens na die manier waarop Indiese oorlogs- en kampervaringe in *De eeuw van mijn vader* vertel word, word dit duidelik tot hoe 'n mate die reaksie van karakters op bepaalde gebeurtenisse, beïnvloed word deur die aard en aanpasbaarheid van hulle *vertelde*

waarheid, hulle persoonlike narratiewe identiteit. As gevolg van sy meer inklusiewe narratiewe identiteit kon Carinus Mak die oorlog in Nederlands-Indië, die Japanse kampe, die dwangarbeid, lyding en dood, die dekoloniserings van Oos-Indië en selfs die kommunisme op 'n meer genuanseerde manier interpreteer en ervaar. Ondanks die feit dat hy 'n gereformeerde predikant is, staan Carinus Mak redelik los van sowel die koloniale as die Nederlandse Calvinisties-hegemoniese manlikheid. Geert Mak se vertelling toon 'n gesin wat oopstaan vir alternatiewe standpunte en wat sowel “het nationalistiese *Friesch Dagblad*” as “de radikaal-linkse *Groene Amsterdammer*” (Mak, 1999: 379) lees. Verder word Carinus Mak uitgebeeld as 'n gereformeerde predikant wat voor sy krygsgevangenskap sowel die blanke Nederlands-koloniale bevolking as die *Indische* en *Inlandse* bewoners bedien het. Hierdeur kon hy die situasie in Nederlands-Indië op 'n veel omvattender manier vertel as Just 2 wie se narratiewe identiteit gevorm is deur 'n milieu en 'n familie wat vir generasies daar gewoon het sonder werklike persoonlike kontak met die plaaslike bevolking.

Ondanks sy belewenisse as predikant en krygsgevangene in Oos-Indië en sy ervaring van die dekoloniseringsproses, kon Carinus Mak as gevolg van die aard van sy persoonlike narratiewe identiteit hom losmaak van sowel die nuwe as die gewese en uitgediende dominante fiksie. Sy persoonlike narratiewe identiteit het ruimte gelaat vir die verhale van sowel die repatriante as die Indonesiërs. Sy vertelde identiteit was omvattend genoeg om nie bedreig te voel deur eksotiese Oosterse vroulikheid of die sosialistiese en kommunistiese gelykheidsleer nie. Carinus Mak word uitgebeeld as 'n persoon wie se persoonlike narratiewe identiteit gebou is op 'n intelligente medemenslikheid waardeur hy in staat is om, ten minste gedeeltelik, verby die verskille van lewenshouding en geloof te kyk. Hierdeur is hy beter in staat om die traumatiese gebeurtenisse, wat so 'n ontmaggigende invloed op Just 2 se lewe gehad het, te objektiveer.

Nie almal wat koloniale en oorlogsomstandighede ervaar, reageer dieselfde nie, oorlog, kolonialisme, kampervaringe en dekolonisasie laat letsels agter by almal wat dit deurmaak. Menslike identiteit en dominante fiksies is egter verhale wat mense en gemeenskappe oor hulleself en hulle lewens vertel. Juis omdat dit verhale is, kan alternatiewe maniere gevind word om dieselfde ervaringe te verwoord.



**Bronnelys:**

- Abeling, André. 1991. *Prisma handwoordenboek Nederlands*. Utrecht: Het Spectrum.
- Baay, Reggie & Peter van Zonneveld. (reds.). 1988. *Indisch-Nederlandse literatuur: dertien bijdragen voor Rob Nieuwenhuis*. Utrecht: HES-Uitgevers.
- Beekman, E.M. 1988. The Hidden Force. Introduction. In: Baay, Reggie & Peter van Zonneveld. (reds.). *Indisch-Nederlandse literatuur: dertien bijdragen voor Rob Nieuwenhuis*. Utrecht: HES-Uitgevers.
- Beekman, E.M. 1998. *Paradijzen van weleer. Koloniale literatuur uit Nederlands-Indië, 1600-1950*. Amsterdam: Prometheus.
- Bel, Jacqueline. 1988. Losbandigheid, geldzucht en goena-goena. De receptie van Indische romans in Nederland, aan het eind van de vorige eeuw. In: Baay, Reggie & Peter van Zonneveld. (reds.). *Indisch-Nederlandse literatuur: dertien bijdragen voor Rob Nieuwenhuis*. Utrecht: HES-Uitgevers.
- Burger, Willie. 2003. "Bolwerk teen tyd en vergetelheid": Karel Schoeman se outobiografiese aantekeninge. In: *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 10 (2) 159-171.
- Clancy-Smith, Julia & Frances Gouda. (eds.). 1998. *Domesticating the Empire. Race, Gender, and Family Life in French and Dutch Colonialism*. Charlottesville & London: University Press of Virginia
- Connell, R.W. 1995. *Masculinities*. Cambridge: Polity.
- Cooper, Frederick & Ann Laura Stoler. (eds.). 1997. *Tensions of Empire: Colonial Cultures in a Bourgeois World*. Berkeley, Los Angeles & London: University of California Press.
- Couperus, Louis. 1900. *De stille kracht*. Amsterdam: L.J.Veen's uitgeversmaatschappij. 5de druk – ongedateer.
- Couperus, Louis. 1906. *Van oude mensen, de dingen die voorbijgaan*. Amsterdam: L.J. Veen's uitgeversmaatschappij. 8ste druk – ongedateer.
- D'Haen, Theo. (red.). 2002. *Europa buitengaats: koloniale en postkoloniale literatuur in Europese talen*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- Dirks, Nicholas B. (ed.). 1992. *Colonialism and Culture*. Ann Arbor: University of Michigan Press.
- Dubbeld, Gijsbert Cornelis. 2002. *Gevallestudies oor Taalverskuiwing onder Nederlandse immigrante en hulle afstammeling in Suid-Afrika 1948-2000*. Ongepubliseerde navorsingsprojek. Durban: Universiteit van Natal.

- Faludi, Susan. 2000. *Stiffed. The Betrayal of the Modern Man*. London: Vintage.
- Freud, Sigmund. 1990 (1985). *The Origins of Religion: Totem and Taboo, Moses and Monotheism and other Works*. Penguin Freud Library, Volume 13. London: Penguin Books.
- Freud, Sigmund. 1991 (1977). *On Sexuality. Three Essays on the Theory of Sexuality and other Works*. Penguin Freud Library, Volume 7. London: Penguin Books.
- Gay, Peter. 1966. *Age of Enlightenment*. Amsterdam: Time-Life International.
- Goedegebuure, Jaap. 1994. Wajangspel in de kou. *HP/DeTijd*, 30 September.
- Gouda, Frances. 1998. Good Mothers, Medeas, or Jezebels: Feminine Imagery in Colonial and Anti-colonial Rhetoric in the Dutch East Indies, 1900 – 1942. In: Clancy-Smith, Julia and Frances Gouda. (eds.). *Domesticating the Empire. Race, Gender, and Family Life in French and Dutch Colonialism*. Charlottesville & London: University Press of Virginia, 236-254.
- In den Bosch, B.J. 1963: *De verschillende aspecten van aanpassing der Nederlandse Immigranten in Zuid-Afrika* Ongepubliceerde D.Phil verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria
- Jansma, Klaas en Meindert Schroor. 1991. *10.000 jaar geschiedenis der Nederlanden*. Lisse: Rebo Productions.
- Kaufman, Michael. (ed) 1987. *Beyond Patriarchy: Essays by Men on Pleasure. Power and Change*. Toronto & New York: Oxford University.
- Kaufman, Michael. 1987. The Construction of Masculinity and the Triad of Men's Violence. In: Kaufman, Michael. (ed). *Beyond Patriarchy: Essays by Men on Pleasure. Power and Change*. Toronto & New York: Oxford University, 1 – 29.
- <http://leerlingen.hetassink.nl/nederlands/leesdossier/indischeduinen.htm> 2003.
- Locher-Scholten, Elsbeth. 1995. Verwerking en koloniaal trauma – Balans van begrippen. In: *Bzzlletin* 25 No. 228, 3-9.
- Mak, Geert. 1999. *De eeuw van mijn vader*. Amsterdam/Antwerpen: Uitgeverij Atlas.
- McClintock, Anne. 1995. *Imperial Leather: Race, Gender, and Sexuality in the Colonial Contest*. New York: Routledge.
- Meijssing, Doeschka: 1994. De drift van de nasleep. In: *Elsevier* 1 Oktober.
- Minkman, Judith C. 2001. *Dossier: Adriaan van Dis*. Arnhem: Ellessy.

- Multatuli. 1970 (1860). *Max Havelaar of de Koffij-veilingen der nederlandsche Handelmaatschappij. Naar het authentieke handschrift uitgegeven en ingeleid door Dr. G. Stuiveling*. Amsterdam: G.A. van Oorschot.
- Nieuwenhuys, Rob. 1982. *Mirror of the Indies. A History of Dutch Colonial Literature*. Amherst: University of Massachusetts Press.  
(Vertaling deur Frans van Rosevelt van *Oost-Indische Spiegel*).
- Paasman, Bert. 2002. De Indisch-Nederlandse literatuur uit de VOC-tijd. In: D'Haen, Theo (red.) *Europa buitengaats: koloniale en postkoloniale literatuur in Europese talen*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker, 33-97.
- Pattynama, Pamela. 2003. Herinnerd Indië: Autobiografiese tekste van Indiese migrantenschrywers. In: *Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans* 10 (2): 270-286.
- Ricoeur, Paul. 1992. *Oneself as Another*, vertaal deur Kathleen Blamey. Chicago: Chicago University Press.
- Ricoeur, Paul. 1990. *Time and Narrative. Volume 3*. Chicago: University of Chicago Press.
- Righart, Hans. 1995. *De eindeloze jare zestig. Geschiedenis van een generatieconflict*. Amsterdam: De Arbeiderspers.
- Rotundo, E. Anthony. 1987. Patriarchs and Participants: A historical Perspective on Fatherhood in the United States In: Kaufman Michael ed. *Beyond Patriarchy*. Toronto & New York: Oxford University, 64-78.
- Rutherford, Jonathan. 1992. *Men's Silences: Predicaments in Masculinity*. London & New York: Routledge.
- Sars Paul. 1996. *Adriaan van Dis: De zandkastelen van je jeugd*. Nijmegen: SUN Kritik.
- Scruton, Roger. (ed.) 1996. *A Dictionary of Political Thought*. 2nd Edition. London: Macmillan.
- Segal, Lynne. 2000. Look Back in Anger: Men in the fifties. In: Tripp, Anna (ed.). *Gender*. Hampshire & New York: Palgrave.
- Segal, Lynne. 1990. *Slow Motion: Changing Masculinities, Changing Men*. London: Virago.
- Serise, Edy. 1995. Poekoel teroes. Indiese Nederlanders vijftig jaar na dato. In *BZZLLETIN* 24 (228) September: 53-64.
- Silverman, Kaja. 1992. *Male Subjectivity at the Margins*. New York & London: Routledge.

- Stoler, Ann Laura. 1995. *Race and the Education of Desire*. Durham & London: Duke University Press.
- Stoler, Ann Laura. 1992. Rethinking Colonial Categories: European Communities and the Boundaries of Rule. In: Dirks, Nicholas B. (ed.) *Colonialism and Culture*. Ann Arbor: University of Michigan Press, 319-352.
- Stoler, Ann Laura. 1997. Sexual Affronts and Racial Frontiers: European Identities and the Cultural Politics of Exclusion in Colonial Southeast Asia. In: Cooper, Frederick and Ann Laura Stoler (eds). *Tensions of Empire: Colonial Cultures in a Bourgeois World*. Berkeley, Los Angeles & London: University of California Press, 198 – 237.
- Termorshuizen, Gerard. 2002. 'Indië is ook in het litterarische eene melkkoe'. Indisch-Nederlandse letterkunde van de negentiende eeuw. In: D'Haen, Theo. (red.). *Europa buitengaats: koloniale en postkoloniale literatuur in Europese talen*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- Tripp, Anna. (ed.). 2000. *Gender*. Hampshire & New York: Palgrave.
- Van Dis, Adriaan. 2002. *De Indische boeken: Nathan Sid, Indische duinen, Op oorlogspad in Japan*. Amsterdam: Meulenhoff.
- Van Dis, Adriaan. 2002 (1994). *Indische duinen*. In: Van Dis, Adriaan. *De Indische boeken: Nathan Sid, Indische duinen, Op oorlogspad in Japan*. Amsterdam: Meulenhoff.
- Van Dis, Adriaan. 2002 (1983). *Nathan Sid*. In: Van Dis, Adriaan. *De Indische boeken: Nathan Sid, Indische duinen, Op oorlogspad in Japan*. Amsterdam: Meulenhoff.
- Van Hulle, Jooris. 1994. Van Dis' Familiegesciedenis. In: *Kreatief* 29 (1) 123-124.
- Van Zonneveld, Peter. 1995. *Album van Insulinde. Beknopte geschiedenis van de Indisch-Nederlandse literatuur*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Van Zonneveld, Peter. 2002. Indische literatuur van de twintigste eeuw. In: D'Haen, Theo. (red.). *Europa buitengaats: koloniale en postkoloniale literatuur in Europese talen*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker, 133-159.
- Van Zonneveld, Peter. 2003. 'Ik ben de schatbewaarder. Ik ben de fantast.' Gesprek met Adriaan van Dis. In: *Indische letteren*. Desember 2003, 206-220.
- Visagie, Andries. 2001. Fathers, Sons and the Political in Contemporary Afrikaans Fiction. In: *Stilet XIII* (2), 140 – 157.



## Notas:

<sup>i</sup> Die aanpassingsprobleme en konflikte van *Indische* immigrante in Nederland word toegelig in 2.1. op p.16 van hierdie studie. Sulke probleme en konflikte is wêreldwyd nie ongewoon nie. In 'n ongepubliseerde navorsingsprojek oor taalverskuiwing in Suid-Afrika (Dubveld. 2002: 13-14 en 119-133) stel ek vas dat die aanpassing van immigrante 'n komplekse proses is wat slegs gedeeltelik verband hou met ekonomiese voordeel. Aanvaarding deur die dominante groep en die suksesvolle assimilasië van 'n migrant hang tot 'n groot mate af van persoonlike, kulturele en sosiale faktore en waardes. Gedurende die vyftiger en sestigerjare was Nederlandse immigrante na Suid-Afrika slegs onder baie beperkte omstandighede in staat om hulle volkome met een van die twee blanke groepe (Afrikaans of Engels) te vereenselwig en het dit soms selfs by die tweede geslag probleme opgelewer. In den Bosch (1963: 96, 114, 116, 118) kom tot 'n soortgelyke gevolgtrekking.

<sup>ii</sup> Die Verligting, wat verkondig dat dit binne die vermoë van elke mens lê om deur 'n opvoeding in rede, logika en rasonele denke die hoogste vryheid vir homself en sy gemeenskap te bereik, impliseer 'n fundamentele afkeer van die oorheersing (insluitend koloniale oorheersing) van die een persoon deur die ander. Tog is daar volgens Peter Gay (1966: 60-61) 'n dilemma: aan die een kant die oortuiging dat alle mense tot rasonele denke en optrede in staat is, met as sleutel 'n rasonele opvoeding; aan die ander kant die werklikheid van halfgeletterde of ongeletterde, onopgevoede, bygelowige volksmassas wat, weens hulle irrasionele emosies, bygeloof en gebrek aan opvoeding nie tot rasonele optrede en besluitneming in staat is nie. Hiervolgens is dit dus nodig om voorlopig (?) die irrasionele massa, desnoods op geweldadige wyse, onder beheer te hou tot tyd en wyl hulle die nodige verligte opvoeding ontvang. Volgens my is 'n kernpunt van Said se *orientalism* juis die feit dat dit op hierdie manier moontlik word om Verligtingsidees te gebruik om kolonialisme, paternalisme en klasseonderskeid te verdedig en te handhaaf. Daar is inderdaad 'n uitgebreide akademiese debat hieroor waarop ek binne die bestek van hierdie studie nie verder kan ingaan nie.

<sup>iii</sup> Die Antroposofie wat Just 2 aanhang kom voort uit Rudolf Steiner se interpretasie van die Duitse *Aufklärung* (die Verligting). Die hoofkwartier van die Antroposofiese beweging, die *Goetheanum*, is dan ook vernoem na die Goethe, die vernaamste verteenwoordiger van die Duitse *Aufklärung*